

'n Analise van die regsraamwerk vir die regulering van die onwettige handel in kinderorgane in Suid-Afrika

A BOTHA
21838429

Skripsie voorgelê vir die *Magister Legum* in Vergelykende Kinderreg aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Me I Booyen

November 2014

VOORWOORD

Die voorbereiding van hierdie studie was 'n verrykende en leersame ervaring wat in 'n groot mate bygedra het tot my ontwikkeling as 'n regsgeleerde. Tesame met die deursettingsvermoë en genade verkry vanaf die Hemelse Vader, wil ek graag ook my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone vir die ondersteuning en leiding gedurende die suksesvolle voltooiing van hierdie studie:

- My ouers, Pat en André Botha, vir al hul ondersteuning en aanmoediging oor die jare. Dankie dat julle nooit in my vermoëns getwyfel het nie en my bygestaan het deur elke fase van my studies.
- My familie en vriende, vir bystand en woorde van wysheid wanneer ek dit die nodigste gehad het.
- My studieleier, mevrou Ilze Booyen vir al die geduld, leiding en kennis. Dankie vir die bemoedigende woorde van advies en die bystand in die voorbereiding van hierdie studie.
- Elkeen by die NWU (Potchefstroomkampus) se Fakulteit Regte vir hulle behulpsaamheid en advies asook bereidwilligheid om te help in die finalisering van hierdie studie.

OPSOMMING

In Suid-Afrika is die konsep van orgaanoorplanting nie 'n nuwe konsep nie en heelwat orgaanoorplantings word jaarliks uitgevoer. Die probleem wat egter ontstaan is dat daar tans 'n groot tekort is aan skenkingsorgane wat geskik is vir oorplanting en dit lei daartoe dat die aanvraag na organe groter as die aanbod is. Dit opsigself baan die weg vir onetiese en misdadige wyses vir die verkryging van organe. Een van die wyses waarop staatgemaak word vir die verkryging van organe is deur kinderhandel vir die uitsluitlike doel vir verwydering van organe. Alhoewel daar verskeie redes is waarom kinders ontvoer en gebruik word in kinderhandelpraktjke is, sal die verwydering van hul organe as hoofrede in die voorgestelde studie bespreek word.

Die *Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, especially Women and Children, Supplementing the United National Convention against Transnational Organised Crime* (2000) (hierna die protokol), wat deur Suid-Afrika onderteken en geratifiseer is, is die Internasionale instrument wat 'n verpligting op Suid-Afrika plaas om die probleem met betrekking tot mensehandel aan te spreek deur implementering van wetgewing. Tot onlangs was daar nie 'n wet wat spesifiek mensehandel gereguleer het nie. Deur die jare is verskeie wetsontwerpe voorgelê vir implementering in die nasionale wetgewende raamwerk. In 2013 is die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* inkorporeer in nasionale wetgewing om Suid-Afrika se internasionale en regionale verpligtinge aan te spreek. In hierdie studie word die internasionale, regionale en nasionale raamwerk met betrekking tot mensehandel uiteengesit en bespreek asook die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* om te bepaal tot watter mate dit beskerming bied aan slagoffers van mensehandelaktiwiteite.

Sleutelwoorde: Kinderhandel, orgaanoorplanting, mensehandel, kinderorgane, eksploitasie, kinderslagoffers, ontvoer, georganiseerde misdaad

ABSTRACT

The concept of organ transplantation is not a new concept in South Africa and many organ transplants are performed annually. However, the problem that arises is that there is currently a shortage of donor organs suitable for transplant and this leads to the demand for organs exceeding the supply thereof. This in itself opens the door for unethical and criminal ways of obtaining organs. One of the ways in which these organs are obtained is child trafficking for the sole purpose of removal of organs. Although there are several reasons why children are abducted and used in child trafficking practices, the removal of their organs is discussed as the main reason in this study.

The *Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, especially Women and Children, Supplementing the United National Convention against Transnational Organized Crime* (2000) (hereinafter the Protocol), which South Africa signed and ratified, is the international instrument which places an obligation on South Africa to address the issue relating to human trafficking by implementing legislation. Until recently there had been no legislation specifically regulating human trafficking. Through the years, several bills for implementation in the national legislative framework were proposed to parliament. In 2013, the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act was incorporated into national legislation to address South Africa's international and regional obligations. In this study, the international, regional and national framework concerning trafficking is outlined and discussed as well as the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act to determine to what extent they do provide protection to victims of human trafficking.

Key words: Child trafficking, organ transplant, human trafficking, child organs, child victim, abduct, exploitation, organised crime

Translated title: An analysis of the legal framework for the regulation of trafficking in child organs in South Africa

INHOUDSOPGAWE

Lys van Afkortings	1
1. Inleiding en probleemstelling	2
2. Wetgewende raamwerk en Suid-Afrika se internasionale verpligtinge	11
3. <i>Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013</i>	51
4. Gevolgtrekking	69
Bibliografie	73

LYS VAN AFKORTINGS

ACRWC	African Charter on the Rights and Welfare of the Child
ACHPR	African Charter on Human and Peoples' Rights
AU	African Union
ECPAT	End Child Prostitution, Child Pornography and Trafficking of Children for Sexual Purposes
ICESCR	International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights
ICCPR	International Covenant on Civil and Political Rights
ILO	International Labour Organization
IOM	International Organization for Migration
PER	Potchefstroom Elektroniese Regstydskrif
SADC	South African Development Community
SAHRC	South African Human Rights Commission
SALRC	South African Law Reform Commission
SAMJ	South African Medical Journal
SANDF	South African National Defence Force
SANTAC	Southern Africa regional Network against Trafficking and Abuse of Children
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SOCA	Sexual Offences and Community Affairs
UNCRC	United Nations Convention on the Rights of the Child
UNICEF	United Nations Children's Fund (voorheen United Nations International Children's Emergency Fund)
UNIFEM	United Nations Development Fund for Women
UNGIFT	United National Global Initiative to Fight Human Trafficking
UNODC	United Nations Office on Drugs and Crime
VN	Verenigde Nasies

1 Inleiding en probleemstelling

1.1 Inleiding

Orgaanoorplantings is nie 'n nuwe konsep nie. Talle skrywers het reeds bevind dat daar selfs so vroeg as in die Middeleeue sprake was van die moontlikheid om een persoon se liggaamlike tekortkominge te herstel met 'n ander persoon se liggaamsdele.¹ Alhoewel die konsep al talle jare bestaan, was die werklike handeling van 'n suksesvolle orgaanoorplanting eers moontlik in die negentiende eeu.² Vanaf hierdie tydstop is die moontlikheid om verskillende organe oor te plant deurlopend ondersoek en die prosesse en werksyuses verbeter. Dit het daartoe gelei dat meer mense die kans kon kry om 'n langer lewe te lei indien hulle die oorplantings kan ondergaan.³ Die probleem het egter ingekom by die verskaffing of aanbod van daardie organe. Die aanvraag na skenkingsorgane het gestyg namate die moontlikheid van suksesvolle en effektiewe orgaanoorplanting verhoog het oor die jare. In 2006 was daar ongeveer 3500 mense op die waglys vir organe in vergelyking met die 4300 wat tans op die waglys is in Suid-Afrika.⁴

-
- 1 Howard, Cornell en Cochran 2012 *Progress in Transplantation* 6-7. Ander skrywers glo self vroeër as in die middeleeue. Hierdie drie skrywers bespreek die moontlikheid van die konsep van orgaanoorplanting wat reeds bestaan het ongeveer 3000 jaar v.C. Sien ook: Durst 1997 <https://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Judaism/OrganOverview.pdf>; Public Broadcasting Service Datum Onbekend <http://www.pbs.org/wgbh/aso/databank/entries/dm54ki.html>; Musculoskeletal Transplant Foundation Datum Onbekend http://www.mtf.org/news_history_of_transplantation.html. Liggaamsdele in hierdie konteks beteken enige orgaan (sagte of harde weefsel), beenmurg, vel, ledemate en alle ander liggaamsdele wat geskik is vir oorplanting.
 - 2 Simpson 2012 <http://m.news24.com/health24/Medical/Heart/Heart-transplants/A-history-of-transplants-20120721>. Die eerste suksesvolle hartoorplanting het in 1967 in die Groote Schuur hospital in Kaapstad plaasgevind. Dit is ook bevestig in Cape Gateway 2010 <http://www.westerncape.gov.za/general-publication/chris-barnard-performs-worlds-first-heart-transplant>. Howard, Cornell en Cochran 2012 *Progress in Transplantation* 7 bevind dat die eerste suksesvolle nieroorplanting in 1954 plaasgevind het. Dr Joseph Murray het hierdie nieroorplanting gedoen tussen twee identiese tweelingbroers in die Peter Bent Brigham Hospitaal in Boston.
 - 3 Nelson Mandela Metropolitan University Datum onbekend <http://campushealth.nmmu.ac.za/Health-information/Organ-donation> Ongeveer vyf dekades gelede was die eerste suksesvolle nieroorplanting en die eerste suksesvolle hartoorplanting het amper 20 jaar later plaasgevind. Die mediese tegnologie het van daardie datums af so verbeter dat daar in hedendaagse tye daaglik 57 persone 'n orgaan of liggaamsweefseloorplanting suksesvol ondergaan.
 - 4 Organ Donor Foundation 2013 <https://www.odf.org.za/2013-06-11-09-17-45/statistics.html> Sien ook Slabbert 2008 *Koers* 77. Daar is in 2006 in Suid-Afrika 829 oorplantings gedoen en in 2012 slegs 573. Hierdie sluit in soliede organe asook korneas.

Dit is egter 'n realiteit dat die aanvraag na organe groter geword het as die aanbod.⁵ Dit het vervolgens daartoe gelei dat daar 'n tekort is aan organe geskik vir oorplanting in Suid-Afrika.⁶ As gevolg van hierdie tekort het onwettige handel in organe en veral kinderorgane oor die jare toegeneem in Suid-Afrika.⁷ Dit opsigself baan die weg vir alternatiewe, onetiese en misdadige wyses vir die verkryging van hierdie organe. Hier word meer spesifiek verwys na die handeldryf in kinders vir die uitsluitlike doel van verwydering van hul organe.

Daar word geskat dat daar met ongeveer 1.2 miljoen kinders gehandel word vir alle vorme van eksploitasie insluitend orgaanverwydering, beide internasionaal en oor grense heen in die binneland, elke jaar.⁸ Dit moet genoem word dat kinderhandel nie slegs internasionaal van een kontinent na 'n ander plaasvind nie, maar ook van een land na 'n ander. Dit is ook moeilik om presiese statistieke te kry oor hoeveel kinderhandel gevalle daar is en hoeveel misdade vir die uitsluitlike doel van orgaanoorplantings gepleeg word.⁹ Sake rakende kinders is baie sensitief en dit word nie in die media gerapporteer nie.¹⁰ Kinderhandel is ook 'n "besigheid" wat moeilik oopgevelek word omdat die slagoffers gewoonlik nie hulle eksploitasie aan die nodige instansies rapporteer nie vir die vrees vir hul eie lewens.

Die vraag ontstaan dus wat die regsraamwerk is waarbinne onwettige handel in kinderorgane in Suid-Afrika gereguleer word en tot watter mate dit beskerming bied aan kinders. Dit is moeilik om die probleem ten volle te verstaan met die

5 Slabbert 2008 *Koers* 75. Die probleem dat die aanvraag van organe grootter geword het as die aanbod is nie net 'n probleem in Suid-Afrika nie maar 'n globale probleem.

6 Organ Donor Foundation 2013 <http://www.odf.org.za/2013-06-11-09-17-45/statistics.html>
Volgens hierdie bron is daar tans 4300 volwassenes en kinders op die amptelike waglys vir organ- en kornea- oorplantings. Nelson Mandela Metropolitan University Datum onbekend <http://campushealth.nmmu.ac.za/Health-information/Organ-donation> bevind dat daar elke 16 minute nog 'n persoon op die waglys vir 'n orgaanoorplanting gevoeg word. Slabbert 2008 *Koers* 77. Hierin is bevind dat daar nie 'n nasionale waglys is vir pasiënte wat wag vir 'n orgaan in Suid Afrika nie, die getalle is slegs geskatte getalle deur die Organ Donor Foundation.

7 Watson *Organised Crime of Organ Trafficking* 12.

8 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 36. UNICEF 2012
http://www.unicef.org/protection/57929_58005.html

9 Hamman 2011
http://www.mediamonitoringafrika.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/

10 Hamman 2011
http://www.mediamonitoringafrika.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/

ingewikkelde mediese en regsterme wat gekoppel word aan die onwettige handel in kinderorgane. Daarom sal daar vervolgens die belangrikste terme se definisies bespreek word om die probleem in konteks te plaas.

1.2 Definisies

Terme soos byvoorbeeld mensehandel, kinderhandel en georganiseerde misdaad is van die aspekte wat vervolgens bespreek sal word. Hierdie definisies is deurgaans belangrik in hierdie studie.

Eerstens is dit belangrik om te verstaan wat die term mensehandel beteken. 'n Begrip van die betekenis hiervan baan die weg vir die verstaan van die betekenis van kinderhandel. Die *Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, especially Woman and Children, Supplementing the United National Convention against Transnational Organised Crime*¹¹ is die belangrikste internasionale instrument vir die bestryding van mensehandel en bestempel mensehandel as 'n oortreding.¹² Dit definieer mensehandel as:¹³

The recruitment, transportation, transfer, harbouring or receipt of persons, by means of the threat or use of force or other forms of coercion, of abduction, of fraud, of deception, of the abuse of power or of a position of vulnerability or of the giving or receiving of payments or benefits to achieve the consent of a person having control over another person, for the purpose of exploitation. Exploitation shall include, at a minimum, the exploitation of the prostitution of others or other forms of sexual exploitation, forced labour or services, slavery or practices similar to slavery, servitude or the removal of organs

11 *Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, especially Woman and Children, Supplementing the United National Convention against Transnational Organised Crime* (2000), (hierna verwys as die Palermo Protokol). Die Palermo Protokol het in werking getree op 25 Desember 2003 waarna Suid-Afrika dit onderteken het op 14 Desember 2000 en die Palermo Protokol geratifiseer het op 20 Februarie 2004. Die hoofkonvensie is die *United Nations Convention against Transnational Organised Crime* (in werking getree 29 September 2003), (hierna verwys as die *Convention against Transnational Organised Crime*). Suid-Afrika het die *Convention against Transnational Organised Crime* (2000) op 14 Desember 2000 geteken en daarna geratifiseer op 20 Februarie 2004.

12 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 36.

13 Art 3(a) van die Palermo Protokol. Kyk ook Art 2 van die Palermo Protokol wat bepaal dat die doel van die protokol is om te mensehandel te voorkom en bestry, deur spesifiek aandag te gee aan vroue en kinders, om die slagoffers van mensehandel te help en beskerm met inagneming van hulle menseregte en om samewerking tussen state te bewerkstellig om sodoende hierdie doelwitte te bereik.

Uit die bogenoemde definisie blyk dit duidelik dat daar drie aparte elemente betrokke is wat nagekom moet word ten einde mensehandel daar te stel. Die eerste element wat vereis word is 'n bepaalde handeling. Dit word beskryf in die eerste deel van die definisie en behels die werwing, vervoer, verskuiwing, huisvesting of ontvang van persone. Die tweede element is die wyse hoe die handeling uitgevoer word. Dit verwys byvoorbeeld na die gebruik van dreigemente en geweld of ander vorme van dwang, abduksie (ontvoering), misbruik van posisie van kwesbaarheid of belofte van voordele of betaling om toestemming vir 'n ander se beheer oor hom of haar te verkry. Die derde element behels die doel van die handeling en dit is uitsluitlik vir eksploitasie. Eksploitasie kan verskeie vorme aanneem soos in die definisie hierbo uiteengesit.

Die verdere subartikels wat deel vorm van artikel 3 bepaal verder dat indien aan die elemente hierbo voldoen is en daar dus mensehandel teenwoordig is, sal die toestemming, al dan nie, van die slagoffer irrelevant wees.¹⁴ Verder word die definisie van kinderhandel ook in artikel 3 uiteengesit.¹⁵ Dit is belangrik om te weet dat die vereistes vir kinderhandel nie so wyd soos dié van mensehandel is nie en vereis slegs dat die handelingselement en doel van die handeling teenwoordig hoef te wees.¹⁶ Die wyse hoe die handeling uitgevoer word is dus van geen belang om te bepaal of kinderhandel teenwoordig is, al dan nie. Vir doeleindes van die Palermo Protokol is 'n kind 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.¹⁷

Alhoewel daar verskeie redes is waarom kinders ontvoer en gebruik word in kinderhandelpraktjke, sal die verwydering van hul organe as hoofrede in hierdie studie bespreek word. Dit is dus ook belangrik om die konsep 'verwydering van organe' te bespreek. Verwydering van organe kan gedefinieer word as die terapeutiese vervanging van 'n orgaan of enige ander liggaamlike weefsel wat onomkeerbaar misluk het om behoorlik te funksioneer met 'n ander gesonde orgaan of liggaamlike weefsel wat op 'n behoorlike wyse funksioneer.¹⁸ Die orgaan of liggaamlike weefsel van beide 'n kadawer of lewende persoon kan verwyder word vir

14 Art 3(b) van die Palermo Protokol.

15 Art 3(c) van die Palermo Protokol.

16 Art 3(c) van die Palermo Protokol.

17 Art 3(d) van die Palermo Protokol.

18 Watson *Organised Crime of Organ Trafficking* 32.

doeleindes van oorplanting in die ontvanger.¹⁹ Die bepaalde organe wat vanuit die liggaam van die skenker verwyder kan word is enige deel van die liggaam wat 'n wesenlike funksie verrig (lewensorgane) byvoorbeeld 'n nier, die hart, long, lewer en pankreas asook 'n kornea vanaf die oog.²⁰ Nie slegs organe nie maar ook liggaamlike weefsels kan oorgeplant word.²¹ Die Palermo Protokol lys egter slegs die verwydering van organe as 'n vorm van eksploitasie.²² Dit was 'n duidelike oorsigfout deur die wetgewer om nie ook liggaamlike weefsel as 'n vorm van eksploitasie te lys nie, maar hierdie probleem kan vermy word aangesien die lys van wyses van eksploitasie nie 'n geslote lys is nie, en dus die verwydering van ander liggaamsdele ook kan insluit.²³

Dit is ook belangrik om te weet dat Suid-Afrika op 'n vrywillige skenker-stelsel werk wat beteken dat skenkers vrywillig aanteken om orgaanskenkers te wees.²⁴ Indien 'n persoon besluit om 'n skenker te wees mag daardie persoon geen betaling ontvang vir die organe wat geskenk word of omdat hy of sy aanteken as 'n skenker nie.²⁵ Volgens die *World Health Organization* beteken handel in organe die onwettige verwydering daarvan vir kommersiële transaksies.²⁶

Die definisies met betrekking tot die verwydering van organe asook onwettige handel daarmee is hierbo bespreek. Vervolgens is dit ook belangrik om te weet dat alhoewel daar wel individue is wat onwettig handel dryf met kinderorgane, dit meer dikwels

19 Art 56 en 62(1) van die *Nasionale Gesondheidswet* 61 van 2003.

20 Watson *Organised Crime of Organ Trafficking* 33. Art 1 van *Nasionale Gesondheidswet*, die definisie van 'n orgaan: "Organ means any part of the human body adapted by its structure to perform any particular vital function, including the eye and its accessories, but does not include skin and appendages, flesh, bone, bone marrow, body fluid, blood or a gamete". Let daarop dat hare, naels, sperma, eierselle en ander bederfbare liggaamsdele nie deel vorm van die term *orgaan* nie.

21 Watson *Organised Crime of Organ Trafficking* 33. Kyk ook art 1 van die *Nasionale Gesondheidswet*. Liggaamsweefsels is byvoorbeeld vlees, bene, beenmurg, 'n klier, organe, vel, gamete (selle) en liggaamsvloei-stowwe (uitgesluit bloed).

22 Kruger en Oosthuizen 2011 *Child Abuse Research: A South African Journal* 52.

23 Kruger en Oosthuizen 2011 *Child Abuse Research: A South African Journal* 52. Ander liggaamsdele byvoorbeeld liggaamsweefsel soos hierbo gelys.

24 Slabbert 2008 *Koers* 77-79.

25 Organ Donor Foundation 2013 <http://www.odf.org.za/2013-06-11-09-17-45/faq.html> Hier is bevestig dat "trading in organs and tissue is illegal". Kyk ook art 60 van die *Nasionale Gesondheidswet*.

26 World Health Organization 2003 http://www.who.int/transplantation/en/Madrid_Report.pdf Dit beteken dan ook dat daar onwettig gehandel word met organe as die persone betaling vir die organe wat hulle skenk ontvang.

deur groepe persone beplan en uitgevoer word.²⁷ Daar is gewoonlik verskillende persone betrokke soos mediese praktisyns, persone wat die skenkers opspoor, persone wat die skenkers vervoer en huisves, die ontvanger wat die middelman of die persoon wat die hele proses beplan en reël betaal en natuurlik die skenker en later slagoffer. Organe word verwyder volgens ooreenkoms deur die partye, dikwels met die belofte van betaling of oorreding dat die skenking 'n lewe kan red. So word die skenker oorreed om beheer oor te gee van sy liggaam en dat dit 'n goeie besluit vir hom- of haarself is of selfs vir 'n onbekende ontvanger. Die realiteit is egter dat kinderhandel plaasvind met die doel dat die organe verwyder word en teen 'n baie hoë prys aan die ontvanger verkoop word. Die skenker word dan somtyds 'n geringe vergoeding betaal in ruil vir sy of haar stilswye.²⁸

Dit is om die bogenoemde redes dat kinderhandel vir die doel om organe te verwyder 'n vorm van georganiseerde misdaad is.²⁹ Die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad*³⁰ versuim egter om die term georganiseerde misdaad te definieer. Dit maak dit dan problematies om kinderhandel hieronder te laat ressorteer sonder die nodige definisie om die elemente of vereistes daar te stel. Hierdie konsep is egter deur verskeie skrywers gedefinieer om gehoor te gee aan die problematiek van die wetgewing.

As inleiding tot die verstaan van die konsep kan die volgende gesê word oor georganiseerde misdaad:³¹

What is organized crime without organizing some kind of criminal trade; without selling and buying of forbidden goods and services in an organizational context? The answer is simple nothing.

Burchell³² definieer georganiseerde misdaad deur beskrywende woorde en sleutelkenmerke van hierdie misdaad saam te voeg.³³

27 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 119. Hierin word bevestig dat Suid-Afrika nie net met gevalle van georganiseerde groepe gekonfronteer word nie maar ook individue byvoorbeeld ouers wat hulle kinders verkoop in die hoop dat hulle kinders 'n beter lewe sal lei, maar dan word die kinders in realiteit misbruik.

28 Slabbert 2008 *Koers* 82.

29 Slabbert en Oosthuizen *Obiter* 745.

30 *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad* 121 van 1998.

31 Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 23.

The presence of a structured group or enterprise, continuity (or ongoing nature) of the group, systematic criminal activity, and the pursuit of a common criminal goal.

Die bogenoemde definisie fokus meer op die beskrywing van die tipe of groep mense wat teenwoordig moet wees alvorens dit kwalifiseer as georganiseerde misdaad, as die handeling wat die groep moet verrig om sodoende georganiseerde misdaad te pleeg.

Leong³⁴ bespreek die feit dat daar onsekerheid is oor waarop die fokus eintlik moet val as georganiseerde misdaad gedefinieer word. Daar word dan aangevoer dat georganiseerde misdaad kan verwys na 'n spesifieke handeling aan die een kant en aan die ander kant na die groep persone self.³⁵ As daar gesê word dat dit na 'n handeling verwys dan kan dit verskeie kriminele oortredings insluit, byvoorbeeld dobbelary, prostitusie, dwelmhandel en afpersing.³⁶

Wanneer daar verwys word na 'n spesifieke groep persone, kan dit byvoorbeeld die "mafia" of geheime gemeenskape of groepe insluit.³⁷ Leong sê verder dat 'n geldige en wettige besigheid infiltrateer word deur georganiseerde misdaad.³⁸ Dit is dus vir hierdie skrywer belangrik dat daar na die handelinge en groepe persone as elemente van die definisie van georganiseerde misdaad verwys word.³⁹

Verder definieer Goredema⁴⁰ georganiseerde misdaad as:

Systematic criminal activity of a serious nature committed by a structured group of individuals or a corporate body in order to obtain, secure or retain, directly or indirectly, a financial or other material benefit.

32 Burchell *Principles of Criminal Law*.

33 Burchell *Principles of Criminal Law* 974-975.

34 Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 19.

35 Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 19.

36 Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 19.

37 Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 19. Die verdere vrae wat die skrywer opper is of die term 'georganiseerd' beteken dat die daad goed beplan moet wees of moet dit 'n organisasie wees wat die misdaad pleeg. En as dit wel na 'n groep persone verwys, hoe groot moet die groep eintlik wees? Dié vrae is tipiese vrae wat opduik wanneer daar 'n term bestaan wat 'n oortreding daarstel maar die term word nie gedefinieer nie.

38 Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 19.

39 Slabbert 2008 *Koers* 85. Kyk ook Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control* 19.

40 Goredema (ed) *Organised Crime in South Africa* (Institute for Security Studies Pretoria 2001).

Daar word ook gesê dat hierdie definisie wyd genoeg is om ook deelname in 'n georganiseerde misdaadgroep, ernstige ekonomiese misdrywe, gewelddadige misdrywe, korrupsie, geldwassery, dwelmbesit en –handel, mensehandel, stropery, smokkelary en dwarsboming van die gereg in te sluit.⁴¹

Watson⁴² verwys na georganiseerde misdaad in 'n baie wyer sin en verwys meer na die probleem wat aanleiding hiertoe gee.⁴³

It is once again clear that organised crime seeks to provide illegally to needy society all material goods and services that such a society cannot get hold of in any legal manner.

Voordat daar 'n definisie geformuleer kan word van 'n georganiseerde misdaad moet die definisie van 'n georganiseerde kriminele groep ook bepreek word. Volgens die *Convention against Transnational Organised Crime* verwys dit na 'n gestruktureerde groep persone van drie of meer wat alreeds 'n tydlang bestaan en wat handel met die doel om een of meer ernstige misdade of oortredings te pleeg om sodoende, direk of indirek, 'n finansiële of ander materiële voordeel te verkry.⁴⁴

Uit die bogenoemde kan daar gesê word dat georganiseerde misdaad 'n groep persone of organisasie van persone behels wat saamwerk in die nastrewing van 'n algemene kriminele doel en uitsluitlik vir finansiële of ander materiële gewin. Die aantal persone wat betrokke moet wees by hierdie 'organisasie of groep' is drie of meer persone, soos dit uit die definisie hierbo blyk. As daar gekyk word na die handeling word daar slegs vereis dat dit 'n onwettige handeling (misdad of wetlike oortreding) moet wees byvoorbeeld kinderhandel. Die hoofdoel van georganiseerde misdaad is gewoonlik ekonomiese noodsaaklikheid.⁴⁵

Die ongerapporteerde beslissing van *State v Netcare Kwa-Zulu Natal (Pty) Ltd*⁴⁶ dien as 'n voorbeeld van die omvang van onwettige handel in organe in 'n

41 Goredema (ed) *Organised Crime in South Africa* (Institute for Security Studies Pretoria 2001).

42 Watson *Organised Crime of Organ Trafficking* 33.

43 Watson *Organised Crime of Organ Trafficking* 33.

44 Art 2 van *Convention against Transnational Organised Crime*.

45 Goredema (ed) *Organised Crime in South Africa* (Institute for Security Studies Pretoria 2001).

46 *State v Netcare Kwa-Zulu Natal (Pty) Ltd* saaknommer 41/1804/2010 (KZN) (ongerapporteerde beslissing)(hierna die *Netcare*-saak)

georganiseerde misdaad opset. Die feite van hierdie saak behels dat die Netcare Kwa-Zulu (Pty) Ltd groep 'n pleitooreenkoms aangegaan het nadat daar 'n onwettige nieroorplantingsoperasie oopgevelek is.⁴⁷ Daar is tussen 2001 en 2003 nieroorplantings gedoen vanaf skenkers vanaf Romenië en Brazilië (waarvan sommige skenkers minderjariges was) wat bereid was om hulle organe te verkoop aan persone vanaf Israel wat na Suid-Afrika gebring is vir die oorplantings.⁴⁸ Daar was verskeie persone betrokke by hierdie saak, onder andere dokters, administratiewe koördineerders, die tolk, die nierspesialis (uroloog) en selfs die persoon wat die skenkers gewerf het.⁴⁹ Daar is in hierdie saak aanvaar dat die handel in organe deel was van 'n georganiseerde misdaad.⁵⁰ Die groep in hierdie geval het op 'n goed beplande wyse gehandel en alhoewel dit net uit korttermyn vennootskappe bestaan het, het dit steeds aan die kenmerke van 'n kriminele organisasie voldoen.⁵¹

Die saak dien dus as 'n grondslag waarmee die ingewikkelde konsep van kinderhandel as 'n vorm van georganiseerde misdaad verduidelik kan word. Hierdie saak is egter beslis in terme van 'n pleitooreenkoms en elke aspek van die saak is nooit in diepte bespreek nie. Die hof kon dus nie die kans kry om sekere definisies uit te klaar of aspekte rakende kinderhandel te bespreek nie. Die toepaslike regsraamwerk betreffende onwettige handel in organe is ook nie uiteengesit nie. Dit is daarom belangrik dat die regsraamwerk in hierdie studie uiteengesit word om die toepaslike wetgewing met betrekking tot onwettige handel in kinderorgane te identifiseer asook enige tekortkominge. Instrumente wat deel vorm van hierdie raamwerk en in die volgende hoofstukke bespreek sal word is onder andere die *Convention on the Rights of the Child*,⁵² die *African Charter on the Rights and*

47 Slabbert en Oosthuizen *Obiter* 740.

48 Slabbert en Oosthuizen *Obiter* 740-741. Die oorplantings is gedoen in die St. Augustine Privaathospitaal en die hospitaal is aangekla van die misdaad van onwettige handel in organe tesame met die Netcare (Pty) Ltd maatskappy, die maatskappy se hoof uitvoerende beampte en agt ander persone wat insluit vier orgaanoorplantingsdokters, 'n uroloog, twee orgaanoorplantings administratiewe koördineerders en 'n tolk. Die hospitaal is die eerste in die wêreld wat skuldig bevind is op aanklagte van handel in menslike organe.

49 Slabbert en Oosthuizen *Obiter* 740-741.

50 Slabbert en Oosthuizen *Obiter* 745.

51 Slabbert en Oosthuizen *Obiter* 745.

52 *United Nations Convention on the Rights of the Child* (1989); (hierna die CRC). Suid-Afrika het hierdie konvensie onderteken op 29 Januarie 1993 en geratifiseer op 16 Junie 1995.

Welfare of the Child,⁵³ die Palermo Protokol, die *Children's Act*⁵⁴ en die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*.⁵⁵

Ingevolge die internasionale en nasionale instrumente het Suid-Afrika 'n verpligting om wetgewing daar te stel om die probleem van onwettige handel in kinderorgane aan te spreek aangesien die instrumente geteken en geratifiseer is deur Suid-Afrika.⁵⁶ In antwoord op die internasionale verpligtinge daarin vervat het Suid-Afrika 'n wet, naamlik die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act*, geskryf wat eers onlangs, na talle jare waartydens dit hangende was, aanvaar is en deur die President onderteken is.⁵⁷

Teen die agtergrond van die bogenoemde uiteensetting sal die raamwerk wat onwettige handel in kinderorgane in Suid-Afrika reguleer bespreek word. In die lig van Suid-Afrika se internasionale en nasionale verpligtinge om wetgewing daar te stel, sal die wet wat hierbo genoem is ook bespreek word om te bepaal of daar aan hierdie verpligting voldoen word. In hierdie studie sal daar ook ondersoek ingestel word om te bepaal of daar voldoende beskerming aan kinders verleen word teen onwettige handel in kinderorgane.

2 Wetgewende raamwerk en Suid Afrika se internasionale verpligtinge

Wanneer daar verwys word na die wetgewende raamwerk betreffende kinderhandel vir die doeleindes om organe te verwyder, word daar nie slegs van die Suid-Afrikaanse wetgewing gepraat nie maar ook die internasionale en regionale instrumente van toepassing op die probleem. Die internasionale, regionale en Suid-

53 *African Charter on the Rights and Welfare of the child* (1990); (hierna ACRWC). Suid-Afrika het hierdie instrument onderteken 10 Oktober 1997 en geratifiseer op 7 Januarie 2000.

54 *Children's Act* 38 van 2005 (hierna Kinderwet)

55 Die *Grondwet van die Republiek van Suid Afrika*, 1996 (hierna Grondwet)

56 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 40. Kyk ook die volgende: Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 283; Slabbert 2008 *Koers* 87. Hierin bevestig die skrywer dat art 5 van die Palermo Protokol vereis dat die lande wat dit geteken het, moet wetgewende en ander maatreëls aanvaar om die oortredings daarin af te dwing in die betrokke land.

57 The Presidency 2013

<http://www.info.gov.za/speech/DynamicAction?pageid=461&sid=38366&tid=114758>. In die teks is daar verwys na die President en dit beteken die President van Suid-Afrika, mnr. Jacob Zuma. Die President het die wetsontwerp onderteken op 29 July 2013 en die wet is in werking onder die volgende verwysing: *The Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* 7 van 2013.

Afrikaanse regsraamwerk sal dus vervolgens uiteengesit en bespreek word asook aanbevelings vir verbetering van die mate van beskerming wat dit aan kinderslagoffers bied.

2.1 Suid-Afrika se internasionale verpligtinge

Voordat die instrumente bespreek word is dit van belang om te weet waarom daar na internasionale instrumente verwys word. Eerstens word daar in Suid-Afrika verwys na internasionale en regionale instrumente as gevolg van die Grondwet. Daar word hierin gestel dat wanneer die regte in die Handves van Regte interpreteer word deur 'n hof, tribunaal of forum, die internasionale reg in ag geneem moet word.⁵⁸ Dit plaas geen verpligting op hoewe om die internasionale en regionale instrumente toe te pas nie, want dit hoef bloot in ag geneem te word.⁵⁹ Dit is belangrik dat die hoewe beide internasionale en regionale instrumente in ag neem veral by sake waar kinderregte en die beste belang van die kind hanteer word.⁶⁰ Dit is egter nie die enigste bepaling met betrekking tot Suid-Afrika se verpligting om hierdie instrumente te gebruik nie.

Tweedens, tesame met artikel 39 van die Grondwet, moet artikel 231(4) ook in ag geneem word. Hierdie artikel bepaal dat wanneer Suid-Afrika internasionale instrumente onderteken en ratifiseer, dit die land bind, maar dit word slegs wet of reg en afdwingbare beginsels in daardie land wanneer dit in nasionale wetgewing vervat word.⁶¹ Aangesien Suid-Afrika die internasionale en regionale dokumente wat vervolgens bespreek sal word, onderteken en geratifiseer het, is Suid-Afrika dus verplig om die beginsels daarin vervat in nasionale wetgewing te omskep. Dit wil sê dat Suid-Afrika dus kinderhandel beginsels in nasionale wetgewing moet omskep sodat dit afdwing kan word op 'n nasionale vlak. Dit is egter steeds moontlik dat

58 Art 39(1)(b) van die Grondwet. Die Handves van Regte bevat alle menseregte van die land en kom voor in hoofstuk 2 van die Grondwet.

59 *S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (KH) 39.

60 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 12.

61 Art 231(4) van die Grondwet. Sien ook *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 13.

die instrumente oordedende krag sal hê in sake waar nasionale wetgewing interpreteer moet word.⁶²

2.2 *Internasionale Instrumente*

2.2.1 *The United Nations Convention on the Rights of the Child*

Hierdie konvensie is spesifiek daargestel om die algemene bepalings en standarde vir alle lidlande uiteen te sit in state se strewende daarna om die regte van kinders te realiseer en te bevorder. Deur hierdie instrument te onderteken en ratifiseer, is Suid-Afrika gebind om kinderregte te beskerm en te bevorder en Suid-Afrika word ook verantwoordbaar gehou daarvoor.⁶³ Die relevante bepalings in die wet met betrekking tot kinderhandel en die beskerming van kinders daarteen sal vervolgens bespreek word.

Daar word eerstens bepaal wat daar onder die term “kind” verstaan word. Dit is enige mens onder die ouderdom van 18 jaar, tensy die kind meerderjarige ouderdom vroeër bekom deur wetgewing.⁶⁴ Verder word daar bepaal dat die beste belang van die kind ’n primêre oorweging is in alle gevalle rakende die kind.⁶⁵

Artikel 6 van die konvensie verwys spesifiek na die kind se inherente reg op lewe asook die verpligting wat op die staat rus om oorlewing en ontwikkeling van ’n kind, tesame met die eersgenoemde reg, te beskerm.⁶⁶ As gevolg van hierdie regte, rus daar ’n verpligting op die staat om effektiewe wetgewende en ander maatreëls te

62 *Horn South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 14.

63 *Horn South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 22. Suid-Afrika moet die status van Suid-Afrikaanse kinders monitor, bevorder, beskerm en daaroor raporteer is verslae aan die VN.

64 Art 1 van die CRC. Die bepaling klink dalk dubbelsinnig omdat dit ’n ouderdom daarstel maar tog voorsiening maak vir ’n ander ouderdom ook maar dit is slegs ’n “oop” bepaling wat dit moontlik maak vir state om ’n vroeër of ouer ouderdom daar te stel waarvolgens ’n kind geklassifiseer kan word in nasionale wetgewing.

65 Art 3(1) van die CRC : “*In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interests of the child shall be a primary consideration.*” Die beste belang van die kind is ’n baie belangrike beginsel en word deurgaans in Suid-Afrikaanse wetgewing en Internasionale Instrumente gebruik as die norm waarmee daar omgegaan moet word wanneer kinders ter sprake kom.

66 Art 6 van die CRC. Art 6(1) verwys na ’n kind se reg op lewe en art 6(2) na die staat se verpligting op die kind se oorlewing en ontwikkeling te beskerm sover moontlik.

neem om te voorkom dat kinders verdwyn en kinderhandel plaasvind.⁶⁷ Wanneer hierdie gebeure wel plaasvind, word die kind beroof van 'n normale kinderontwikkeling as gevolg van die mishandeling deur die persone gepleeg vir die doel om met hulle organe te handel.⁶⁸ Die mishandeling lei dikwels tot die kind se dood wat weer op sy beurt lei tot die ontneming van die kind se reg op oorlewing.

Nog 'n bepaling wat aan hierdie artikel gekoppel is, is die staat se verpligting om kinders te beskerm teen onder andere fisieke en geestelike geweld, mishandeling en eksploitasie.⁶⁹ Kinderhandel vir doeleindes van orgaanverwydering is 'n vorm van eksploitasie en kinders moet daarteen beskerm word. Nie net moet kinders teen nadelige handeling beskerm word nie, maar die staat moet ook wetgewende en ander maatreëls daarstel om die slagoffers van kinderhandel by te staan in die rehabilitering en reïntegrasie proses.⁷⁰

In die konvensie word daar ook bepaal dat elke lidland die toepaslike nasionale, bilaterale en multilaterale maatreëls moet neem om ontvoering, verkoop van kinders of kinderhandel vir enige doel te voorkom.⁷¹ Die probleem met hierdie bepaling is egter dat daar spesifiek verwys word na kinderhandel maar die konvensie verwys nie na die betekenis van die term kinderhandel nie of watter vereistes nagekom moet word vir kinderhandel om teenwoordig te wees nie. Horn⁷² glo die artikel dien dus slegs as “*a safety net to ensure that children are safe from being abducted for any purpose*”.⁷³ Dit is dan bloot 'n artikel wat die verpligtig daarstel vir die staat om te help wanneer 'n kind wel vermis word. Die laaste artikel van belang verplig die staat

67 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 24.

68 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 24.

69 Art 19 van die CRC. Dit word weer gekoppel aan art 36 wat weereens die staat verplig om kinders te beskerm teen alle vorme van eksploitasie wat nadelig kan wees vir die kind se welstand.

70 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 26. Dit word ook verseker deur art 39 wat bevestig dat 'n kind die reg het om fisiese en sielkundige behandeling te ontvang asook reïntegrasie in die gemeenskap wanneer daardie kind 'n slagoffer is van mishandeling of eksploitasie.

71 Art 35 van die CRC. Kyk ook Hamman 2011 http://www.mediamonitoringafrica.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/ Sien ook UNICEF *Combating Child Trafficking* 27.

72 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking*.

73 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 29.

om te verseker dat kinders nie onderwerp word aan enige marteling of ander wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.⁷⁴

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat die staat 'n verpligting het om deur nasionale wetgewing en ander maatreëls die totale beskerming van kinders te verseker. Dit sluit beskerming in teen kinderhandel asook ander handeling soos eksploitasie, geweld en mishandeling. Die staat moet ook voorsiening maak vir die moontlikheid van rehabilitasie en reïntegrasie vir kinderslagoffers. Dit is dus duidelik dat die konvensie se beginsels baie beskerming bied aan kinders en ook hoë standaarde daarstel vir state om te integreer in hul nasionale wetgewing. Alhoewel die beginsels beskerming vir kinders bied, het dit slegs oordedende krag in howe, soos reeds hierbo genoem, daarom is dit belangrik dat dit in Suid-Afrikaanse wetgewing inkorporeer word. Die beste belang van die kind-beginsel (soos in artikel 3 van die konvensie) en ander beginsels wat in die konvensie voorkom is reeds inkorporeer in die Grondwet en word later in hierdie hoofstuk bespreek.⁷⁵

2.2.2 *Die Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography of (2000)*

Hierdie protokol kan ook gebruik word vir beskerming teen kinderhandel alhoewel die term 'kinderhandel' nie spesifiek in hierdie instrument definieer word nie. Die protokol definieer egter die verkoop van kinders as enige handeling of transaksie waar die kind oorgedra word deur 'n persoon of groep persone aan 'n ander vir vergoeding of enige ander tipe oorweging.⁷⁶ Dit sluit in die aanbied, lewering of aanvaarding van die lewering van die kind deur enige wyse vir die doel om organe onwettig oor te dra vir 'n wins.⁷⁷ Hierdie definisie is egter nie volledig genoeg om ook

74 Art 37 van die CRC. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 29. Hierin word vernederende en onmenslike behandeling gedefinieer: "Degrading treatment is defined as treatment that arouses in the victim a feeling or fear, anguish, and inferiority capable of humiliating and debasing the victim and possibly breaking his physical or moral resistance. Inhuman treatment is defined as treatment that causes intense physical and mental suffering."

75 Art 28 van die Grondwet.

76 Art 2(a) van die *Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography* (2000); (hierna die opsionele protokol) Die protokol is deur Suid-Afrika geratifiseer op 1 Julie 2003.

77 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 34. Kyk ook art 3(1)(b) van die opsionele protokol.

kinderhandel in te sluit nie aangesien kinderhandel meer aspekte behels as die blote verkoop van kinders.⁷⁸ Die opsionele protokol vereis verder dat Suid-Afrika, as 'n lidland tot die protokol, die nodige stappe sal neem om die verkoop van kinders 'n kriminele oortreding te maak eerder as om slegs te konsentreer op voorkoming van die verkoop van kinders.⁷⁹ Dus is die verskil tussen die opsionele protokol en die hoof konvensie (CRC) die feit dat die konvensie primêr fokus op die voorkoming van kinderhandel en die opsionele protokol fokus op die kriminalisering van verkoop van kinders.⁸⁰ Die opsionele protokol vereis ook spesifiek dat state verseker dat die verkoop van kinders gereguleer word in hul nasionale strafregtelike wetgewing as 'n kriminele oortreding.⁸¹ Net soos in die geval van die CRC is dit belangrik dat die opsionele protokol se beginsels inkorporeer word in Suid-Afrikaanse reg om dit af te dwing in Suid-Afrika, andersins het die beginsels slegs oorredende krag en dien as die Internasionale standaard waarteen Suid-Afrikaanse wetgewing gemeet word.

2.2.3 *Convention against Transnational Organised Crime*

Soos reeds bespreek in die inleiding van hierdie studie, is hierdie dokument 'n belangrike instrument tesame met die Palermo Protokol in die bestryding van georganiseerde misdaad en meer spesifiek kinderhandel. Hierdie konvensie is veral belangrik in die voorkoming en vervolging van kriminele oortredings wat georganiseerde groepe behels wat oor grense heen handel.⁸² Die state wat hierdie konvensie onderteken en ratifiseer het, simboliseer daardeur dat hulle die erns van

78 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 33-34.

79 Art 1 van die opsionele protokol. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111 "Trafficking in Persons" van 30 Junie 2006 22. *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 35. Die skrywer bevind dat die handelinge daarin genoem nie 'n geslote lys van oortredings is nie en die staat mag ook ander dade wat betrekking het op die verkoop van kinders as kriminele oortredings in nasionale wetgewing vervat. Kyk verder ook UNGIFT Datum onbekend <http://www.ungift.org/knowledgehub/en/about/trafficking-for-organ-trade.html>

80 UNICEF *Combating Child Trafficking* 27.

81 Art 3(1)(a)(i)(b) van die opsionele protokol bepaal dat State ten minste die volgende handelinge reguleer waar die oortreding plaaslik of oor grense heen deur individue of in 'n georganiseerde wyse gepleeg word: die aanbidding, lewering of aanvaarding, deur enige wyse, van 'n kind vir die doel om daardie kind se organe oor te dra na 'n ander. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111.

82 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 37. Kyk die definisie van georganiseerde groepe hierbo.

die probleme hierin vervat verstaan asook die belangrikheid daarvan dat state moet saamwerk om hierdie probleme te bekamp en op te los.⁸³

Dit is belangrik om ook te weet dat kinderhandel nie net deur natuurlike persone gepleeg word wat deel vorm van die georganiseerde groep nie. Dis ook moontlik dat regspersone handel met kinders vir die doel om organe te verwyder en daarom het die konvensie ook daarvoor voorsiening gemaak.⁸⁴ Verder word daar ook bepaal dat die partye tot die konvensie toepaslike maatreëls moet daarstel om bystand en beskerming aan die slagoffers te bied wat deur die georganiseerde misdaad geraak word, binne die betrokke staat se bevoegdheid.⁸⁵ Hierdie slagoffers kan natuurlik ook kinderslagoffers insluit.

Suid-Afrika is dus ook gebind aan hierdie beginsel as 'n party tot hierdie konvensie. Weer eens is hierdie 'n goeie internasionale instrument vir die beskerming van kinders teen kinderhandel vir die doel om organe te verwyder. Die beginsels is verder effektief aangesien Suid-Afrika sy internasionale verpligtinge rakende hierdie konvensie nagekom het deur die beginsels te vervat in nasionale wetgewing naamlik die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad*. Die beginsels wat in hierdie wet vervat is, word later meer volledig in hierdie hoofstuk bespreek.

2.2.4 Palermo Protokol

Hierdie protokol is gegrond op die bogenoemde *Convention against Transnational Organised Crime* en hanteer spesifiek kinderhandel vir alle vorme van eksploitasie of uitbuiting. Dit was die eerste instrument wat mensehandel gedefinieer het vir doeleindes van die Internasionale reg.⁸⁶ Die instrument vereis van lidstate om

83 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 37. State wat hierdie konvensie onterteken en ratifiseer verbind hulself daartoe om onder andere georganiseerde misdaad te kriminaliseer.

84 Art 10 van die *Convention against Transnational Organised Crime* vereis dat state ook regspersone sal aanspreeklik hou in nasionale wetgewing teen kinderhandel.

85 Art 25(1) van die *Convention against Transnational Organised Crime*.

86 UNICEF *Combating Child Trafficking* 27. Sien ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 40. Hierin word daar verwys na die Palermo Protokol as die eerste instrument wat 'n bindende en wêreld wye aanvaarde term van mensehandel bevat. Dit is ook die eerste definisie wat meer vorme van eksploitasie insluit as slegs prostitusie. Dit is so geformuleer omdat daar 'n internasionale belang was om georganiseerde misdaad en die sleutelemente daarvan te voorkom.

omvattende wetgewing en programme daar te stel om kinderhandel te voorkom asook hoe om slagoffers te behandel of te rehabiliteer.⁸⁷ Die stappe wat lidstate kan neem sluit in die kriminalisering van kinderhandel, voldoende strafmaatreëls indien oortredings plaasvind, beskerming van die slagoffers asook internasionale samewerking tussen state en lande.⁸⁸ Die doel van hierdie protokol was ook om universele reëls daar te stel om nasionale benaderings tot die probleem te verenig sodat internasionale samewerking 'n moontlikheid kon word.⁸⁹ Die *Convention against Transnational Organised Crime* skep die idee dat kinderhandel gewoonlik deur georganiseerde groepe deur middel van georganiseerde misdaad op 'n internasionale vlak plaasvind.⁹⁰ Die Palermo Protokol is egter daargestel om ook hierdie probleem op 'n nasionale vlak aan te spreek.⁹¹

Soos reeds hierbo bespreek, bevat die Palermo Protokol die definisie van kinderhandel. Die definisie is wyd maar dit dien 'n goeie doel. Dit maak dit makliker vir lidlande om nasionale wetgewing te skep wat al die nodige aspekte bevat om die al die persone betrokke by kinderhandel te vervolg, vanaf werwing van kinders tot hul oorhandiging vir verskeie vorms van uitbuiting.⁹² Die probleem met die definisie is dat daar drie elemente is wat bewys moet word en dat dit juis die rede is waarom dit soms moeilik is om die persone betrokke by kinderhandel te vervolg.⁹³ Daar is soveel persone betrokke by kinderhandel en elkeen verrig 'n ander taak, byvoorbeeld werwing, vervoer en die fisieke uitbuiting van die kind en dit is dan moeilik om elke persoon individueel aanspreeklik te hou vir al drie die elemente soos in die definisie.⁹⁴

87 UNICEF *Combating Child Trafficking* 27.

88 UNICEF *Combating Child Trafficking* 27.

89 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 41.

90 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 41.

91 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 41. Verder moet daarop gelet word dat die protokol met die *Convention against Transnational Organised Crime* saamgelees moet word soos vereis in art 37(4) asook art 1 van die Palermo Protokol.

92 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 44. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111.

93 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 45.

94 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 45.

Verder is daar ook dikwels verwarring oor kinderhandel met die doel om organe te verwyder en handel in organe. Daar is 'n verskil tussen hierdie twee aspekte en elkeen is 'n afsonderlike tipe kriminele oortreding.⁹⁵ Die geval waar die organe uit 'n lyk of kadawer verwyder word en dan verkoop word is handel in organe en dit is nie die handeling wat deur die Palermo Protokol bedoel word nie.⁹⁶ Kinderhandel vir die doel om organe te verwyder fokus primêr op die werwing en vervoer van 'n kind om daardie kind bloot te stel aan eksploitasie en die vorm van eksploitasie is om die organe te verwyder.⁹⁷

Artikel 4 van die Palermo Protokol verwys na die voorkoming, ondersoek en vervolging van oortredings, soos daarna verwys word in artikel 5, wanneer dit tussen state en deur 'n georganiseerde kriminele groep gepleeg word.⁹⁸ Hierdie artikels verwys ook na die beskerming van die slagoffers wanneer die oortredings van so aard gepleeg word.⁹⁹ Daar is egter 'n beginsel in die *Convention against Transnational Organised Crime* wat bepaal dat nasionale wetgewing kan voorsiening maak vir kinderhandel ongeag die tussenstaatse aard van die misdaad of die betrokkenheid van 'n georganiseerde kriminele groep.¹⁰⁰ Hierdie bepaling is veral belangrik omdat kinderhandel nie net tussen state en oor grense heen plaasvind nie,

95 Nicolaidis en Smith 2012 *Medical Technology South Africa* 36.

96 Nicolaidis en Smith 2012 *Medical Technology South Africa* 36. Die organe word dus verwyder en verkoop vir geld maar die persoon het nie die bedoeling gehad om 'n lewendige persoon uit te buit nie en dit is waarom dit eerder 'n misdaad soos skending van 'n lyk wees. Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 46. Sien ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111. In die laasgenoemde bron word daar spesifiek tesame met hierdie aspek ook spesifiek verwys na die gevalle waar organe vir regsgeldige redes verwyder word, dit ook nie as uitbuiting geklassifiseer moet word nie. Let ook daarop dat die protokol slegs verwydering van organe reguleer en nie verwydering van ander liggaamsdele nie. Daar kan geargumenteer word dat hierdie 'n oorsig deur die wetgewer is aangesien ander liggaamsdele veral in Suid-Afrika onwettig verwyder word vir die uitsluitlike doel om hierdie liggaamsdele as "muti" te verkoop. Kyk ook Behrens 2013 *Acta Criminologica: South African Journal of Criminology* 1-2.

97 Nicolaidis en Smith 2012 *Medical Technology South Africa* 36. Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 46. As die kind egter sou sterf sal die persoon wat die kind uitbuit het nie skuldig wees aan kinderhandel nie maar eerder moord. UNGIFT Datum onbekend <http://www.ungift.org/knowledgehub/en/about/trafficking-for-organ-trade.html>

98 Art 4 en 5 van die Palermo Protokol. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 45.

99 Art 4 en 5 van die Palermo Protokol. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 45.

100 Art 34(2) van die Palermo Protokol. Daar word bepaal dat hierdie die beginsel is en dat die enigste bepaling wat 'n georganiseerde kriminele groep vereis is soos deur artikel 5 bepaal. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 48.

maar dit is ook moontlik dat dit binne 'n staat kan plaasvind.¹⁰¹ Dieselfde kan gesê word rakende die persone betrokke by kinderhandel, wat deur georganiseerde kriminele groepe gedoen kan word maar ook deur individue.¹⁰²

'n Ander belangrike aspek wat ook in die Palermo Protokol voorkom is die verpligting op state om kinderhandel (en mensehandel) 'n kriminele oortreding te maak wanneer die handeling of oortreding doelbewus gepleeg word.¹⁰³ Verder moet lidstate die poging om met kinders te handel ook 'n kriminele oortreding maak asook wanneer persone mededaders is of help met die organisering van die misdaad en wanneer persone ander voorsê om die oortreding te pleeg.¹⁰⁴ Dit is dus belangrik dat lidstate in hul nasionale wetgewing 'n breër maatstaf vir kriminalisering daarstel sodat 'n wyer reeks van handeling ingesluit word wanneer kinderhandel betrokke is.¹⁰⁵

Die identiteit van die slagoffers betrokke by kinderhandel is ook 'n aspek wat in die Palermo Protokol bespreek word. Die lidstate word verplig om die privaatheid en identiteit van die slagoffers te beskerm asook om alle regsaksies konfidensieel te hou.¹⁰⁶ Dit is belangrik aangesien die slagoffers gewoonlik vrees vir hul lewens en dié van hul gesinne en die families se veiligheid dus beskerm moet word. Dit is ook belangrik dat die aspekte toegepas word op kinders aangesien sake rakende kinders as uiters sensitief beskou kan word.¹⁰⁷ Lidstate kan ook oorweeg om maatreëls daar te stel vir die behandeling van fisieke, sielkundige en sosiale herstel van slagoffers.¹⁰⁸ Hierdie bepaling plaas egter nie 'n verpligting op state nie, maar dien

101 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 48.

102 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 48.

103 Art 5(1) van die Palermo Protokol.

104 Art 5(2) van die Palermo Protokol.

105 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 48. Daar moet ook bepalings in nasionale wetgewing vervat word wat bepaal dat die slagoffer byvoorbeeld nie aanspreeklik gehou word vir enige deelname aan die misdaad nie. Daar moet eerder gefokus word op rehabilitasie en reïntegrasie terug in die gemeenskap van die slagoffer.

106 Art 6(1) van die Palermo Protokol.

107 Hamman 2011

http://www.mediamonitoringafrica.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/ Hierin word bevestig dat persone onder 18 jaar (kinders) se identiteit nie gepubliseer of bekend gemaak word in kriminele sake nie.

108 Art 6(3) van die Palermo Protokol. Dit sluit ook in in sekere gevalle die voorsien van behuising, berading, inligting in die slagoffer se huistaal, indiensneming, onderwys en

as oorwegings wat state kan gebruik om die ander verpligting op hulle geplaas, soos die beskerming en hulp aan slagoffers te voorsien, na te kom.¹⁰⁹ Ander aspekte wat ook deur die lidstate in ag geneem moet word is die ouderdom, geslag en spesiale behoeftes van die slagoffers en veral kinders en sluit ook behuising, onderwys en sorg in.¹¹⁰

'n Verdere oorweging wat deur lidstate geneem moet word is of die slagoffers toegelaat gaan word om binne die huidige staat se grense te bly.¹¹¹ Daar word geargumenteer dat hierdie bepaling die suksesvolle vervolging van kinderhandelaars kan aanhelp aangesien die staat dan 'n verklaring van die slagoffer kan kry maar nie as die slagoffer summier teruggestuur word na sy of haar tuisland nie.¹¹² Wanneer 'n slagoffer wel teruggestuur word na die land waar hy of sy 'n burger is of permanent woon, moet die laasgenoemde Staat die slagoffer ontvang en ook die slagoffer se veiligheid oorweeg.¹¹³ Hierdie bepaling is daargestel om die slagoffer te beskerm teen vervolging van die staat wanneer die slagoffer terugkeer.¹¹⁴

opleidings geleentheid. Die bepaling is gebaseer op die belangrikste aspekte wat die slagoffer kan nodig kry. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 49-50.

109 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 50. Die verpligting om hulp en beskerming aan slagoffers te bied is ook vervat in ander instrumente soos die CRC (kyk bespreking hierbo) en die ACRWC (kyk bespreking later in die hoofstuk).

110 Art 6(4) van die Palermo Protokol. Hierdie bepaling is dus daargestel dat state ook dink daaraan om hul wetgewing in sekere aspekte sensitief sal maak vir kinders en asook geslagsgeïntereerde redes. Dit kan ook insluit dat die staat spesiale programme moet daarstel vir kinderslagoffers wanneer daar bepaal word hoe daar hulp en beskerming aan hierdie slagoffers gebied gaan word. Art 6(6) maak ook voorsiening daarvoor dat state moet verseker dat daar sisteme in plek is vir die slagoffers om te kan skadevergoeding eis. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 50.

111 Art 7(1) van die Palermo Protokol. Die state moet ook besluit of dit tydelik of permanent sal wees. Art 7(2) State moet in hulle oorweging of die slagoffer toegelaat gaan word om steeds in die staat se grense te woon oorweeg saam met humanitêre aspekte.

112 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 51-52.

113 Art 8(1) van die Palermo Protokol. Art 8(2) die Staat wat die slagoffer terugstuur moet ook verseker dat daardie slagoffer die nodige veiligheid ontvang van die Staat waarin die slagoffer 'n burger of permanente inwoner is.

114 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 52. Dit plaas 'n verpligting op state om te verseker dat daar geen gevaar vir die slagoffer is indien hy of sy terugkeer na die land waarvan hy of sy burger was of permanent gewoon het nie. Art 8(4) maak ook voorsiening vir die slagoffer om die nodige dokumentasie te ontvang vanaf die staat om terug te keer na die land van oorsprong.

'n Aspek wat by die bogenoemde bepalings aansluit is die voorkoming van kinderhandel wat ook die beskerming van slagoffers teen verdere blootstelling aan die misdaad insluit.¹¹⁵ Dit sluit ook in dat die faktore wat aanleiding gee tot kinderhandel uitgesluit moet word, byvoorbeeld die kwesbaarheid van die slagoffers en die aanvraag wat die kinderhandel aanvuur.¹¹⁶ Dit sluit veral by hierdie studie aan aangesien state dus moet probeer om die aanbod van organe te vermeerder om sodoende aan die aanvraagsaspek te verminder. Dit kan gekombineer word met wetgewing, wat voldoen aan die internasionale verpligtinge, om die vervolging gevalle van kinderhandel te vermeerder.

Daar word verder van lidstate verwag om ook inligting met mekaar te deel om sodoende te bepaal of die persone wat die grense kruis of probeer kruis met of sonder die nodige dokumentasie moontlik oortreders of slagoffers in terme van kinderhandel kan wees.¹¹⁷ Daar moet ook opleiding verskaf word oor die voorkoming van kinderhandel aan State se vervolgingsgesag, immigrasie- en ander relevante beamptes.¹¹⁸ Dit sluit spesifiek aan by die grensbeheer van state. State moet poog om hierdie aspek te versterk om die vervoer van persone in die poging om misdaad te pleeg of in die pleging van misdaad aktiwiteite te verminder.¹¹⁹ Daar kan ook van 'n lidstaat verwag word om reisdokumente en identiteitsdokumente te verifieer op aanvraag van 'n ander staat waar die vermoede van 'n moontlikheid van mensehandel bestaan.¹²⁰ Met al hierdie aspekte in gedagte, is daar ook 'n bepaling wat die fundamentele belange van persone beskerm.¹²¹ Daar word bepaal dat daar

115 Art 9 van die Palermo Protokol.

116 Art 9 van die Palermo Protokol. State moet byvoorbeeld navorsing doen, massa-media en inligting veldtogte hou, ander sosiale en ekonomiese initiatiewe neem en ook maatreëls daarstel of die bestaande maatreëls verbeter om aspekte soos armoede, werkloosheid en gelyke geleenthede vir almal aan te spreek.

117 Art 10(1) van die Palermo Protokol.

118 Art 10(2) van die Palermo Protokol. Hierdie opleiding moet fokus op voorkoming en vervolging van mensehandel asook die beskerming van die regte van die slagoffers asook die beskerming van die slagoffers self. Die fokus moet ook daarop wees dat die regte van individue om vrylik in en uit 'n land te gaan, nie geskend moet word nie en menseregte asook kinder- en geslag sensitiewe gevalle moet ook in ag geneem word soos reeds genoem hierbo.

119 Art 11 van die Palermo Protokol. Grensbeheer sluit byvoorbeeld die vereiste van geldige dokumente vir alle persone wat oor die grense heen wil beweeg asook die nagaan of persone se reisdokumente voorheen geweier is en die redes daarvoor veral wanneer die rede betrekking het op misdaadpleging of die poging daartoe. Dit sluit ook in dat daar gekyk moet word of die dokumente moontlik vervals, gerepliseer of onregmatig gekorrigeer is asook onregmatig uitgereik is (soos in art 12).

120 Art 13 van die Palermo Protokol.

121 Art 14 van die Palermo Protokol.

nie diskrimineer mag word teen die slagoffers van mensehandel nie en die internasionale bepalings met betrekking tot diskriminasie is ook van toepassing op hierdie persone.¹²²

Hierdie Palermo Protokol stel duidelike beginsels daar vir lidstate in die voorkoming en vervolging van kinderhandel asook aspekte rakende die rehabilitasie en reïntegrasie van die slagoffers. Alhoewel kinders slegs in sekere van die artikels in die Palermo Protokol genoem word, is dit belangrik dat hierdie tekortkoming aangespreek word in lidstate se nasionale wetgewing volgens hul internasionale verpligtinge soos deur die CRC en die Opsionele Protokol daartoe asook die *Convention against Transnational Organised Crime* en die Palermo Protokol bevestig.¹²³

Soos uit die bogenoemde bevestig kan word is Suid-Afrika as 'n ratifiserende staat verplig om in nasionale wetgewing maatreëls daar te stel wat kinderhandel kriminaliseer asook maatreëls vir die ondersoek en vervolging van oortreders. Verder moet Suid-Afrika in die lig van die bogenoemde oorweginge grensbeheer versterk asook opleiding aan die relevant beamptes verskaf sodat hulle weet hoe om kinderhandelgevalle te hanteer. Daar moet ook maatreëls in plek wees vir die beskerming van en hulp aan slagoffers van kinderhandel.

2.2.5 *International Covenant on Civil and Political Rights*¹²⁴

In hierdie instrument word daar nie spesifiek verwys na kinders in die bepalings rakende mensehandel nie maar die verwysing na woorde soos “*any person*” en “*every human being*” in die instrument en “*no one*” in die spesifieke artikel rakende mensehandel sluit ook kinders in.¹²⁵ Die belangrikste artikel vir kinderhandel in

122 Art 14 van die Palermo Protokol. Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 54 en 55. Hierin word hierdie beginsel as 'n aspek gesien vir ekstra veiligheid aan die slagoffers asook spesifiek slagoffers wat veiligheid in ander state soek (*asylum seekers*).

123 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 55. Die artikels in die Palermo Protokol wat na kinders verwys is art 3(c) en (d) en 6(4).

124 *International Covenant on Civil and Political Rights* (1966); (hierna die *ICCPR*) Suid-Afrika het hierdie onderteken 3 Oktober 1994 en ratifiseer 10 Desember 1998.

125 Art 2(3), 6 en 7 van die *ICCPR*. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 56.

hierdie instrument bepaal dat niemand aan enige marteling of wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf onderwerp mag word nie.¹²⁶ Dit koppel aan kinderhandel aangesien die slagoffers gewoonlik onderwerp word aan hierdie tipes behandeling. Partye tot hierdie instrument is dus verplig om sulke behandeling te voorkom.¹²⁷ Ingevolge Suid-Afrika se internasionale verpligting is hierdie artikel in die Grondwet inkorporeer om kinderhandel te voorkom en bepaal dit dat: “*every child has the right to be protected from maltreatment, neglect, abuse or degradation*”.¹²⁸ Daar word ook bepaal dat:¹²⁹

Every child shall have, without any discrimination as to race, colour, sex, language, religion, national or social origin, property or birth, the right to such measures of protection as are required by his status as a minor, on the part of his family, society and the State.

Alhoewel hierdie nie spesifieke bepalings met betrekking tot die beskerming teen kinderhandel het nie, plaas dit die verpligting op die staat om die nodige beskerming vir kinders te bied in alle gevalle rakende die kind.¹³⁰ Hierdie internasionale instrument bied 'n wye beskerming in 'n breë sin vir kinders en plaas slegs verpligtinge op die staat om kinders te beskerm. Dit is egter 'n basis waarvolgens state beskerming aan kinders kan bied in enige geval en meer spesifiek in die gevalk waar kinderhandel plaasvind.

126 Art 7 van die *ICCPR*.

127 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 56. Die skrywer maak ook 'n argument uit dat kinderhandel 'n vorm van moderne slawerny is en daarom sal art 8 van die *ICCPR* ook van toepassing wees. Dit bepaal dat alle vorme van slawerny verbied word. Hierdie is ook vervat in die Grondwet in art 13: “niemand mag aan slawerny, knegskap of dwangbaarheid onderwerp word nie”.

128 Art 28(1)(d) van die Grondwet.

129 Art 24(1) van die *ICCPR*.

130 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 57. Die skrywer stel voorbeelde voor van hoe die staat beskerming kan bied. Voorbeelde is inligting en opvoeding vir kinders rakende kinderhandel, instelling van spesiale ondersoekenhede vir kinderhandel en kindersentrums wat daarin spesialiseer om slagoffers van kinderhandel te behandel.

2.2.6 *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*¹³¹

Hierdie instrument het nie 'n bepaling wat spesifiek kinderhandel bespreek nie maar dit bevat wel bepalings wat die kind beskerm indien daardie kind uitgebuit word. Die instrument bepaal dat die staat spesiale maatreëls moet instel vir die beskerming en bystand van kinders en dat kinders ook beskerm moet word teen ekonomiese uitbuiting.¹³² Dit bepaal indirek dat Suid-Afrika maatreëls moet daarstel om kinders te beskerm teen kinderhandel. Die probleem lê egter daarin dat die ICESCR nie spesifiseer wat spesiale maatreëls behels nie. Dit kan daartoe lei dat daar verwarring is oor waarvoor die staat eintlik verantwoordelik sal wees wanneer daar geargumenteer word dat die staat nie voldoende maatreëls daargestel het nie. Die probleem kan egter aangespreek word deur eerstens die bepaling in nasionale wetgewing te inkorporeer met spesiale verwysing na wat die spesiale maatreëls behels en tweedens dat Suid-Afrika hulself bind aan hierdie bepalings in die ICESCR deur die dokument te ratifiseer.

2.2.7 *Rome Statute of the International Criminal Court van 1998*¹³³

Die instrument handel oor misdade teen die mensdom. Een van hierdie misdade is slawerny.¹³⁴ Hierdie instrument definieer die term slawerny soos volg:¹³⁵

131 *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* (1966) (hierna ICESCR); Suid-Afrika het hierdie instrument geteken op 3 Oktober 1994. Dis egter nog nie geratifiseer nie. Kyk die volgende in hierdie verband: Stein 2013 *PER* 15. Kyk ook Mangena (for SAHRC) 2012 <http://www.sahrc.org.za/home/index.php?ipkArticleID=141>.

132 Art 10(3) van die ICESCR. Dit bevat ook 'n bepaling rakende diskriminasie. Die relevante gedeeltes in die artikel lees soos volg: “*Special measures of protection and assistance should be taken on behalf of all children and young persons without any discrimination for reasons of parentage or other conditions. Children and young persons should be protected from economic and social exploitation.*”

133 *Rome Statute of the International Criminal Court van 1998*. (hierna die Rome Statute) Suid-Afrika het hierdie dokument geteken op 17 Julie 1998 en geratifiseer op 27 November 2000. Kyk United Nations Treaty Collection Datum onbekend http://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=XVIII-10&chapter=18&lang=en. Sien ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 58. United Nations General Assembly 2010 <http://www.refworld.org/docid/3ae6b3a84.html>.

134 Art 7(1)(c) van die Rome Statute. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111. In die laasgenoemde bron word dit uiteengesit dat slawery 'n vorm van mag oor 'n persoon is en dat daardie mag 'n reg van “eienaarskap” oor 'n persoon vestig daarom sal die beoefening van daardie mag oor 'n persoon gedurende kinderhandel gesien word as slawerny.

135 Art 7(2)(c) van die Rome Statute.

the exercise of any or all of the powers attaching to the right of ownership over a person and includes the exercise of such power in the course of trafficking in persons, in particular women and children

Daar kan uit die bogenoemde gesê word dat kinderhandel as 'n vorm van slawerny gesien word aangesien die kind onder die beheer en eienaarskap van die oortreder is. Kinders word dus ook beskerm teen kinderhandel deur hierdie instrument. Kinderhandel as 'n moderne vorm van slawerny word dus ook hierin vervat en Suid-Afrika moet dus hierdie definisie ook in nasionale wetgewing vervat wanneer kinderhandel gekriminaliseer word.¹³⁶

2.3 Regionale instrumente

2.3.1 African Charter on the Rights and Welfare of the Child

Hierdie is nie 'n instrument wat eksklusief met kinderhandel omgaan nie, maar dit is 'n regionale instrument wat spesifiek daarop gefokus is om kinders se regte te bevorder en te beskerm.¹³⁷ Dit is dus van belang dat daar na hierdie instrument ook verwys sal word in die algemene raamwerk wat kinders beskerm teen gevalle soos kinderhandel.

Reeds in artikel 1 maak die ACRWC verwysing na Suid-Afrika, as 'n ratifiserende staat, se verpligting om die nodige stappe te neem en wetgewende en ander maatreëls daar te stel om sodoende effek te gee aan die bepalings in die ACRWC.¹³⁸ Hierdie plaas dus 'n positiewe verpligting op Suid-Afrika om te verseker dat alle regte en verpligtinge in die instrument nagekom word soos daarin uiteengesit. Verder maak hierdie instrument ook voorsiening vir die beste belang van die kind-beginsel.¹³⁹ Wat belangrik is om op te let rakende hierdie aspek is die woordkeuse in die beskrywing van die beste belang van die kind-beginsel. Daar

136 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 58. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111.

137 Aanhef van die ACRWC. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 68.

138 Art 1 van die ACRWC.

139 Art 4 van die ACRWC. Hierdie artikel sit uiteen dat die beginsel aanwending vind in alle aspekte rakende die kind. Die artikel moet ook saam met artikel 2 gelees word wat voorsiening maak vir die ouderdom van die kind. Hier word bevestig dat 'n kind 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar is.

word uitdruklik bepaal dat wanneer enige aspek rakende die kind hanteer word, sal die beste belang van die kind die primêre oorweging wees.¹⁴⁰ Dit is belangrik aangesien daar in ander instrumente slegs verwys word na die beginsel as 'n primêre oorweging.¹⁴¹ Die belangrikheid hiervan lê dus daarin dat hierdie instrument die beste belang van die kind as die enigste oorweging ag in aspekte rakende die kind.¹⁴² Suid-Afrika moet dus in die implementering van wetgewing en die afdwing daarvan die beste belang van die kind ook oorweeg. Dit is veral belangrik wanneer die staat wetgewing rakende kinderhandel oorweeg.¹⁴³

'n Verdere bepaling is dié van die kind se inherente reg op lewe en die Staat se verpligting om op die beste moontlike wyse die oorlewing, beskerming en ontwikkeling van die kind te verseker.¹⁴⁴ Dit plaas 'n verpligting op die staat om nie net die reg te erken nie maar ook beskerming daarvoor te bied.¹⁴⁵ Die artikel is veral belangrik wanneer dit by die handel in kinders kom aangesien daar 'n verpligting op die staat rus om hierdie kinders se reg op lewe ook te beskerm op die beste wyse moontlik.

Verder moet lidlande wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige maatreëls daarstel om kinders te beskerm teen alle vorme van marteling, onmenslike of vernederende behandeling.¹⁴⁶ Hierdie bepaling is soortgelyk aan die een wat ook in die CRC is wat kinders beskerm teen mishandeling en marteling.¹⁴⁷ Lidstate moet ook die nodige stappe neem, om die ontvoer, verkoop of handel in kinders vir enige doel deur enige persoon te verhoed.¹⁴⁸ Weer eens is hierdie artikel as 'n veiligheidsmeganisme daargestel aangesien bepalings om kinders te beskerm

140 Art 4 van die ACRWC.

141 Kyk byvoorbeeld art 3(1) van die CRC.

142 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 69.

143 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 69.

144 Art 5 van die ACRWC.

145 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 69-70.

146 Art 16(1) van die ACRWC. Hierdie sluit veral fisieke of geestelike mishandeling of Verwaarlosing in. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111.

147 Art 16 van die ACRWC. Kyk ook Art 19 van die CRC en *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 71.

148 Art 29 van die ACRWC. Hierdie sluit selfs ontvoering en verkoop of handel in kinders deur ouers en wettige voog. *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 72. Kyk ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111

teen fisieke, seksuele en ekonomiese mishandeling of uitbuiting ook deur ander bepalings in die ACRWC hanteer word.¹⁴⁹ Suid-Afrika as lidstaat tot hierdie instrument moet dus kinderhandel kriminaliseer en ook die nodige stappe neem om kinderhandel soos uiteengesit in artikel 29 van die ACRWC te voorkom.

2.3.2 *African Charter on Human and Peoples' Rights*

Hierdie instrument dien, net soos die ander internasionale en regionale instrumente, as 'n riglyn vir lidlande vir nasionale wetgewingsdoeleindes. Die ACHPR het ook nie spesifieke bepalings rakende kinderhandel nie maar die regte daarin vervat is inherent tot elke persoon in die lidland, dit sluit weer eens ook kinders in. Suid-Afrika het reeds in 1996 toegetree tot die ACHPR en is daarom gebind daaraan om Suid-Afrikaanse wetgewing in lyn met die regte vervat in die ACHPR daar te stel.¹⁵⁰

In artikel 4 bepaal die ACHPR dat elke persoon die reg het tot lewe asook die integriteit van sy of haar persoon.¹⁵¹ Verder bepaal die instrument ook dat elkeen die reg op menswaardigheid het om vry te wees van enige eksploitasie en degradasie wat slawerny, marteling of wrede, onmenslike en vernederende behandeling insluit.¹⁵² Hierdie reg kan gekoppel word aan kinderhandel aangesien kinderhandel juis as 'n vorm van slawerny gesien kan word en kinders blootstel aan eksploitasie in verskeie vorms. Sekuriteit is ook een van die regte wat aan kinders gewaarborg word in die ACHPR.¹⁵³ Hiervolgens moet kinders veilig voel en hulle veiligheid in 'n betrokke land moet beskerm word. Die ACHPR is dus ook 'n belangrike regionale

149 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 72. Kyk byvoorbeeld artikel 15, 16 en 27 van die ACRWC.

150 African Union 2013 <http://www.au.int/en/sites/default/files/African%20Charter%20on%20Human%20and%20Peoples%20Rights.pdf> Suid-Afrika het op 9 Julie 1996 tot die ACHPR toegetree. Kyk ook Motala 2006 <http://www.csvr.org.za/index.php/media-articles/latest-csvr-in-the-media/2210-celebrating-two-decades-of-the-african-charter-on-human-and-peoples-rights.html>, hierin word bepaal dat die ACHPR reeds in 1986 in werking getree het, 10 jaar voor Suid-Afrika as lidland tot die instrument toegetree het.

151 Art 4 van die ACHPR. Sien ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111.

152 Art 5 van die ACHPR. Sien ook SALRC project 131 in Discussion Paper 111.

153 Art 6 van die ACHPR. 'n Ander reg wat ook in hierdie artikel beskerm word is die reg op vryheid, hierdie reg is ook een van die regte wat belangrik is vir kinders waar kinderhandel ter sprake is aangesien die kind waarmee gehandel word se vryheid ontnem word. Die artikel kan ook gekoppel word aan artikel 5, hierbo genoem, wat die ontneming van vryheid in die vorm van slawerny verbied.

instrument om die raamwerk uiteen te sit wat Suid-Afrika moet nastreef om te vervul in nasionale wetgewing.

Uit die bogenoemde bespreking van internasionale en regionale instrumente is dit duidelik dat daar 'n verpligting op Suid-Afrika rus as lidstaat tot hierdie instrumente. Die verpligting sluit onder andere in dat hierdie instrumente se beginsels in nasionale wetgewing omskep moet word alvorens dit afgedwing kan word op nasionale vlak. Wat veral belangrik in hierdie studie is, is dat Suid-Afrika die verpligting nakom om kinderhandel vir die doel om organe te verwyder te reguleer deur wetgewing. Dit is ook belangrik dat hierdie wetgewing dan in lyn is met die internasionale en regionale standarde wat daar gestel is. Die reg van 'n kind om nie blootgestel te word aan kinderhandel nie word in al die bogenoemde instrumente verseker. Die nasionale wetgewende raamwerk met betrekking tot hierdie probleem sal vervolgens bespreek word om te bepaal of Suid-Afrika aan hierdie verpligting voldoen.

2.4 Nasionale raamwerk

Suid-Afrika het tot onlangs geen wet gehad wat spesifiek kinderhandel vervat het nie ten spyte daarvan dat kinderhandel wel in hierdie land plaasvind.¹⁵⁴ Soos reeds hierbo bespreek, het Suid-Afrika deur die teken en ratifisering van verskeie dokumente die verpligting om wel sulke wetgewing daar te stel.¹⁵⁵ Hierdie verpligting sowel as die blote idee dat daar met kinders gehandel word sodat hulle uitgebuit kan word vereis van die staat om stappe te neem om hierdie probleem op te los. Suid-Afrika se eerste stap tot die vervulling van hierdie verpligtinge was die Grondwet wat bepalinge bevat wat spesifiek fokus op die kind. In 2010 is daar 'n wetsontwerp aan die Parlement oorhandig vir oorweging om spesifiek kinderhandel aan te spreek, die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons* wetsontwerp van 2010.¹⁵⁶ In

154 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 74. Navorsingsinstansies het bewys dat Suid-Afrika een van die lande is wat gebruik word vir kinderhandel as die land van herkoms (waar die kind(ers) vandaan geneem word), land waardeur die kinders vervoer word asook die bestemmingsland (waar die kind(ers) heen geneem word).

155 Byvoorbeeld die CRC en die protokol daartoe, die ICCPR en ICESCR asook die ACRWC.

156 *The Prevention and Combating of Trafficking in Persons Wetsontwerp* 7 of 2010. Hierdie Wetsontwerp is gepubliseer in 'n algemene opsomming in Gen Not 61 in GG 32906 van 29 January 2010. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 463. Hierin bevind die skrywer dat "2 discussion papers and an issue paper on human trafficking" die proses van bekendstelling van die wetsontwerp in die Parlement

2013 het die President die wetsontwerp onderteken en dit het amptelik die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act*¹⁵⁷ geword. Hierdie wet sal in die volgende hoofstuk in diepte bespreek word.

Alhoewel daar nou wetgewing daargestel is wat spesifiek kinderhandel reguleer, is dit steeds belangrik om ander wetgewing wat aspekte rakende kinderhandel vervat te bespreek. Die rede hiervoor is dat nuwe wetgewing dikwels nie met die eerste konsep daarvan alle toepaslike aspekte rakende 'n kwessie vervat nie en slegs meer volledig raak met tyd wanneer die wet getoets word deur regspraak en ontwikkelende omstandighede. Dit is ook belangrik om te onthou dat kinderhandel dikwels as verskillende tipes strafbare misdade gesien word volgens die gemenereg wat daartoe lei dat verskillende wette van toepassing kan wees in een geval van kinderhandel.¹⁵⁸ Vervolgens gaan die belangrikste Suid-Afrikaanse wetgewing wat aanvang vind by mensehandel, meer spesifiek kinderhandel, bespreek word. Die belangrikste regulerende instrument in Suid-Afrika is die Grondwet, wat eerste bespreek sal word gevolg deur die *Kinderwet, die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdade, die Nasionale Gesondheidswet* en ander nasionale wetgewing.

2.4.1 Die Grondwet

Soos reeds genoem hierbo, is Suid-Afrika verplig in terme van die Grondwet om Internasionale reg in ag te neem in die hof. Suid-Afrika is ook verplig om internasionale en regionale instrumente se beginsels te inkorporeer in nasionale wetgewing om dit sodoende bindende reg in die staat te maak. Daarom, asook oor

voortgegaan het. Let ook daarop dat die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Wetsontwerp* gepubliseer is vir kommentaar in Gen Not 431 in GG 32222 of 8 May 2009. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 77 waarin daar verwys is na die stappe wat geneem is om kinderhandel aan te spreek, in besonder die SALRC se ondersoek, die daarstel van 'n wetsontwerp asook die stigting van 'n "Human Trafficking Desk" en die vestiging van 'n "Organised Crime Unit" by die SAPD.

157 The *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7* van 2013. Die wet is gepubliseer in Gen Not 545 in GG 36715 of 29 July 2013.

158 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 377. In terme van die gemenereg kon oortreders betrokke by kinderhandel aangekla word van onder andere misdade soos ontvoering, verkragting, ensovoorts. Dit is juis om hierdie rede dat verskeie wette van toepassing kan wees by een geval van kinderhandel, Die Kinderwet, Grondwet, Wet op Georganiseerde Misdade en die Nasionale Gesondheidswet is voorbeelde van tipes wette wat van toepassing kan wees by 'n kinderhandel geval.

die feit dat die Grondwet Suid-Afrika se hoogste gesag is, moet die beginsels in hierdie dokument ook deel vorm van die raamwerk wat kinders teen kinderhandel vir die doel om organe te verwyder beskerm.¹⁵⁹ Die regte soos vervat in die Handves van Regte is van toepassing op “elkeen” en sluit vervolgens dus ook kinders in.¹⁶⁰ Daar moet eerstens verwys word na die bepaling rakende die ouderdom van ’n kind as maatstaf vir beskerming van kinders. Die Grondwet erken dat ’n kind ’n persoon onder die ouderdom van agtien jaar is.¹⁶¹ Hierdie is ook ’n aanduiding dat die Grondwet se bepalings in lyn is met die beginsels vervat in die CRC.¹⁶²

Regte wat veral sal toepassing vind by die probleem rakende kinderhandel is artikel 10 van die Grondwet wat bepaal dat elke persoon ’n inherente reg op menswaardigheid het en dat hierdie reg beskerm en respekteer moet word deur ander persone.¹⁶³ Hierdie artikel is belangrik omdat wanneer kinders ontvoer en uitgebuit of mishandel word, daardie kind se inherente reg op menswaardigheid aangetas word.¹⁶⁴ Hierdie reg is een van die belangrikste fundamentele regte wat die basis vorm vir alle ander regte vervat in die Handves van Regte.

Tesame met die reg op menswaardigheid is vryheid ook van belang waar kinderhandel ter sprake kom. Die Grondwet sit vryheid en sekuriteit van persoon uiteen in artikel 12 en bepaal vervolgens dat elke persoon die reg het om nie van hierdie reg ontnem te word nie asook om vry te wees van enige straf of behandeling wat wreed, onmenslik en vernederend is en vry te wees van

159 Art 2 van die Grondwet. Die artikel lees: “Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligtinge daardeur opgelê, moet nagekom word.”

160 *Horn South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 81. Hierdie is in lyn met talle ander internasionale en regionale instrumente. Dit maak dit moontlik om ’n bepaalde reg toe te staan aan ’n breë groep mense eerder as om die regte te spesifiseer en die risiko te loop dat die toepassing van ’n bepaalde reg net ’n sekere groepe persone beskerm. ’n Voorbeeld van die laasgenoemde tipe reg is bevoorbeeld Art 28 wat net van toepassing is op kinders.

161 Art 28(3) van die Grondwet.

162 Die CRC bepaal ook in Art 1 dat die kind ’n persoon is onder die ouderdom van 18 jaar. Kyk ook *Horn South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 23.

163 Art 10 van die Grondwet. Kyk ook *Horn South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 81.

164 *Horn South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 81.

marteling.¹⁶⁵ Wanneer kinderhandel plaasvind, word die kind sy vryheid ontnem en die fisieke, emosionele en sielkundige mishandeling wat die kind ervaar tydens kinderhandel kan gesien word as wrede en onmenslike behandeling van daardie kind.¹⁶⁶ 'n Verdere bepaling wat van toepassing kan wees by kinderhandel bepaal dat geen persoon onderwerp mag word aan slawerny nie.¹⁶⁷ In die gevalle waar kinderhandel oor 'n tydperk plaasvind en die kind as 'n gevolg daarvan aangehou word, sal daar op die laasgenoemde reg inbreuk gemaak word.¹⁶⁸

Die Grondwet maak verder ook spesifiek voorsiening vir regte van kinders as 'n ewebeeld van die CRC om te voldoen aan Suid-Afrika se verpligting om internasionale instrumente te kodifiseer in nasionale wetgewing. Hierdie regte word uiteengesit in artikel 28 van die Grondwet en onderskryf die beste belang van die kind-beginsel as die deurslaggewende oorweging in elke aspek wat die kind raak.¹⁶⁹ Daar word ook verder bepaal dat kinders teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm moet word.¹⁷⁰ Hierdie bepaling is veral belangrik waar kinderhandel ter sprake kom aangesien kinders juis in hierdie omstandighede misbruik word en dit kan lei tot die inbreukmaking op verskeie ander kinderregte.

165 Art 12(1) (a), (c), (d) en (e) van die Grondwet. Art 12 bepaal dat 'n persoon nie arbitrêr van die reg oip vryheid ontnem moet word nie wat beteken dat 'n persoon wel ontnem kan word van sy vryheid byvoorbeeld in die geval waar 'n persoon gevangenisstraf moet uitdien vir misdad wat gepleeg is.

166 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 82.

167 Art 13 van die Grondwet. Die artikel lees soos volg: "13. Niemand mag aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp word nie."

168 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 82. Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar soms verwys word na kinderhandel as 'n "moderne vorm" van slawerny aangesien die kinders in meeste gevalle aangehou word om hulle te onderwerp aan uitbuiting of eksploitasie.

169 Art 28 (2) van die Grondwet. Die artikel lees soos volg: "(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak". Dit stem ooreen met die beginsel wat in die CRC vervat is wat bepaal dat die beste belang van die kind die primêre oorweging is in elke geval waar die kind ter sprake is. (Artikel 3 van die CRC). Kyk ook Hamman M 2011 *A Tangled Web: Human Trafficking, Child Protection and the Media* http://www.mediamonitoringafrica.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/ waarin die belangrikheid van artikel 28 van die Grondwet bespreek word. Die beste belang van die kind-beginsel is ook bespreek in die *Fletcher v Fletcher* 1948 1 SA 130 (A) 134 waarin bevind is dat dit die primêre oorweging is wanneer die kind se belange oorweeg word.

170 Art 28(1)(d) van die Grondwet. Hierdie reg sluit ook aan by art 28(1)(b) en (c) wat bepaal dat kinders die reg het tot sorg en basiese noodsaaklikhede. Dit is veral belangrik aangesien kinders die reg op basiese voeding, behuising en gesondheidsorg ontnem word wanneer hulle ontvoer word. Kyk ook *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 83. Let ook daarop daar nie slegs 'n verpligting op die Staat rus om kinders se sosio ekonomiese regte te verseker nie maar ook op private individue.

Dit is ook belangrik om te verwys na die Staat se verpligting in terme van hierdie bogenoemde bepalings. Die Grondwet stel 'n verpligting op die Staat om eerstens positief op te tree om misbruik, mishandeling, verwaarlosing of agteruitgang van 'n kind te voorkom en tweedens om 'n kind op wie se regte inbreuk gemaak word te verwyder uit die nadelige omstandighede en wetgewing daar te stel om kinders teen die algemene inbreuk op hulle regte te beskerm.¹⁷¹

Uit die bogenoemde blyk dit dat die Grondwet 'n belangrike basis daarstel vir ander wetgewing wat beginsels rakende kinders uiteensit en veral wetgewing vir die regulering van kinderhandel in Suid-Afrika. Dit is belangrik dat enige wetgewing voldoen aan die bepalings van die Grondwet maar ook dat wetgewing wat kinderhandel reguleer spesifiek die regte in die Handves van Regte inkorporeer en bevorder.

2.4.2 Die Kinderwet

Die *Kinderwet* kan beskryf word as een van die belangrikste dokumente met betrekking tot kinders aangesien dit die enigste wet in Suid-Afrika is wat spesifiek aspekte met betrekking tot kinders reguleer.¹⁷² Dit is dus belangrik dat die bepalings rakende mensehandel wat in hierdie instrument vervat is ook te bespreek. Die *Kinderwet* streef onder andere daarna om te voldoen aan die beginsels soos

171 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 83-84. Hierin word die Staat se verpligting in terme van artikel 28(1)(d) van die Grondwet uiteengesit. Daar kan dus gesê word dat die staat 'n grondwetlike verpligting het om te verseker dat kinders beskerm word teen misbruik, mishandeling, verwaarlosing en agteruitgang.

172 Hamman M 2011 *A Tangled Web: Human Trafficking, Child Protection and the Media* http://www.mediamonitoringafrika.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/ Daar is verskeie ander instrumente wat regte met betrekking tot kinders uiteensit maar die *Kinderwet* sit spesifiek al die regte wat kinders het uiteen en reguleer alle aspekte rakende kinders nes die CRC. Die *Kinderwet* is deur die President geteken op 8 Junie 2006 maar die wet het onlangs eers ten volle (alle artikels of bepalings) in werking getree. Vanaf 1 April 2010 is alle bepalings in die *Kinderwet* in werking volgens Prok R12 in GG 33076 van 1 April 2010. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 100. Let daarop dat die *Child Care Act* 74 van 1983 herroep is en vervang is deur die *Kinderwet*. Die *Child Care* wet sal dus vervolgens nie in hierdie studie bespreek word nie. Daar word egter aangevoer dat sekere dele van die wet steeds gebruik kan word in vervolging van persone indien die handeling gepleeg is voor die herroeping van die wet. Kyk in hierdie verband Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 428.

uiteengesit in die Palermo Protokol asook om kinderhandel te bekamp en om effek te gee aan die beginsels in die Grondwet.¹⁷³

Die *Kinderwet* bepaal dat kinderhandel in Suid Afrika soos volg omskryf kan word:¹⁷⁴

- (a) means the recruitment, sale, supply, transportation, transfer, harbouring or receipt of children, within or across the borders of the Republic-
- (i) by any means, including the use of threat, force or other forms of coercion, abduction, fraud, deception, abuse of power or the giving or receiving of payments or benefits to achieve the consent of a person having control of a child; or
- (ii) due to a position of vulnerability, for the purpose of exploitation; and
- (b) includes the adoption of a child facilitated or secured through illegal means;

Die bogenoemde definisie is soortgelyk aan die definisie wat voorsien is deur die Palermo Protokol soos hierbo bespreek. Daar is egter twee merkbare verskille tussen die *Kinderwet* en die Palermo Protokol se definisies naamlik dat die *Kinderwet* se definisie ook voorsiening maak vir die omstandighede waarin kinders verkoop en voorsien word.¹⁷⁵ Dit is veral belangrik aangesien die kinderhandelpraktik dikwels die oor en weer verkoop van kinders insluit. Die ander verskil is dat die *Kinderwet* ook stipuleer dat die aanneming van 'n kind wat deur onwettige wyses plaasgevind het ook gesien kan word as kinderhandel. Daar moet ook op gelet word dat eksploitasie ook as doel vir die kinderhandel aangevoer word net soos in die Palermo Protokol se definisie.¹⁷⁶

Die aspek van die definisie van eksploitasie in die *Kinderwet* wat ook merkbaar verskil van die een in die Palermo Protokol is met betrekking tot die verwydering van organe. Daar moet daarop gelet word dat die *Kinderwet* 'n breër vorm van eksploitasie met betrekking tot liggaamsdele insluit in hierdie verband aangesien daar in die definisie verwys word na die verwydering van liggaamsdele.¹⁷⁷ Die

173 Hoofstuk 18 van die *Kinderwet*. Meer spesifiek art 281 van die *Kinderwet*. Kyk ook Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 42.

174 Art 1 van die *Kinderwet*.

175 Art 1 van die *Kinderwet*. Verwys spesifiek na deel (a) onder die definisie wat verwys na die verkoop en "supply" van kinders.

176 Art 1 van die *Kinderwet*. Sien deel (a)(ii) van die definisie. Die *Kinderwet* sit ook die definisie vir eksploitasie uiteen en sluit byvoorbeeld alle vorme van slawerny (ook gedwonge huwelike of gebondenheid), seksuele eksploitasie, knegskap, gedwonge arbeid of dienste, kinderarbeid en verwydering van liggaamsdele in.

177 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 102. In hierdie artikel bevind die skrywer dat die voorsiening in die *Kinderwet* van

omskrywing is meer omvattend en is veral 'n belangrike ontwikkeling in die bekamping van kinderhandel aangesien dit ook verwydering van ander liggaamsdele insluit en nie slegs organe nie. Verder in die definisie word daar ook verwys daarna dat kinderhandel plaasvind as gevolg van die kind se kwesbaarheid.¹⁷⁸ Hierdie aspek is ook vervat in die definisie van die Palermo Protokol.

Die *Kinderwet* verbied verder kinderhandel uitdruklik asook enige handeling wat kinderhandel fasiliteer.¹⁷⁹ Art 284 van die wet bepaal onder andere dat daar nie met kinders gehandel mag word nie, selfs al het die kind of sy/haar voog toegestem daartoe en wanneer daar met kinders gehandel word, is daardie kind 'n slagoffer en kan toestemming dus nie as 'n verdediging tot die misdryf gebruik word nie.¹⁸⁰ Fasilitering van kinderhandel soos omskryf in Art 285 van die *Kinderwet* word gesien as 'n omstrede onderwerp aangesien die wet die fasilitering van kinderhandel deur media of ander moderne tegnologie verbied word, maar terselfdertyd bewustheid oor kinderhandel wil handhaaf.¹⁸¹ In hierdie redenering kan daar aangevoer word dat hierdie artikel onproduktief in beskerming teen kinderhandel is.

verwydering van liggaamsdele ook probleme soos die gebruik van kinders se liggaamsdele vir "muti" doeleindes uitsluit aangesien nie slegs organe gebruik word om "muti" te maak en ander tradisionele helingskunste uit te voer nie.

178 Art 1 van die *Kinderwet*. Kyk deel (a)(ii) van die definisie. Daar word aangevoer dat die kwesbaarheid van 'n kind verwys na die feit dat kinders dikwels onder gesag van ouers of ander ouer persone gesien word en dit is juis hierdie gesagsposisie oor kinders wat hulle kwesbaar maak teenoor volwassenes. Kyk ook, rakende hierdie aspek Hamman M 2011 *A Tangled Web: Human Trafficking, Child Protection and the Media* http://www.mediamonitoringafrika.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/

179 Art 284 van die *Kinderwet* verbied kinderhandel terwyl art 285 van die *Kinderwet* enige handeling of optrede verbied wat kinderhandel fasiliteer. Dit sluit byvoorbeeld in dat 'n persoon 'n gebou, kamer of huis huur of onderverhuur met die doel om 'n kinderhandel slagoffer daar te huisves of die advertering, publisering, verkondiging of die veroorsaking dat die laasgenoemde middele inligting wat kinderhandel daarstel of daarop dui. As daar na die alledaagse gebruik van die woord fasiliteer verwys word, sou daar geargumenteer kon word dat die beskuldigde in die *State v Ziegler* saak, soos hierbo bespreek is, gesien kon word as 'n fasiliteerder van mensehandel aangesien die beskuldigde bygedra het tot die moontlikmaking daarvan deur vertalingsdienste aan te bied. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 433. Dit is merkbaar in hierdie artikel dat die gebruik van die internet met betrekking tot kinderhandelgevalle ook bespreek word om aan te pas by die ontwikkeling van tegnologie.

180 Art 284 (1) en (2) van die *Kinderwet*. Sien ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 433.

181 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 433. Mollema voer aan dat alhoewel hierdie artikel verhoed dat kinderhandel openlik geadverteer word en areas soos die kinderpornografie probleem aanvuur, dit byvoorbeeld die publikasie van inligting verhoed wat moontlik kan help om kinderhandel oop te vlek en te bekamp deur bewustheid te skep.

Verder word daar ook 'n verpligting op die Staat geplaas om slagoffers van kinderhandel te help met onder andere fasilitering van hul veilige terugkeer na Suid-Afrika indien die kind 'n burger is of 'n permanente inwoner van Suid-Afrika is.¹⁸² Die bepaling sluit in dat die Staat die kind voorsien van die nodige reisdokumente en in gevalle waar die kind te jonk is om terug te reis word 'n volwasse begeleier aan daardie kind voorsien.¹⁸³ In daardie omstandighede waar die betrokke kind nie 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner van Suid-Afrika is nie, word die kind verwys na 'n sosiale werker waarna die kind dan in veilige sorg geplaas gaan word hangende 'n asiel aansoek.¹⁸⁴ Die *Kinderwet* het dus voorsiening gemaak vir beide die gevalle waar Suid-Afrikaanse kinders na ander lande geneem word vir handel asook waar buitelandse slagoffers in Suid-Afrika se jurisdiksie gevind word. Dit is ook in hierdie gevalle waar internasionale samewerking belangrik raak sodat State kan saamwerk in die bekamping en vervolging in kinderhandel gevalle. Dit is om hierdie rede dat internasionale samewerking ook inkorporeer is in die *Kinderwet*.¹⁸⁵

Kruger en Oosthuizen¹⁸⁶ voer aan dat dit nie slegs vreemdelinge is wat met kinders handel vir die doel om hulle organe te verwyder nie maar soms ook kinders se ouers of voog.¹⁸⁷ In hierdie omstandighede sal kinders ook beskerming geniet onder die *Kinderwet* teen mishandeling of misbruik deur hulle ouers of ander persone wat ouerlike regte en verantwoordelike oor hul gevestig het.¹⁸⁸ In kinderhandelgevalle word kinders dikwels blootgestel aan misbruik deur die laasgenoemde persone wat onder meer fisiese misbruik en blootstelling aan sielkundige of emosionele nadelige

182 Art 286(1)(a) van die *Kinderwet*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 433.

Art 286 (1) en (2) van die *Kinderwet*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 433. Die Staat moet die kostes van die volwasse begeleier dra en dit word slegs gedoen in gevalle waar die kind se voog of ouer nie na die land kan reis waar die kind is om hom/haar terug te begelei nie.

184 Art 289(1) en (2) van die *Kinderwet*. In die geval waar daar bevind word dat die kind wel sorg en beskerming benodig, sal die kind in Suid-Afrika bly. Indien die hof bevind dat die terugkeer van die kind na die land van oorsprong geen vooroordeel of nadeel vir die kind inhou nie (byvoorbeeld nodige sorg vir die kind en beskerming teen verdere kinderhandel blootstelling), sal die kind terug gestuur word na daardie land en besit ook oor die voordeel van 'n volwasse begeleier indien die staat dit nodig ag. Sien ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 434 en Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 43.

185 Art 283 (1)(a) en (b) van die *Kinderwet*. Sien Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 43.

186 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER*

187 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 303.

188 Art 305(3) van die *Kinderwet*. Hierin word bepaal dat 'n ouer, ander person met ouerlike regte en verantwoordelikhede of 'n ander person wat vrywilliglik vir die kind sorg is skuldig van 'n misdryf indien daardie person die kind misbruik of verwaarloos.

omstandighede insluit.¹⁸⁹ Mollema¹⁹⁰ bevind dat hierdie deel van die *Kinderwet* die vervolging en straf van oortreders meer effektief maak aangesien 'n groter verskeidenheid persone aanspreeklik gehou kan word vir kinderhandel en nie slegs persone wat 'n vreemdeling is teenoor die kind nie.¹⁹¹

Die *Kinderwet* bepaal ook verder die strafbaarheid van die oortreding. Die straf vir kinderhandel is 'n boete en gevangenisstraf wat nie 'n tydperk van 20 jaar te bowe gaan nie indien 'n oortreder skuldig bevind word.¹⁹² Hierdie is die ergste straf wat opgelê kan word volgens die *Kinderwet* en die gevangenisstraf en boete kan ook gekombineer word. Ander oortredings sluit byvoorbeeld 'n maksimum gevangenisstraf van tien jaar in gekombineer met 'n boete.¹⁹³

Skrywers se opinies oor die beskerming wat die *Kinderwet* bied is onder andere dat dit geen strategieë uiteensit vir die voorkoming van kinderhandel, bewusmaking daarvan of voorsiening van inligting rakende kinderhandel nie.¹⁹⁴ Daar word ook aangevoer dat sommige oortredings in die wet geen straf daarstel indien die oortredings wel plaasvind nie.¹⁹⁵ Daar is ook geen langtermyn reïntegrasieprogram vir kinderhandelslagoffers of voorsiening vir daardie gevalle waar kinders inkrimineer word by misdrywe wat hulle moontlik gepleeg het as gevolg van die kinderhandel nie.¹⁹⁶ 'n Voordeel van die bepalings in die *Kinderwet* is dat kinderhandeloortreders

189 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 303. Art 1 van die *Kinderwet* definieer "misbruik" as enige vorm van leed of mishandeling wat opsetlik toegedien is aan 'n kind, en sluit in die aanranding van 'n kind of die toediening van enige ander vorm van opsetlike besering aan 'n kind; seksuele misbruik van 'n kind of om toe te laat dat 'n kind seksueel misbruik word; afknouery deur 'n ander kind; 'n arbeidspraktyk wat 'n kind uitbuit; of blootstelling of onderwerping van kind aan gedrag wat die kind sielkundig of emosioneel benadeel;

190 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study*.

191 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 433.

192 Art 305 (8) van die *Kinderwet*.

193 Art 305 (6)(7) van die *Kinderwet*.

194 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 43. Kreston voer aan dat die *Kinderwet* geen voorkomingsmeganisme het nie en bloot begin deur kinderhandel te kriminaliseer. Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 435. Die skrywer voer aan dat daar geen spesiale ondersoekenhede daargestel is vir voorkoming van kinderhandel nie. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 109. Hierdie skrywer voer ook aan dat gespesialiseerde vervolgingsmeganismes benodig word vir vervolging van spesifiek kinderhandelaars.

195 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 433. Die skrywer lig byvoorbeeld art 285 (2) van die *Kinderwet* uit wat bepaal dat internetdiensverskaffers aan die SAPD moet rapporteer indien enige handeling in subartikel (1) genoem verrig word maar versuim om enige straf voor te skryf indien die Internetdiensverskaffer versuim om aan die SAPD te rapporteer.

196 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 434 - 435.

wat Suid-Afrikaanse burgers is of permanente inwoners van Suid-Afrika is, kan vervolgt word in ander lande waar kinderhandel byvoorbeeld nie 'n misdryf is nie.¹⁹⁷ Dit bied beskerming aan slagoffers teen oortreders vanaf Suid-Afrika selfs al pleeg hierdie oortreder die misdryf in 'n land waar kinderhandel nie formeel verbied word nie.

Alhoewel die *Kinderwet* geprys is as die belangrikste wetgewing met betrekking tot kinders en daar wel bepalings met betrekking tot kinderhandel vervat is in hoofstuk 18 van die *Kinderwet*, bied die bepalings nie ten volle voorkoming, beskerming, post-handel prosedures en voldoende vervolgingsprosedures nie. Mollema¹⁹⁸ het egter bevind dat die deel in die *Kinderwet* slegs gesien moet word as die minimum tydelike bepalings hangende meer gespesialiseerde en situasie-spesifieke wetgewing ingevolge Suid-Afrika se internasionale en regionale verpligtinge. Die *Kinderwet* is dus 'n belangrike nasionale maatreël wat beskerming bied aan kinderhandelslagoffers maar moes slegs as tydelike meganisme gebruik word hangende die inwerkingtreding van ander nasionale wetgewing soos die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act*.

2.4.3 Die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdad

Dit is reeds hierbo in die studie genoem dat kinderhandel dikwels plaasvind op so 'n wyse dat dit bestempel kan word as 'n georganiseerde misdad. Met kinderhandel is daar verskeie persone betrokke in die pleging van 'n misdryf en dit streef dus na 'n gesamentlike doelwit.¹⁹⁹ Dit is daarom ook belangrik om hierdie wet te bestudeer om te bepaal watter beskerming dit aan kinders bied teen kinderhandel.

Dit is dikwels moeilik om persone skuldig te vind aan kinderhandel as gevolg van die verskillende elemente wat aan 'n persoon toegereken moet en daar dikwels meer as een persoon betrokke is by die misdad. Soos hierbo bespreek is dit dan moeilik om

Verdere beskerming van kinderhandelslagoffers word nie aangeraak nie en kinders het ook nie die moontlikheid om vergoed te word of regstelling te ontvang vanaf die oortreder nie. Kyk ook Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 43. Die skrywer voer ook aan dat daar geen sielkundige of mediese bystand vir kinderhandelslagoffers aangebied word nie.

197 Art 291 van die *Kinderwet*. Hierdie ekstra-territoriale beskerming is in lyn met artikel 4 van die Palermo Protokol wat bepaal dat die protokol oor grense heen van toepassing is.

198 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 435 – 436.

199 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 304.

alle elemente van die misdaad aan een persoon toe te dig.²⁰⁰ Daar word dus aanbeveel dat die organisasie betrokke by die misdryf vervolg moet word eerder as die individue.²⁰¹ Ackermann J²⁰² het ook hierdie benadering gevolg in *NDPP v Mohamed* en bevind vervolgens in hierdie saak:

It is common cause that conventional criminal penalties are inadequate as measures of deterrence when organised crime leaders are able to retain the considerable gains derived from organised crime, even on those occasions when they are brought to justice... Various international instruments deal with the problem of international crime in this regard and it is now widely accepted in the international community that criminals should be stripped of the proceeds of their crimes, the purpose being to remove the incentive for crime, not to punish them. This approach has similarly been adopted by our legislature.

Die *Wet op Georganiseerde Misdad* inkorporeer ook hierdie benadering tot georganiseerde groepe en vergemaklik die vervolging van die persone betrokke by kinderhandel deur handeling soos georganiseerde misdaad, rampokkery en kriminele bende-aktiwiteite te kriminaliseer.²⁰³ Hierdie tipes aktiwiteite is dikwels betrokke by kinderhandel. Ander dele van die wet wat van toepassing is by kinderhandel is byvoorbeeld hoofstuk 4 wat bepalings rakende kriminele bendes uiteensit.²⁰⁴ Daar is dikwels bendes betrokke by kinderhandel en daarom is hierdie

200 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 436. In hierdie artikel word daar bevind dat staatsaanklaers dikwels hierdie wet gebruik om persone betrokke by georganiseerde misdaad te vervolg eerder as om 'n persoon te probeer vervolg op grond van die mensehandelwetgewing wat beskikbaar is. Kyk ook Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 304. Hierin is bevind dat nog 'n rede waarom dit moeilik is om persone betrokke by 'n georganiseerde groep te vervolg is weens hulle kriminele kennis, effektiewe gebruik van tegnologie en die feit dat die misdaad oor grense en kontinente heen gepleeg word.

201 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 304.

202 *National Director of Public Prosecutions v Mohamed* NO 2003 (4) SA 1 (CC) 15.

203 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 436. Art 1 van die Wet omskryf kriminele bendes as: " 'n formele of informele voortdurende organisasie, vereniging of groep van drie of meer persone, wat as een van sy aktiwiteite het die pleging van een of meer misdrywe wat 'n identifiseerbare naam of uitkennende teken of simbool het, en wie se lede, individueel of gesamentlik in 'n patroon van kriminele bende-aktiwiteite betrokke is of betrokke geraak het". Rampokkery word breedweg bespreek in artikel 2 van die Wet maar nie gedefinieer in artikel 1 nie. Dit kan kortliks verduidelik word as die verkryging van geld onwettig, deur afpersing of onwettige besigheidsaktiwiteite gewoonlik deur georganiseerde misdade. Dit kan ook gesien word as 'n patroon waarin onwettige aktiwiteite plaasvind as deel van 'n onderneming gestig deur die misdadigers.

204 Hoofstuk 4 van die *Wet of Voorkoming van Georganiseerde Misdad*. Let ook op Hoofstuk 3 wat in besonder verwys na die gevalle waar persone bewus was van eiendom wat gebruik word vir kriminele aktiwiteite hoofsaaklik om die aard, herkoms, ligging en beweging van die eiendom te verbloem of verdoesel. Indien hierdie persoon oor hierdie kennis besit het maar nie die nodige staatsinstansies in kennis stel daarvan nie, is die persoon skuldig aan 'n misdryf.

bepaling van ewe belang in die poging om kinderhandel te bekamp.²⁰⁵ In hoofstuk 6 word daar ook verwys na die vervolging van individuele aktiwiteite en nie slegs georganiseerde misdade nie.²⁰⁶ Hierdie is veral belangrik aangesien persone wat betrokke is by kinderhandel in terme van hierdie Wet verantwoordelik gehou kan word vir individuele misdade.²⁰⁷

Daar word verder gefokus op die eliminerings van die dryfkrag agter kinderhandel naamlik geldelike gewin. Die wet bepaal dat al die oprengste van onwettige handeling teruggeëis kan word en die siviele verbeurdverklaring van enige bates verkry of gebruik in die loop van die kriminele aktiwiteite kan bewerkstellig word deur wet.²⁰⁸ Geldwassery is ook een van die handeling wat gekriminaliseer word in die wet en die oordrag van gelde verkry uit die handel in kinders (en in hierdie geval vir die doel om hul organe te verwyder) in 'n poging om die oorsprong van die gelde te verbloem is dus ook strafbaar in terme van hierdie wet.²⁰⁹

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat hierdie wet die monetêre aspek van georganiseerde misdade teiken in 'n poging om die voorkoms daarvan te verminder. Dit is dus 'n moontlike oplossing tot die universele probleem deur die organisasie en hul geldelike dryfkrag te teiken eerder as om te fokus op die individuele vervolging aangesien die individue slegs 'n klein deel is van 'n groter georganiseerde organisasie.

205 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 93. Kyk ook Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 304 – 305 vir 'n bespreking rondom bendes.

206 Hoofstuk 6 van die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 438. Hierdie hoofstuk is belangrik aangesien daar bepaal word dat bates wat verkry is in die proses van kinderhandel gekonfiskeer kan word. Kyk Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 92.

207 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 438.

208 Art 18, 26, 30-33, 38-39 en 50 van die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad*. Kyk ook Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 306.

209 Art 4, 5 en 6 van die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 438.

2.4.4 Nasionale Gesondheidswet 61 van 2003

Suid-Afrika het geen spesifieke wetgewing wat uitsluitel gee oor die aspekte rakende kinderhandel vir die doel om in organe te handel te dryf nie.²¹⁰ Die *Nasionale Gesondheidswet*²¹¹ is die naaste wet wat die mediese aspekte rakende kinderhandel reguleer. Dit is juis om hierdie rede dat hierdie wet ook van belang is in die bespreking van die nasionale raamwerk rakende kinderhandel.

Dit is belangrik om ook daarop te let dat die *Wet op Menslike Weefsel*²¹² voorheen aspekte rakende menslike weefsels, organe en liggaamsdele gereguleer het, maar vevang is deur die *Nasionale Gesondheidswet*.²¹³ Die hoofstuk wat van belang is veral by kinderhandel gevalle sal vervolgens bespreek word.

Die beginsels wat van belang is by kinderhandel word onder meer in hoofstuk agt van die wet gevind. Die belangrikste artikels is onder andere artikels 55 en 56 wat spesifieke aspekte rakende die verwydering en gebruik van menslike organe raak, terwyl die persoon waaruit die organe verwyder word nog lewe omskryf.²¹⁴ Hierin word bepaal dat geen organe vanaf 'n lewende persoon verwyder mag word tensy die nodige toestemming verkry is en die voorgeskrewe maatreëls rakende die verwydering nagekom is nie.²¹⁵

210 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 458. Daar is wel 'n nuwe wet, soos reeds hierbo aangeraak en later in die studie volledig bespreek word, wat kinderhandel bespreek maar geen wet wat kinderhandel vir die doel van orgaanverwydering en die tegnies mediese aspekte daaromtrent aanraak nie.

211 Die *Nasionale Gesondheidswet* 61 van 2003 is op 18 Julie 2004 geteken deur die President en het in werking getree 2 Mei 2005. Kyk ook Pepper 2012 *SAMJ* 736.

212 *Wet op Menslike Weefsel* 65 van 1983.

213 Pepper 2012 *SAMJ* 736. Die *Wet op Menslike Weefsel* is herroep en die beginsels wat daarin vervat was is inkorporeer in die *Nasionale Gesondheidswet*. Daardie beginsels wat nie in die wet self vervat is nie, is omskep in die regulasies tot die *Nasionale Gesondheidswet*. Kyk ook McQuoid-Mason 2012 *SAMJ*

214 Arts 55 en 56 van die *Nasionale Gesondheidswet*. Art 55 bevat die vereistes rakende die verwydering van organe uit persone wat lewendig is en Art 56 omskryf waarvoor die organe wat uit die lewende persone verwyder is gebruik mag word.

215 Art 55 van die *Nasionale Gesondheidswet* is soos volg: A person may not remove tissue, blood, a blood product or gametes from the body of another living person for the purpose referred to in section 56 unless it is done—

(a) with the written consent of the person from whom the tissue, blood, blood product or gametes are removed granted in the prescribed manner; and

(b) in accordance with prescribed conditions.

Die presiese betekenis van die voorgeskrewe voorwaardes soos uiteengesit in hierdie artikel is onbekend en moontlik 'n negatiewe aspek van hierdie wet aangesien selfs die regulasies tot die wet nie voorsiening maak vir die beskrywing van die voorgeskrewe maatreëls nie. Dit

Die wet bepaal verder dat dit 'n oortreding is vir enige persoon om finansiële of enige ander beloning te ontvang vir die skenk van menslike organe of weefsels.²¹⁶ Daar word ook bepaal dat die verkoop van organe as 'n strafbare oortreding bestempel word.²¹⁷ Hierdie bepaling is veral belangrik in hierdie studie aangesien die organe wat uit kinderhandelsslagers verwyder word, word meestal in ander persone oorgeplaas word vir finansiële gewin.

In *State v Ziegler*²¹⁸ het die hof met die tolk wat betrokke was in die *Netcare* saak 'n pleitooreenkoms aangegaan. Hierin het die hof weer eens die aspekte betrokke by mensehandel uitgelig en herhaal dat 'n persoon wat finansiële gewin uit die vervanging of verkoop van organe verkry, hulle blootstel aan strafbaarheid weens misdadpleging.²¹⁹ In hierdie saak was die beskuldigde slegs 'n werknemer en aangestel as 'n tolk aangesien die slagoffers en die orgaanontvangers andertalig was. Die hof het hom steeds vervolgt aangesien die beskuldigde betrokke was by hierdie mensehandelaksies en bewus was dat hierdie handelinge onwettig was maar steeds sy dienste verskaf het teen betaling.²²⁰ Alhoewel hierdie beskuldigde vervolgt is in terme van die *Wet op Menslike Weefsel*²²¹ is dit steeds relevant aangesien die beginsels in hierdie wet hervat is in die *Nasionale Gesondheidswet*. Die saak dien ook as voorbeeld dat alle persone betrokke by mensehandel in elke aspek van die

is egter steeds in die diskussie van die Minister om regulasies daar te stel in terme van artikel 68 van die wet.

- 216 Art 60(4)(a) van die *Nasionale Gesondheidswet*. Die wet maak egter voorsiening daarvoor dat die orgaanskenker vergoed word vir redelike uitgawes aangegaan ten einde die organe te skenk. Die definisie van redelike uitgawes is nie vervat in die wet nie maar sal moontlik omskryf word in die regulasies rakende hoofstuk 8. Daar is egter al bevind deur ander lande se toepassing van hierdie bepaling te bestudeer dat redelike kostes byvoorbeeld gesondheidsorgkoste, reiskoste en verblyf tydens skenking kan insluit. Indien die Minister nie hierdie aspek opklaar in die regulasies met betrekking tot Hoofstuk 8 nie, sal dit weer eens 'n probleem skep waarby persone onwettiglik betaling ontvang vir orgaan skenking. Kyk in hierdie verband Slabbert, Mnyoungani en Goolam 2011 *Koers* 268 en Slabbert 2008 *Koers* 88. Kyk verder ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 458.
- 217 Art 60(4)(b) van die *Nasionale Gesondheidswet*. Kyk ook Art 60(1) van die *Nasionale Gesondheidswet*. Hierdie artikel bevat streng regulasies met betrekking tot betaling vir verkryging of verskaffing van organe. Die strafbaarheid van hierdie oortreding is egter kommerwekkend. Daar word bepaal in Art 60 (5) dat die oortreding strafbaar is met 'n boete of vyf jaar tronkstraf. Hierdie is nie 'n streng genoeg straf om ootreders te verhoed om kinderhandel praktyke te behartig nie. Kyk ook Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 309 en Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 459.
- 218 *State v Samuel Ziegler* saak nommer 41/1816/2010 (KZN) (ongeraporteerde beslissing). In hierdie saak het die beskuldigde skuld erken en 'n pleitooreenkoms aangegaan in terme van artikel 105A van die *Strafproseswet* 51 van 1977.
- 219 *State v Samuel Ziegler* saak nommer 41/1816/2010 (KZN) (ongeraporteerde beslissing) 3.
- 220 *State v Samuel Ziegler* saak nommer 41/1816/2010 (KZN) (ongeraporteerde beslissing) 6.
- 221 *Wet op Menslike Weefsel* 65 van 1983.

proses moet vervolg word om sodoende die voorkoming van mensehandel te bewerkstellig.

'n Aspek wat die *Nasionale Gesondheidswet* nalaat om te reguleer is die kriminalisering van die besit van organe. Hierdie aspek is veral problematies aangesien persone dikwels betrap word met reeds verwyderde organe en daar dus geen bepalinge in die *Kinderwet* is wat sulke gevalle reguleer nie.²²² Dit is dikwels moeilik of selfs onmoontlik om in hierdie gevalle te bewys dat die persoon wat in besit is van die organe dit wou verkoop of selfs met kinders gehandel het waarvan hulle organe verwyder is.

Die *Nasionale Gesondheidswet* het in 'n mate deel gehad aan die bekamping van kinderhandel met die doel om organe te verwyder. Daar is egter leemtes in hierdie wet soos hierbo uitgelig. Met die inwerkingtreding van die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* wat spesifiek mensehandel reguleer, is daar 'n vooruitsig van moontlike regulering van mensehandel in terme van hierdie wet, eerder as om gebruik te maak van die *Nasionale Gesondheidswet*.

2.4.5 Ander wetgewing

Daar is ook verskeie ander stukke wetgewing wat gebruik kan word in gevalle waar kinderhandel vir die doel om organe te verwyder voorkom. Elkeen van die wette hieronder word deur die betrokke vervolgingsgesag implementeer afhangende van elke individuele saak se aard en omstandighede. Deurgaans moet daar ook in gedagte gehou word dat Suid-Afrika 'n internasionale en regionale verpligting het ten opsigte van nasionale wetgewing wat kinderhandelaspekte reguleer. Dit is daarom dat die wetgewing wat hieronder bespreek word kortliks bespreek word ten einde die nasionale raamwerk met betrekking tot kinderhandel volledig uiteen te sit.

222 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 309.

2.4.5.1 *Immigrasie Wet 13 van 2002*

Die *Immigrasie Wet* reguleer onder andere watter persone verhoed word om na Suid-Afrika te kom, hetsy tydelik of permanent en kan gebruik word in 'n poging om kinderhandel te voorkom.²²³ Die *Immigrasie Wet* fokus op die arrestasie en repatriasie van onwettige immigrante binne Suid-Afrika en behels soms deportasie van sulke persone.²²⁴ Dit gebeur dikwels dat die slagoffers van kinderhandel ontvoer word en nie oor die nodige dokumentasie beskik om wettig teenwoordig in Suid-Afrika geag te word nie. Hierdie omstandighede lei daartoe dat die slagoffers gedeporteer word sonder om erken te word as slagoffers van kinderhandel wat op sy beurt daartoe lei dat die kind weer blootgestel word aan kinderhandel.²²⁵

Daar is vier entiteite wat tans aangestel is om die terugkeer of asiel van onwettige immigrante te fasiliteer, naamlik die Departement van Binnelandse Sake, SANDF, SAPD en SAPD Grensbeheer, maar hierdie entiteite funksioneer oneffektief aangesien die nodige samewerking tussen die entiteite minimaal is.²²⁶ Dit is veral problematies aangesien die vermindering in die effektiwiteit van die stelsels wat daargestel is om kinderhandel vir die doel om organe te verwyder reguleer, daartoe lei dat kinderhandelaktiwiteite steeds plaasvind.

Met inagneming van die bogenoemde, kan daar bevind word dat hierdie wet poog om te verhoed dat ongewenste persone die grense van Suid-Afrika binnekom wat ook indirek die kinders in Suid-Afrika beskerm teen die onwettige immigrante. Die wet verseker ook dat onwettige immigrante nie in die land aanbly nie maar

223 Art 29 (1) van die *Immigrasie Wet*. Hierdie wet bepaal onder andere dat die volgende persone nie tydelike of permanente verblyf permit in Suid-Afrika kan verkry nie: persone wat 'n aansteeklike siekte het, enige persoon met 'n skuldigbevinding teen hom/haar of 'n lasbrief teen hom/haar in Suid-Afrika of die land waar vanaf die persoon kom vir handeling soos terrorisme, moord, marteling, volksmoord, dwelmshandel, geldwassery of ontvoering ensovoorts. Hierdie bepaling is daargestel om te verhoed dat "gevaarlike of moontlik gevaarlike" persone oor die grense in Suid-Afrika inkom. Kyk ook Art 30 vir die omskrywing van ongewenste persone wat verhoed word om Suid-Afrika binne te kom in 'n poging om misdrywe te voorkom.

224 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 438-439. Hierdie kan as 'n problematiese bepaling gesien word aangesien kinders teruggestuur word na die land waar vanaf hulle geneem is. Daar moet egter onthou word dat daar verskeie ander maatreëls in plek is wat kinders in Suid-Afrika kan hou indien hulle slagoffers van kinderhandel is. Kyk hiervoor ook die *Kinderwet*.

225 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 440.

226 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 440.

teruggestuur of deporteer word na die land van oorsprong. Die laasgenoemde is egter nie die geval met kinderhandelsslaggoffers nie aangesien daar eers ondersoek ingestel word na die omstandighede van die kind asook die omstandighede in die land van oorsprong voor repatriasie plaasvind.²²⁷

2.4.5.2 *Wet op Intimidasie* 72 van 1982

Die *Wet op Intimidasie* poog om die aanranding, fisieke geweld en besering van kinders asook die vrees wat hulle het vir hul lewe in die kinderhandelproses verhoed deur die oortreders betrokke daarby te vervolg op grond daarvan dat hulle handeling 'n misdryf daarstel in terme van hierdie wet.²²⁸ Die straf vir oortreding van hierdie wet sluit onder andere 'n R40 000.00 boete of 'n maksimum van tien jaar gevangenisstraf in.²²⁹ Daar moet op gelet word dat die *Wet op Intimidasie* voorsiening maak vir verskeie gevalle van intimidasie. Beide doelbewuste intimiderende aksies en die veroorsaking van 'n intimiderende toestand sonder die doelbewustheidselement word verbied deur die hierdie wet.²³⁰ In die bevegting van kinderhandel vir die doel om organe te verwyder kan hierdie wet toepassing vind deur dit te gebruik ten einde 'n kinderhandeloortreder te vervolg vir die intimidasie wat plaasvind teenoor die kinderhandel slagoffer. Sulke intimidasie kan byvoorbeeld insluit dat die kind intimideer word om te glo dat submissie tot die eksploitasie onvermydelik is en die enigste uitweg vir finansiële gewin is.

227 Kyk in hierdie verband die bespreking met betrekking tot deportasie van mensehandelsslaggoffers soos bespreek in hoofstuk 3 van hierdie studie.

228 Art 1 (a) en (b)(i) van die *Wet op Intimidasie*. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 110 - 111. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 445. In hierdie artikel voer die skrywer aan dat persone dikwels geïntimideer word om deel te neem aan mensehandelsituasies.

229 Art 1(1) van die *Wet op Intimidasie*.

230 Art 1(1)(a) en 1(1)(b) van die *Wet op Intimidasie*. Die laasgenoemde geval kan insluit dat die slagoffer nie geïntimideer was deur die toestand of situasie wat geskep is nie maar die blote skep van daardie situasie is strafbaar. Kyk in hierdie verband Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 445 – 446. Hierin word die moontlikheid van vreeskepping ook bespreek en dieselfde beginsel as met intimidasie bestaan ook hier, selfs al word vrees nie werklik gekweek by die slagoffer nie; die blote feit dat dit die oortreder se doel was is strafbaar.

2.4.5.3 *Prevention and Combating of Corrupt Activities Act 12 van 2004*

Hierdie wet word onder andere gebruik om korrupsie te voorkom, veral in die geval van kinderhandelaktiwiteite.²³¹ Daar word 'n breë verbod op korrupsie in die algemeen geplaas wat beteken dat enige persoon wat voordeel aan 'n ander persoon aanbied of gee in ruil vir daardie persoon om oneerlik of onwettig op te tree skuldig is aan korrupsie.²³² Hierdie wet verleen ook aan Suid-Afrika ekstra-territoriale jurisdiksie wat weer eens aan Suid-Afrika die reg gee om persone in ander lande te vervolg vir korrupsie wat gepleeg is in Suid-Afrika.²³³ Hierdie bepaling is veral behulpsaam indien kinderhandeloortreders byvoorbeeld korrupsie pleeg by grensposte deur die grensbeamptes geld aan te bied in ruil vir hulle stilswye met betrekking tot die kinders waarmee gehandel gaan word. Die oortreders verlaat daarna Suid-Afrika maar kan vervolg word op grond daarvan dat die korrupsie in Suid-Afrika plaasgevind het.

2.4.5.4 *Wet op Oproerige Byeenkomste 17 van 1965*

Die *Wet op Oproerige Byeenkomste* maak dit moontlik om alle persone betrokke by die kinderhandelproses te vervolg op grond van sameswering om 'n misdryf te pleeg.²³⁴ Dit is reeds bekend dat kinderhandel gewoonlik plaasvind deur 'n groep persone wat saamwerk om kinderhandel te pleeg met die doel om die kind se organe te verwyder te bewerkstellig en met hierdie wet kan die groep vervolg word vir sameswering.²³⁵ In hierdie geval is dit noodsaaklik dat een persoon saamsweer met 'n ander vir die doel om 'n misdryf te pleeg hoewel die misdryf nie voltooi hoef te

231 Art 3 van die *Prevention and Combating of Corrupt Activities Act 12 van 2004*. 'n Voorbeeld waar hierdie wet byvoorbeeld kan toepassing vind is waar grensamptenare geld aanvaar in ruil daarvoor dat die onwettige immigrante oor die grens mag gaan vir kinderhandel met die doel om hul organe te verwyder.

232 Art 3 – 21 van die *Prevention and Combating of Corrupt Activities Act*. Die straf vir korrupsie indien 'n persoon skuldig bevind word is 'n maksimum van vyf jaar (in die Landdroshof) tot lewenslange gevangenisstraf (in die Hooggeregshof). 'n Boete kan ook alleen opgelê word of gesamentlik met die gevangenisstraf.

233 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 448.

234 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 444.

235 Art 18 van die *Wet op Oproerige Byeenkomste*. Hierdie artikel reguleer sameswering en omskryf dit as: enige persoon wat saamsweer met enige ander persoon of daardie persoon aanhits, aanstig, beveel of verkry om 'n misdryf te pleeg (hetsy gemene of statutêre misdrywe), sal skuldig wees aan 'n misdryf en skuldig bevind word en straf toegedien word in dieselfde mate as wat die persoon sou indien die misdryf voltooi sou wees.

wees voordat die persone vervolgt word nie.²³⁶ Alhoewel hierdie wet voorkoming van kinderhandel kan bewerkstellig, moet daar ook daarop gelet word dat die wet nie ekstra-territoriale jurisdiksie aan Suid-Afrika verleen nie en dus net toepassing vind indien persone binne Suid-Afrika saamsweer.²³⁷

2.4.5.4 *Wet op Vluchteling* 130 van 1998

Die *Wet op Vluchteling* in teenstelling met die *Immigrasie Wet* reguleer spesifiek persone wat na Suid-Afrika kom op soek na asiel en die *Wet op Vluchteling* reguleer dus die aansoek vir en erkenning van vluchteling.²³⁸ Kinderhandelsslachoffers kan dus aansoek doen in Suid-Afrika vir asiel in die geval waar hulle vrees vir vervolging wanneer hul terugkeer na die land van herkoms.²³⁹ Dit word egter nie aanbeveel dat kinderhandelsslachoffers aansoek doen vir asiel nie aangesien Suid-Afrika se integrasieprogram vir vluchteling onder andere behels dat vluchteling self fondse bekom vir behuising en voedsel en dikwels blootgestel word aan ander gevalle soos byvoorbeeld xenofobiese aanvalle.²⁴⁰

2.4.5.5 *Wet op Uitlewering* 67 van 1962

Die *Wet op Uitlewering* maak voorsiening vir die uitlewering van kinderhandeloortreders en meeste lande oor die wêreld heen erken mensehandel as 'n misdryf. Suid-Afrika kan dus ingevolge hierdie wet versoek dat 'n land waarmee Suid-Afrika 'n uitleweringsooreenkoms het, die oortreder betrokke by kinderhandel vrylaat in Suid-Afrika se jurisdiksie.²⁴¹ In gevalle waar Suid-Afrika nie 'n uitleweringsooreenkoms met die ander land gesluit het nie, kan uitlewering steeds

236 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 444. Dit is egter meer gewens dat indien die misdryf reeds plaasgevind het dat die beskuldigde eerder op grond daarvan vervolgt word as op grond van sameswering.

237 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 444.

238 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 441.

239 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 441.

240 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 441. Die Regering befonds nie vluchtelingkampe nie en het ook geen subsidies daarvoor nie.

241 Art 2(1) en (3) van die *Wet op Uitlewering*. Wanneer Suid-Afrika so 'n uitleweringsooreenkoms met 'n ander land het, sal die ander land die beskuldigde of oortreder vrywilliglik oorhandig of uitlewer aan Suid-Afrika. Die gevalle waar uitlewering nie toegelaat is nie is wanneer die beskuldigde 'n moontlike doodstraf opgelê kan word in die land wat uitlewering versoek. Versoeke word gewoonlik geweier op grond van artikel 11 van die *Wet op Uitlewering*.

plaasvind indien die President daartoe toestem.²⁴² Die *Wet op Uitlewering* kan spesifiek gebruik word om kinderhandeloortreders wat na ander lande gevlug het op te spoor en terug te bring na Suid-Afrika toe om verhoor te word vir die misdrywe wat gepleeg is.

2.4.5.6 *Wet op Internasionale Samewerking in Strafregtelike Aangeleenthede* 75 van 1996

Hierdie wet se hoofdoel is om die verhoging in misdaad en en die beweeglikheid van persone in die kinderhandelbedryf aan te spreek. Ten einde hierdie probleem te verminder of bekamp is internasionale samewerking tussen die lande van oorsprong, vervoer en lande van bestemming belangrik. Hierdie samewerking is wyer as daardie wat van belang is by uitlewering aangesien uitlewering slegs trans-nasionaal is en hierdie wet internasionale toepassing vind.²⁴³ Sodoende kan oortreders van reg oor die wêreld opgespoor word en met samewerking van die lande hierby betrokke die oortreder vervolg.²⁴⁴ Hierdie is veral belangrik in die voorkoming en vervolging van kinderhandelaars aangesien die misdryf dikwels oor grense heen plaasvind en nie slegs in een land nie.²⁴⁵ Hierdie wet maak ook voorsiening vir die beslaglegging op en oordrag van opbrengste verkry uit misdrywe tussen Suid-Afrika en buitelandse state.²⁴⁶ Hierdie bepaling teiken veral die finansiële aspek met betrekking tot kinderhandel om sodoende die finansiële dryfkrag agter hierdie bedryf te demp.

242 Art 3(2) van die *Wet op Uitlewering*. In hierdie geval is skriftelike toestemming 'n vereiste.

243 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 442. Lande help mekaar deur byvoorbeeld inligting te voorsien, openbare dokumente bekend te maak soos byvoorbeeld hofbevele, die opsporing van persone en getuies en die afdwinging van 'n buitelandse hofbevel.

244 Art 13 tot 18 van die *Wet op Internasionale Samewerking in Strafregtelike Aangeleenthede*. Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 443. Waar 'n oortreder byvoorbeeld vergoeding aan 'n slagoffer moet betaal en slegs eiendom in die buiteland besit, kan die voordele van daardie eiendom verkry word deur samewerking van daardie land en met gebruikmaking van hierdie wet. Kyk ook hoofstuk 4 van hierdie wet.

245 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 444. Die skrywer voer ook aan dat daar 'n gesamentlike verbintenis moet wees tot die bestryding of bekamping van misdrywe oor grense heen soos vereis deur die "rule of law".

246 Art 19 – 26 van die *Wet op Internasionale Samewerking in Strafregtelike Aangeleenthede*. In terme van hierdie artikels kan Suid-Afrika die buitelandse staat nader vir bystand om 'n inbeslagnemingsbevel te verkry en in Suid-Afrika uit te voer in die buitelandse staat waar die oortreder se eiendom geleë is.

2.4.5.7 *Wet op Getuiebeskerming* 112 van 1998

Die *Wet op Getuie beskerming* bied beskerming aan kinderhandelsslaggoffers wat vervolgens teen die oortreders moet getuig. In hierdie gevalle moet die slagoffers verseker wees dat hulle beskerm gaan word teen enige intimidasie en skade wat hulle mag ly as gevolg van die getuienis wat gelewer word.²⁴⁷ Die beskerming wat die staat aan getuies bied kan tydelik of permanent wees en kan ook uitgebrei word tot familiebeskerming.²⁴⁸ Die getuie wat aanvoer dat sy of haar of enige van hul familielede se veiligheid bedreig word, kan aansoek doen vir getuiebeskerming.²⁴⁹ Een voordeel van die getuiebeskermingsprogram is dat die slagoffer 'n daaglikse toelaag betaal word, wat die getuie sal bystaan met enige benodighede wat mag ontstaan as gevolg van die getuie wat nie self inkomste kan genereer nie.²⁵⁰ Die *Wet op Getuiebeskerming* stel ook goeie reëls en prosedures vir die beskerming van getuies daar en dien as 'n goeie meganisme veral vir kinderhandelsslaggoffers om hul veiligheid te verseker en terselfdertyd die oortreders te vervolg. Mollema voer egter aan dat die *Wet op Getuiebeskerming* nie 'n tydlimiet vir die getuiebeskermingsprogram daarstel nie, geen struktuur het vir langtermyngetuies nie en geen prosedures in plek vir wanneer die getuie klaar getuienis gelewer het nie.²⁵¹ Hierdie kan probleme veroorsaak aangesien hierdie sisteem dan nie volledig gereguleer word nie en onsekerheid onder die owerhede wat dit bestuur kan veroorsaak.

247 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 448.

248 Art 8 van die *Wet op Getuiebeskerming* bepaal dat tydelike beskerming van 14 dae aan 'n getuie gelewer kan word hangende die bevindinge in terme van 'n getuiebeskermingsaansoek. Art 11 van die *Wet op Getuiebeskerming* bepaal dat indien permanente beskerming aanbeveel word, dit slegs sal plaasvind indien daar 'n getuiebeskermingsooreenkoms aangegaan is met die kind se ouer of voog. Beskerming word ook uitgebrei tot die persone wat na aan die slagoffer is om hulle teen gevaar te beskerm.

249 Art 7(2)(b) van die *Wet op Getuiebeskerming*. Let daarop dat in gevalle waar die ouer of voog met die kinders handel, 'n getuiebeskermingsaansoek gebring kan word sonder die toestemming van die ouer of voog maar dit word slegs toegelaat indien die ouer of voog 'n verdagte is.

250 Art 20(1) van die *Wet op Getuiebeskerming*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 448.

251 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 450.

2.4.5.8 *Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996*

Hierdie wet bepaal dat elke kind vanaf die ouderdom van sewe jaar skool moet bywoon.²⁵² Indien enige persoon 'n kind verhoed om skool by te woon, soos in die gevalle van kinderhandel, is daardie persoon skuldig aan 'n misdryf en kan vervolgens vervolgt word in terme van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.²⁵³ Hierdie meganisme word gebruik om die oortreder aanspreeklik te hou op grond daarvan dat die kind waarmee gehandel word ontnem word van die reg op onderwys soos vervat in die Grondwet.²⁵⁴

2.4.5.9 *Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998*

Die *Wet op Gesinsgeweld* sluit verskeie vorme van mishandeling, intimidasie, teistering en beheerende gedrag in. Kinderhandelslagoffers word dikwels met hierdie soort handelinge onder dwang en beheer van die oortreders gebring.²⁵⁵ Die *Wet op Gesinsgeweld* bepaal onder andere dat mishandeling die volgende vorme kan aanneem, naamlik emosionele, verbale en sielkundige mishandeling wat gesien kan word as 'n patroon van vernederende handelinge teenoor die slagoffer.²⁵⁶ Die *Wet op Gesinsgeweld* is van belang, veral vir kinders wat in omstandighede is waar mishandeling plaasvind, maar bied slegs korttermyn beskerming aan kinders, byvoorbeeld 'n beskermingsbevel of verwydering van die slagoffer uit die nadelige omstandighede om sodoende mediese hulp en alternatiewe akkommodasie te bekom.²⁵⁷

252 Art 3(1) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*.

253 Art 3(6) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 455.

254 Art 29 van die Grondwet.

255 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 113.

256 Art 1 van die *Wet op Gesinsgeweld*.

257 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 456-457. Die doel is om die slagoffer uit die skadelike omgewing of mishandeling te verwyder.

2.4.5.10 *Identification Act* 68 van 1997

Die *Identification Act* is slegs van toepassing op Suid-Afrikaanse burgers en persone wat wettiglik permanent in Suid-Afrika woonagtig is.²⁵⁸ In kinderhandelgevalle is die gebruik van vervalste dokumente, veral identiteitsdokumente, 'n belangrike aspek wat bepaal of 'n oortreder die landsgrense sal kan oorstek met die slagoffer of nie. Hierdie wet poog egter om kinderhandeloortreders te verhoed om onwettige of vervalste dokumente te gebruik. Dit word bewerkstellig deur enige persoon te vervolg wat identiteitsdokumente besit wat aan 'n ander behoort, die verandering of vernietiging van hierdie dokument of die voorsiening van inkorrekte informasie ten einde 'n identiteitsdokument te bekom.²⁵⁹ Oortreding van hierdie beginsels stel die oortreder bloot aan 'n boete of tronkstraf van nie meer as vyf jaar nie.²⁶⁰ Identiteitsbedrog is ook 'n realiteit in sommige gevalle van kinderhandel maar word nie gekriminaliseer in die *Identification Act* nie.²⁶¹

2.4.5.11 *Wet op Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie* 4 van 2000

Hierdie wet is daarop gerig om te verseker dat elke persoon gelyke beskerming van die regte vervat in die Grondwet geniet.²⁶² As gevolg van hierdie bepaling, poog die wet dus ook om elkeen se inherente reg op menswaardigheid te beskerm.²⁶³ In kinderhandel gevalle is dit juis die kind se menswaardigheid wat aangetas word

258 Art 3 van die *Identification Act*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 461. Hierin word bepaal dat die *Identification Act* die bepalings rakende identiteitsdokumente uiteensit. 'n Identiteitsdokument is die belangrikste dokument om te bepaal of 'n persoon 'n burger of permanente inwoner is en of die persoon onwettig in Suid-Afrika is, soos in meeste kinderhandelgevalle. Neem ook kennis dat wanneer 'n persoon die ouderdom van 16 jaar bereik, hy/sy wettiglik verplig word deur artikel 15 van die *Identification Act* om 'n identiteitsdokument te bekom.

259 Art 18(1) van die *Identification Act*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 461.

260 Art 18(2) van die *Identification Act*.

261 Art 19 en 20 van die *Identification Act* bepaal dat 'n persoon nie die identiteit van 'n ander lewende of 'n oorlede persoon mag gebruik nie en kan verplig word om die identiteitsdokumente wat die identiteitsbedrog aanhelp oor te handig aan die Direkteur-Generaal maar die wet bepaal geen straf indien die bepaling oortree word en die identiteitsdokumente nie oorhandig word nie.

262 Aanhef asook art 1 van die *Wet op Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie*. Gelykheid word in hierdie wet gedefinieer as "die volle en gelyke genot van regte en vryhede soos beoog deur die Grondwet, en sluit de jure en de facto gelykheid in, asook gelykheid ten opsigte van uitkomst."

263 Art 10 van die Grondwet.

weens die ontneming van ander regte en blootstelling aan fisieke en emosionele mishandeling.²⁶⁴

Verskeie skrywers het dele van die bogenoemde wetgewing analiseer en kritiek daarvoor gelewer in terme van die beskerming wat dit kinders bied teen kinderhandel. Horn²⁶⁵ bevind dat die huidige raamwerk met betrekking tot kinderhandel oneffektief is in die bekamping van kinderhandel asook in die beskerming van die slagoffers betrokke daarby. Daar word ook aangevoer dat Suid-Afrika nie aan die internasionale verpligtinge voldoen nie en geen wetgewing het vir die kriminalisering van kinderhandel met die doel om organe te verwyder nie.²⁶⁶ 'n Ander skrywer voer aan dat mensehandel in die algemeen nie verhoed word deur die huidige statutêre raamwerk soos beoog in terme van die verpligting geskep deur die Palermo Protokol nie.²⁶⁷ Weer eens bevind Mollema²⁶⁸ dat die wetgewing wat wel beskikbaar is nie kinderhandel vir nie-seksuele doeleindes reguleer nie. Kruger²⁶⁹ kom tot die gevolgtrekking dat Suid-Afrika gefragmenteerde regulering daarstel in antwoord op die internasionale verpligting om kinderhandel te kriminaliseer aangesien daar 'n wye verskeidenheid wetgewing met beperkte bepalinge rakende kinderhandel voorkom. Dit lei daartoe dat daar nie effektief met kinderhandel as misdryf omgegaan word nie.²⁷⁰

Daar is egter skrywers wat aanvoer dat die huidige raamwerk voldoende tussentydse beskerming bied aan slagoffers van kinderhandel hangende die inwerkingtreding van 'n wet met betrekking tot mensehandel. Kruger en

264 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 114.

265 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 131.

266 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 131. Die skrywer voer ook aan dat die *Kinderwet* nie voldoende bepalinge daarstel vir kinderhandel nie en die ander wetgewing slegs kinderhandel vir die doel van seksuele eksploitasie in 'n mate bespreek en nie ander vorme van mishandeling of eksploitasie van kinders nie.

267 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 462.

268 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 462. Kyk ook weer Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 131 en Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 510.

269 Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 509 – 510. Die skrywer voer aan dat persone dikwels vervolgt word vir misdrywe met betrekking tot kinderhandel maar nie vir die kinderhandel self nie.

270 Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 509.

Oosthuizen²⁷¹ bevind dat die statutêre raamwerk 'n belangrike rol speel in die vervolging van kriminele oortredings in die proses van mensehandel, dat hierdie wetgewing reeds skuldigbevindings verseker het en dus doeltreffende beskerming bied aan slagoffers.

Die opinie word gehuldig deur die bestudering van die Suid-Afrikaanse wetgewende raamwerk asook verskeie skrywers se opinies, dat die raamwerk hierbo uiteengesit nie voldoen aan die internasionale en regionale verpligtinge wat op Suid-Afrika geplaas is nie. Daar was tot onlangs nie 'n wet wat die voorkoming van kinderhandel, beskerming van slagoffers en vervolging van oortreders reguleer het nie. Die vervolging van oortreders het gelê in die diskresie van die aanklaer aangesien die oortreder vervolgt kon word deur gebruik te maak van enige van die wetgewing bespreek hierbo. Die probleem van kinderhandel kon dus ook nie as geheel vervolgt word nie, slegs skuldigbevinding aan sekere aspekte van die misdryf soos byvoorbeeld die vorming van 'n georganiseerde groep of vervalsing van dokumente. Dit is ook merkbaar dat kinderhandel vir die doel om organe te verwyder nie in wetgewing gereguleer word nie en dus ook as 'n gebrek van die Suid-Afrikaanse sisteem uitgelig kan word. Die ernstige behoefte aan omvattende wetgewing het dus ontstaan wat daartoe gelei het dat 'n wetsontwerp aan die parlement voorgelê is om die gapings in die regulering van mensehandel en meer spesifiek kinderhandel aan te spreek.

3 *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act*

In antwoord op Suid-Afrika se internasionale en regionale verpligting asook die verskeie probleme met betrekking tot die voorkoming en vervolging van kinderhandel, is die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act*²⁷² in werking gestel na verskeie wetsontwerpe wat oor die jare aan die President voorgelê is. Die *Trafficking Act* is daargestel om die gebruik van verskillende tipes wetgewing, wat mensehandel reguleer, uit te skakel om sodoende verdeelde vervolging van kinderhandeloortreders aan te spreek. Daar is al geargumenteer dat wetgewing wat

271 Kruger en Oosthuizen 2012 *PER* 325. Die skrywer verwys na *S v Sayed* (unreported case no. 041/2713/2008; 18 March 2010, Durban Regional Court) waarin skuldigbevindings verkry is in terme van die *Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdade* en die *Immigrasie Wet*.
272 *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* (hierna die *Trafficking Act*)

spesifiek mensehandel of kinderhandel aanspreek onnodig is in Suid-Afrika aangesien daar verskeie wetgewende maatreëls tot die slagoffer of die vervolgende staat se beskikking is.²⁷³ Die teenoorgestelde argument is egter ook waar. Die probleem-spesifieke wetgewing is nodig en al die relevante bepalings moet daarin uiteengesit word om te verseker dat die probleem van onsekerheid met betrekking tot watter van die bogenoemde wette van toepassing sal wees in watter omstandighede nie ontstaan nie.²⁷⁴ Verwarring in die reg is ongewens en die legaliteitsbeginsel vereis duidelik uiteengesette wetgewende beginsels om sodoende oortredings duidelik en konkreet uiteen te sit.²⁷⁵ Die *Trafficking Act* sal vervolgens bespreek word om te bepaal of dit voldoen aan die verpligtinge en verwagtinge wat geskep is vir die Suid-Afrikaanse mensehandelwetgewing.

Suid-Afrika is die eerste suidelike streek wat wetgewing geskep het met betrekking tot mensehandel wat daartoe lei dat Suid-Afrika die maatstaf daarstel vir ander lande se mensehandelwetgewing.²⁷⁶ Dit is vervolgens die regering se plig om te verseker dat volgens hierdie wetgewing nie slegs vervolging van die oortreders se mensehandeloortredings plaasvind nie, maar ook dat daar na die slagoffers se unieke behoeftes omgesien word in elke faset van die misdryf.²⁷⁷

273 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 115. Daar kan geargumenteer word dat alhoewel hierdie opinie bestaan, word Suid-Afrika steeds deur internasionale instrumente verplig om wetgewing te implementeer wat spesifiek mensehandel in die Suid-Afrikaanse konteks aanspreek. Kyk ook Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 40.

274 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 115. Die skrywer bevind dat daarstelling van mensehandelwetgewing kan bydra tot 'n regulerende raamwerk wat die ondersoekproses en verhoor met betrekking tot vervolging van oortreders kan verkort. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 463. Mollema bevind dat mensehandelwetgewing met konkrete en verstaanbare bepalings duideliker sal wees asook makliker om mee te werk. Mensehandel-spesifieke wetgewing sal ook effektiwiteit in die regstelsel bevorder deur byvoorbeeld te verseker dat onervare staatsaanklaers 'n enkele wet het rakende mensehandel en alle bepalings daaromtrent uiteensit.

275 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 116. Kyk ook Mnguni and Muller 2009 *Law, Democracy & Development* 112. Die legaliteitsbeginsel bepaal dat 'n handeling eers wettig is wanneer deur wetgewing of presedent verbied (wanneer 'n handeling gekriminaliseer word).

276 *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 116.

277 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 50. Hierdie benadering word gesien as 'n tweeledige benadering in antwoord op die mensehandelprobleem. Kyk ook *Horn South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 116 – 117. Die feit dat Suid-Afrika wetgewing daargestel het gaan ook lei daartoe dat meer navorsing oor die probleem gedoen word in die toekoms.

Die *Trafficking Act* begin deur redes uiteen te sit waarom dit geïnkorporeer is in Suid-Afrikaanse wetgewing. Van die belangrikste redes hiervoor is onder andere om Suid-Afrika se internasionale verpliginge na te kom en ook om mensehandel te kriminaliseer sodat vervolging van oortreders in terme van spesifieke wetgewing kan plaasvind.²⁷⁸ Verder in die *Trafficking Act* word aspekte rakende die mensehandel misdryf uiteengesit asook ander verwante aspekte in tien hoofstukke. Elke hoofstuk sal vervolgens kortliks bespreek word om 'n breë oorsig van die *Trafficking Act* en mensehandelbepalings daarin vervat uiteen te sit.

Eerstens word die definisies, interpretasies asook die doel van die *Trafficking Act* uiteengesit.²⁷⁹ Die *Trafficking Act* maak onder andere verwysing na die *Nasionale Gesondheidswet*, die *Kinderwet*, die *Immigrasie Wet* asook die Palermo Protokol wat aandui dat die verskeie stukke wetgewing in ag geneem is in die opstelproses van die *Trafficking Act*.²⁸⁰ Die inkorporering van laasgenoemde deur die wetgewer is belangrik aangesien dit juis hierdie wetgewing is wat voor die inwerkingtreding van die *Trafficking Act* mensehandel geheel of gedeeltelik gereguleer het. Sommige van die definisies in artikel 1 is van belang in hierdie studie en word vervolgens kortliks bespreek.

Ten einde mensehandel daar te stel, moet eksploitasie plaasvind. Dit is om hierdie rede dat die definisie van “eksploitasie” duidelik uiteengesit word in die *Trafficking Act*.²⁸¹ Die Palermo Protokol se definisie van eksploitasie bevat 'n paar handeling wat uitbuiting daarstel maar bepaal ook dat hierdie lys 'n minimum uiteensit om sodoende voorsiening te maak vir ander moontlike vorme van uitbuiting.²⁸² Die

278 Langtitel asook art 3 van die *Trafficking Act*. Ander redes waarom Suid-Afrika 'n mensehandelwet daargestel het was om bepaalde strawwe daar te stel indien 'n persoon wel mensehandel uitvoer, om maatreëls daar te stel vir die beskerming en bystand van mensehandel slagoffers en om voorsiening te maak vir die voorkoming en bevegting van mensehandel in die grense van Suid-Afrika asook buite die grense. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 463. Hierin bevind die skrywer vervolgens dat: “The inspiration behind the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Bill (TIP Bill) is to bridge the gaps left by common-law and statutory provisions, 463 to provide a clear definition of the crime and a comprehensive approach to the fight against trafficking in persons”

279 Hoofstuk 1 (insluitend art 1 – 3) van die *Trafficking Act*.

280 Art 1 van die *Trafficking Act*. Die verskillende stukke wetgewing word genoem in die definisies van die *Trafficking Act*.

281 Art 1 van die *Trafficking Act*.

282 Art 3(a) van die Palermo Protokol. Die artikel bepaal: “Exploitation shall include, at a minimum, the exploitation of the prostitution of others or other forms of sexual exploitation,

Trafficking Act sit dieselfde handeling uit te sien as die Palermo Protokol met die insluiting van verdere handeling waarvan die verwydering van liggaamsdele van belang is in hierdie studie.²⁸³ Dit is ook van belang dat selfs hierdie lys van handeling wat uitbuiting daarstel nie 'n geslote lys is nie aangesien die definisie bepaal dat daardie handeling ingesluit word, maar nie daartoe beperk is nie.²⁸⁴ Daar word bevind dat Suid-Afrika amper alle relevante en plaaslik toepaslike vorme van eksploitasie uiteengesit het in die definisie van eksploitasie.²⁸⁵

Verder bepaal die definisie van 'n "persoon" ook dat dit nie slegs natuurlike persone is wat die misdrywe gereguleer in die *Trafficking Act* kan pleeg nie, maar dat regspersone en vennootskappe ook vervolgt kan word vir mensehandelaktiwiteite.²⁸⁶ Hierdie bepaling is veral belangrik aangesien daar soms 'n verbinding gemaak kan word tussen mensehandel en georganiseerde misdryf, daarom kan daar in gevalle van georganiseerde groepe dus ook regspersone in terme van hierdie definisie ingesluit word.

Die misbruik van die konsep van kwesbaarheid vir doeleindes van mensehandelaktiwiteite beteken enige misbruik wat 'n persoon daartoe lei om te glo dat daar geen alternatief is as om onderwerp te word aan die eksploitasie nie.²⁸⁷ Die definisie lig ook die persone uit wat as kwesbaar gesien kan word en bepaal onder andere dat 'n kind kwesbaar is vir misbruik.²⁸⁸ Dit is juis om hierdie rede dat kinders ekstra beskerming moet geniet in terme van kinderhandelgevalle aangesien hulle kwesbaar geag word in terme van die *Trafficking Act*. Dit is ook belangrik om op te let dat die *Trafficking Act* die nasionale standaard gevolg het en ook bepaal dat 'n

forced labour or services, slavery or practices similar to slavery, servitude or the removal of organs.

283 Art 1 van die *Trafficking Act*. Soos hierbo in die studie bespreek sluit hierdie definisie nie slegs organe in nie maar enige liggaamsdeel. Ander handeling wat ook uitbuiting kan daarstel is die bevrugting van 'n vrou teen haar wil vir die doel om die kind te verkoop asook kinderarbeid soos gedefinieer in die *Kinderwet*. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 120 in verband met verwydering van liggaamsdele in terme van eksploitasie.

284 Art 1 van die *Trafficking Act*. Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 467.

285 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 467.

286 Art 1 van die *Trafficking Act*.

287 Art 1 van die *Trafficking Act*.

288 Art 1 van die *Trafficking Act*. Ander voorbeelde van wat 'n persoon kwesbare status kan gee is byvoorbeeld gestremde persone, persone wat swanger is, onwettige immigrante, persone wat verslaaf is aan afhanlikheidsvormende stowwe en die sosiale of ekonomiese onstandighede van 'n persoon.

kind in terme van die *Trafficking Act* 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar is.²⁸⁹ Alle definisies in die *Trafficking Act* is belangrik in die proses om mensehandel te voorkom en te vervolg; die bogenoemde definisies is bloot uitgelig in terme van die belangrike rol wat dit speel in hierdie studie.

Daar word ook verskeie oogmerke in die *Trafficking Act* uiteengesit. Daar word 'n holistiese benadering met betrekking tot die oogmerke van die *Trafficking Act* gevolg deurdat daar gepoog word om aan die drie "p's" naamlik "prosecution" (of "punishment"), "prevention" en "protection" te voldoen.²⁹⁰ Dit dui daarop dat die *Trafficking Act* poog om mensehandel te voorkom, indien dit wel plaasvind, deur beskerming en hulp aan te bied vir die slagoffers en ook om die behoorlike vervolging en straf van oortreders te verseker.²⁹¹ Die benadering verseker dat daar na elke fase in die mensehandelproses omgesien word deur maatreëls daar te stel vir die voorkoming van die misdryf asook strafbaarheid indien die misdryf wel gepleeg word.

Hoofstuk twee bepaal onder andere die oortredings en straf met betrekking tot mensehandel asook die ekstra-territoriale jurisdiksionele toepassing van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bevat ook een van die definisies wat van kardinale belang is in hierdie studie naamlik die definisie van mensehandel.²⁹² Die *Trafficking Act* se definisie van mensehandel is soortgelyk aan daardie soos vervat in die Palermo Protokol en hierbo uiteengesit. Mensehandel word soos volg gedefinieer in die *Trafficking Act*:²⁹³

- (1) Any person who delivers, recruits, transports, transfers, harbours, sells, exchanges, leases or receives another person within or across the borders of the Republic, by means of -
 - (a) a threat of harm;
 - (b) the threat or use of force, intimidation or other forms of coercion;
 - (c) the abuse of vulnerability;
 - (d) fraud;
 - (e) deception;

289 Art 1 van die *Trafficking Act*.

290 Art 3 van die *Trafficking Act*. Kyk ook Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 501.

Art 3 van die *Trafficking Act*. Kyk ook Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 501.

292 Art 4 van die *Trafficking Act*.

293 Art 4 van die *Trafficking Act*.

- (f) abduction;
 - (g) kidnapping;
 - (h) the abuse of power;
 - (j) the direct or indirect giving or receiving of payments or benefits to obtain the consent of a person having control or authority over another person; or
 - (k) the direct or indirect giving or receiving of payments, compensation, rewards, benefits or any other advantage, aimed at either the person or an immediate family member of that person or any other person in close relationship to that person, for the purpose of any form or manner of exploitation, is guilty of an offence of trafficking in persons.
- (2) Any person who –
- (a) adopts a child, facilitated or secured through legal or illegal means; or
 - (b) concludes a forced marriage with another person, within or across the borders of the Republic, for the purpose of the exploitation of that child or other person in any form or manner, is guilty of an offence.

Hierdie definisie is wyer as die definisie vervat in die Palermo Protokol deurdat verskeie aspekte hier bygevoeg is.²⁹⁴ Die minimumvereistes soos deur die Palermo Protokol bepaal is egter nagekom. Daar moet ook op gelet word dat die definisie soos omskryf in die *Trafficking Act* sommige aspekte bevat soos ook bepaal in die mensehandeldefinisie in die *Kinderwet*.²⁹⁵ Verdere terme wat bygevoeg is in hierdie definisie, maar nie ander instrumente nie, is onder andere aflewering, verkryging, vang, verwydering, verruil, verhuring en beskikking van persone.²⁹⁶ Die definisie bevat ook 'n algemene verbod op gedwonge huwelike wat verseker dat sommige geloofspraktyke nie die weg baan vir mensehandel deur sulke gedwonge huwelike nie. Daar moet ook daarop gelet word dat alhoewel die *Trafficking Act* tot 'n mate verbeter het deur die toepassing van die wet te verbreed deur addisionele handeling te kriminaliseer, versuim die *Trafficking Act* egter om hierdie konsepte te definieer.²⁹⁷ Die laasgenoemde lei weer daartoe dat die definisie vaag omskryf is en dit moeilik raak om 'n bepaalde handeling by 'n bepaalde konsep te groepeer.

Een van die verdere ontwikkelings wat in die *Trafficking Act* voorkom is die feit dat hierdie definisie voorsiening maak daarvoor dat mensehandel ook binne die grense

294 Art 3 van die Palermo Protokol verwys slegs na die werwing, vervoer, verskuiwing, huisves of ontvang van persone. Hierdie definisie bevat dus meer terme wat ook betrekking kan hê op mensehandelaktiwiteite.

295 Art 1 van die *Kinderwet* bevat ook onder andere die verkoop en voorsiening van 'n persoon as deel van mensehandelaktiwiteite. Die *Kinderwet* verwys ook na onwettige aannemings as 'n vorm van mensehandel. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 118.

296 Art 4 van die *Trafficking Act*.

297 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 465.

van Suid-Afrika kan plaasvind.²⁹⁸ Hierdie aspek is nie vervat in die Palermo Protokol nie en is dus 'n nuwe verwickeling wat beskerming bied aan slagoffers wat nie reeds oor die landsgrense heen vervoer is nie.²⁹⁹ Die definisie van mensehandel bevat ook ander wyses van beheer wat oor 'n slagoffer uitgeoefen kan word naamlik 'n bedreiging van skade of besering, ontvoering, die direkte of indirekte voorsiening of ontvangs van betalings, vergoeding, beloning, voordele of enige ander tipe voordeel en om sodoende beheer oor 'n ander te bekom.³⁰⁰ Mollema bevind dat talle van hierdie aspekte genoem in die definisie herhalings van mekaar is wat daartoe lei dat die definisie onnodig lank en lomp is.³⁰¹ Daar kan egter ook 'n teenpool tot hierdie argument wees deurdat die definisie wyd genoeg is om voorsiening te maak vir 'n wye verskeidenheid omstandighede wat in mensehandelgevalle kan ontstaan en dus goeie beskerming bied vir slagoffers. Manipulering van 'n slagoffer is ook dikwels betrokke by mensehandel in die vorm van dwang, misbruik van gesag, misleiding asook misbruik van 'n persoon se kwesbaarheid.³⁰²

Addisioneel tot die kriminalisering van mensehandel, word verskeie ander handelingte ook gekriminaliseer in hierdie hoofstuk, naamlik skuldslawerny,³⁰³ die

298 Art 4(2) van die *Trafficking Act*.

299 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 465. Die skrywer bevind ook dat hierdie bepaling veral belangrik is omdat daar dikwels mensehandel binne in die grense van Suid-Afrika plaasvind. Dit beskerm ook die slagoffers daarin dat die skade verrig aan die slagoffer van mensehandel dieselfde bly afgesien van die feit dat die persoon binne of buite die land se grense is.

300 Art 4 (1) (a)(g)(i) en (j) van die *Trafficking Act*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 466. Hierin word bevind dat die insluiting van die gedeelte "or any other advantage" dien as 'n "catch-all" bepaling aangesien dit voorsiening maak vir gevalle wat kan voorkom in mensehandel waarvoor die wet nie voorsiening gemaak het nie.

301 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 466. 'n Voorbeeld van sulke herhalings is byvoorbeeld die bedreiging van skade (of besering) soos in art 4(1)(a) wat ook aanwending kan vind onder art 4(1)(b) die bedreging van gebruik van geweld, intimidasie of ander vorms van dwang. Daar word ook bevind dat alhoewel dit herhaling is, is die herhaling nie skadelik nie maar bloot onnodig.

302 Art 4(1) (c)(e)(h) van die *Trafficking Act*

303 Art 5 van die *Trafficking Act*. Hierdie artikel bepaal dat enige persoon wat doelbewus handelingte uitvoer wat daartoe lei of veroorsaak dat 'n ander persoon in skuldslawerny intree, sal skuldig wees aan 'n misdryf. Skuldslawerny soos gedefinieer deur art 1 van die *Trafficking Act* is wanneer 'n persoon sy/haar persoonlike dienste of 'n persoon onder sy/haar beheer se persoonlike dienste as sekuriteit beloof vir skulde wat verskuldig is of beweër verskuldig is wat ook skuld insluit nadat die belofte gemaak is, as daardie skuld of beweëde skuld nadat dit redelik beoordeel is bevind word oormatig te wees of, die duur en aard van die dienste is nie beperk of gedefinieer nie of, die waarde van die dienste soos redelik beoordeel, nie aangewend word vir die likwidasie van die skulde of beweëde skulde nie.

besit, vernietiging, konfiskering, verberging van of peuter met dokumente,³⁰⁴ die gebruik van dienste verskaf deur mensehandel slagoffers³⁰⁵ en handeling wat die fasilitering van mensehandel daarstel.³⁰⁶ Die *Trafficking Act* sit ook die aanspreeklikheid van draers uiteen.³⁰⁷ Dit beteken onder andere dat nie slegs die persone wat by fisies betrokke is by die mensehandel aktiwiteite skuldig is aan die misdryf nie maar ook die persone wat byvoorbeeld die slagoffers vervoer binne Suid-Afrika of oor grense heen.³⁰⁸ Verder bepaal die *Trafficking Act* ook dat indien 'n persoon poog om enige misdryf in terme van hierdie hoofstuk te pleeg of handeling verrig wat gemik is op die deelname in die pleeg van die misdryf sal skuldig wees aan 'n misdryf.³⁰⁹ In dieselfde artikel word verskeie addisionele handeling uiteengesit wat 'n misdryf daarstel, naamlik die aanhits, aanstig, beveel, gelas, hulpverlening, bevorder, adviseer, werf en aanmoediging of verkryging van 'n persoon om enige van die misdrywe in die *Trafficking Act* te pleeg.³¹⁰ Daar word ook bepalings uiteengesit met betrekking tot die afkeur van moontlike verwere tot die vervolging in terme van die misdryf van mensehandel.³¹¹

-
- 304 Art 6 van die *Trafficking Act*. Hierdie handeling word dikwels gebruik om slagoffers te beheer tydens die mensehandel aktiwiteite. Kyk ook Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 502.
- 305 Art 7 van die *Trafficking Act*. Kyk ook Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 502. Die skrywer bevind dat die rede vir die kriminalisering van hierdie handeling slegs om die aanvraag na mensehandel dienste te verminder of voorkom. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 470. Hierin word dieselfde bevinding gemaak.
- 306 Art 8 van die *Trafficking Act*. Hierdie handeling sluit onder andere in dat daar 'n kamer, huis, gebou of vestiging doelbewus aan persone verhuur of onderverhuur word vir die gebruik van mensehandelaktiwiteite asook die advertering, publikasie, verkondiging ensovoorts van informasie wat mensehandel fasiliteer of bevorder en sluit ook aspekte rakende elektroniese kommunikasie in.
- 307 Art 9 van die *Trafficking Act*. "Liability of carriers" soos deur die wet uiteengesit bepaal onder andere dat 'n persoon wat 'n ander binne of oor die grense van Suid-Afrika heen vervoer wetende of redelikerwys moes weet dat daardie persoon 'n slagoffer van mensehandel is, sal skuldig wees aan 'n misdryf. Die artikel bepaal ook dat die persoon die misdryf of vermoede moes rapporteer en ook dat die draer aanspreeklik gehou kan word vir sommige van die slagoffer se uitgawes byvoorbeeld akkommodasie, vervoer en repatriasie van die slagoffer.
- 308 Art 9(1) van die *Trafficking Act*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 471.
- 309 Art 10(1)(a) van die *Trafficking Act*.
- 310 Art 10(1)(b) van die *Trafficking Act*. Indien 'n persoon enige van hierdie handeling pleeg om te verseker dat die misdrywe in die wet genoem gepleeg word, sal daardie persoon ook skuldig wees aan 'n misdryf. So ook met sameswering om die misdryf te pleeg soos in art 10(1)(c) van die *Trafficking Act*.
- 311 Art 11 van die *Trafficking Act*. Daar word onder andere bepaal dat 'n kind se toestemming tot die misdryf van kinderhandel nie 'n geldige verweer is in terme van die *Trafficking Act* nie. Ander bepalings hierin bespreek die aanspreeklikheid van persone in terme van die misdrywe soos vervat in Hoofstuk 2 van die *Trafficking Act*.

Die ekstra-territoriale jurisdiksie van Suid-Afrika word ook in hierdie hoofstuk vervat. Hierdie bepaling is veral belangrik weens die globale aard van die misdryf, waar die misdryf oor grense heen sowel as binne die landsgrense gepleeg kan word. Daar word bepaal dat Suid-Afrika jurisdiksie sal hê oor daardie handeling wat buite die grense van Suid-Afrika gepleeg word wat in terme van die *Trafficking Act* 'n misdryf daarstel ongeag of die handeling 'n misdryf is in die plek of gebied waar dit gepleeg is.³¹² Daar kan geargumenteer word dat hierdie jurisdiksie uitgebrei moet word om mensehandel in te sluit aangesien dit as 'n moderne vorm van slawerny gesien kan word asook internasionaal gepleeg word.³¹³

In ooreenstemming met die hoofstuk se tema, word die betrokke straf vir die bepaalde misdrywe ook uiteengesit met die maksimumstraf van 'n boete van R100 miljoen of lewenslange tronkstraf met laasgenoemde strafoplegging ook moontlik sonder die opsie van 'n boetebetaling.³¹⁴ Die uiteensetting van die spesifieke boete en/of tronkstraf vir elke betrokke misdryf sal verseker dat vonnisoplegging regverdig en akkuraat plaasvind.³¹⁵ Artikel 14 sit verder die verswarende faktore uiteen wat in ag geneem moet word wanneer vonnisoplegging plaasvind wat byvoorbeeld insluit dat die slagoffer 'n kind was asook die mate van misbruik teenoor die slagoffer.³¹⁶ Let daarop dat die lys van verswarende faktore egter nie 'n geslote lys is nie wat dit

312 Art 12(1) van die *Trafficking Act*. Die vervolging kan slegs plaasvind in sekere omstandighede soos gelys in art 12(1)(a)-(f) wat bepaal dat: indien 'n persoon 'n Suid-Afrikaanse burger is of gewoonlik woonagtig is in Suid-Afrika, die misdryf gepleeg word teen 'n persoon wat 'n Suid-Afrikaanse burger is of gewoonlik woonagtig is in Suid-Afrika, die persoon wat die misdryf gepleeg het na die pleging daarvan teenwoordig is in die gebied van die Republiek, as daardie persoon nie uitgelewer word nie, as daardie persoon 'n regs persoon of vennootskap in terme van die Suid-Afrikaanse reg geregistreer is.

313 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 472.

314 Art 13 van die *Trafficking Act*. Let daarop dat verskeie handelings en misdrywe verskeie strawwe daarstel in terme van hierdie artikel.

315 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 469. Hierdie skrywer bevind dat hierdie uiteensetting van straf ooreenkomstig die misdryf ook die polisie en ons howe sal bystaan in die toepassing van die reg.

316 Art 14 van die *Trafficking Act*. Ander faktore sluit in die rol wat die persoon in die mensehandelproses gespeel het, vorige veroordelings met betrekking tot mensehandel, of die veroordeelde persoon veroorsaak het dat die slagoffer verlaaf raak aan afhanklikheidsvormende middele, die omstandighede waarin die slagoffer gehou was, of die slagoffer gevangene gehou is vir enige tydperk, die fisieke en sielkundige effekte van die misbruik op die slagoffer, of die misdryf deel was van 'n georganiseerde misdryf, die aard van die verhouding tussen die slagoffer en die veroordeelde persoon, die slagoffer se geestesgesondheid en of die slagoffer 'n fisieke gestremdheid gehad het.

moontlik maak vir die voorsittende beampte om ander faktore as verswarende omstandighede in ag te kan neem.³¹⁷

Daar kan gesê word dat hoofstuk 2 van die *Trafficking Act* die belangrikste deel is in terme van die voorkoming van mensehandel aangesien dit die misdryf van mensehandel uiteensit asook die strafoplegging in terme van daardie misdryf. Daar is ook bepaal dat ander handelinge misdrywe kan daarstel om voorsiening te maak vir die wye verskeidenheid aspekte wat betrokke kan wees by mensehandel gevalle asook strafoplegging in terme van daardie handelinge. Laastens, die hoofstuk bepaal ook dat Suid-Afrika ekstra-territoriale jurisdiksie het wat die vervolging van mensehandeloortreders vergemaklik.

Die res van die *Trafficking Act*, hoofstukke 3 tot 8, is die innoverende deel wat aspekte rakende die slagoffers van mensehandel bespreek. Eerstens word gefokus op die status van buitelandse mensehandelslagoffers wat vereis word om bystand te bied in die ondersoek en vervolgingsproses uiteengesit in hoofstuk 3.³¹⁸ In hierdie hoofstuk word daar onder andere bepaal dat indien 'n slagoffer rapporteer aan 'n polisiebeampte soos verder bepaal deur die *Trafficking Act*, kan daar aan so 'n slagoffer 'n besoekersvisum gegee word om in die Republiek te bly en sodoende hulp te verleen aan die vervolgingsgesag in die ondersoek en vervolging van die mensehandeloortreder.³¹⁹ Daar moet ook daarop gelet word dat 'n mensehandelslagoffer nie summier gedeporteer mag word nie en verskeie ondersoeke eers gedoen moet word voordat repatriasie kan plaasvind.³²⁰

In Hoofstuk 4 word die identifikasie en beskerming van mensehandelslagoffers uiteengesit³²¹ waaronder die rapportering van kinderhandelslagoffers veral van belang is vir hierdie studie. Daar word bepaal dat indien enige persoon weet, redelikerwys moes weet of vermoed het dat 'n kind die slagoffer van kinderhandel is,

317 Art 14 van die *Trafficking Act*. Sien ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study* 472.

318 Hoofstuk 3 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bestaan uit art 15 tot 17.

319 Art 15 en 16 van die *Trafficking Act*.

320 Art 15 van die *Trafficking Act*. Art 15(6) bepaal dat die buitelandse slagoffer nie gedeporteer mag word nie. Kyk ook Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 503. 'n Slagoffer kan ook in terme van art 17 aansoek doen om permanent in die Republiek te woon indien daar hulp verleen is aan die SAPD of die vervolgingsgesag.

321 Hoofstuk 4 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bestaan uit art 18 tot 23.

daardie kennis of vermoede onmiddelik aan 'n polisiebeampte rapporteer moet word vir ondersoek.³²² Indien 'n persoon nie so 'n wete of vermoede rapporteer nie, is daardie persoon skuldig aan 'n misdryf.³²³ Dit is ook belangrik om uit te lig dat indien daar 'n kind gerapporteer word as synde 'n slagoffer van kinderhandel te wees, hangende die ondersoek na kinderhandel, word daardie kind behandel soos in terme van die *Kinderwet*.³²⁴ Hierdie hoofstuk reguleer ook die kwessie rakende volwasse slagoffers asook die verskaffing van gesondheidsorg aan slagoffers van mensehandel.³²⁵ Dit is ook moontlik dat slagoffers van mensehandel vervolgt kan word, afhangende van die slagoffer se posisie in die pleging van die misdryf.³²⁶

Hoofstuk 5 reguleer die akkreditering van organisasies wat dienste verskaf aan volwasse mensehandelsslagers.³²⁷ Hierdie hoofstuk is hoofsaaklik bedoel vir volwasse mensehandelsslagers en is nie van belang in die doelwit van hierdie studie nie. Dit is egter belangrik om uit te lig dat die wetgewer voorsiening gemaak het vir organisasies om volwasse mensehandelsslagers te help, maar die *Trafficking Act* maak geen voorsiening in terme hiervan vir kinderhandelsslagers nie.³²⁸ Hetsy hierdie 'n nalaat deur die wetgewer is of nie, daar moet spesiale beskerming vir kinderhandelsslagers uiteengesit word in die *Trafficking Act* weens kinders se kwesbaarheid en vatbaarheid vir die misdryf.

322 Art 18(1)(a) van die *Trafficking Act*. Kyk Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 472. Hierin word bevind dat daar verpligte rapportering en verwysing van kinderhandelsslagers aan die SAPD deur immigrasiebeamptes, arbeidsinspekteurs, sosiale werkers, maatskaplike dienste, mediese praktisyns, geregistreeerde verpleegsters, tradisionele helers en tradisionele leiers is. Goeie redes vir die vermoede moet ook verskaf word in hierdie verband.

323 Art 18(9) van die *Trafficking Act*.

324 Art 18(4) tot (8) van die *Trafficking Act*. Dit sluit onder andere in dat die kind in tydelike veilige sorg geplaas word en indien daar bevind word dat die kind wel 'n slagoffer is van kinderhandel, na 'n sosiale werker verwys word vir 'n ondersoek. Daar kan ook bevind word dat aangesien die kind sorgbehoewend is, daardie kind in die Republiek bly vir die duur wat 'n Kinderhofbevel bepaal.

325 Art 19 en 21 van die *Trafficking Act*. Daar word bepaal dat die slagoffers van mensehandel, hetsy volwasse of 'n kind, geregtig is op publieke gesondheidsorg soos verskans in die *Grondwet*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 473.

326 Art 22 van die *Trafficking Act*. Dit hang byvoorbeeld af of die misdryf gepleeg is as 'n direkte gevolg van die persoon se posisie as 'n slagoffer van mensehandel.

327 Hoofstuk 5 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bestaan uit art 24 tot 28.

328 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 45.

Hoofstuk 6 reguleer die vergoeding wat geëis kan word deur beide die slagoffers van mensehandel en die staat.³²⁹ Die vergoeding aan kinderhandelsslagers kan onder andere skade aan of vir die verlies van eiendom, insluitend geld insluit asook fisieke, sielkundige en ander beserings, besmetting met 'n lewensgevaarlike siekte of verlies aan inkomste of ondersteuning.³³⁰ Daarna volg die beginsels van toepassing op die terugkeer en repatriasie van mensehandelsslagers.³³¹ Die beginsels in terme van repatriasie is duidelik uiteengesit en bepaal dat 'n buitelandse kinderhandelsslager slegs na die land van oorsprong teruggestuur word indien die beste belang van die kind, die veiligheid van die kind gedurende die repatriasie proses, die beskikbaarheid en geskiktheid van sorg en veiligheid van die kind in die land waarheen die kind repatrieer word en die moontlikheid dat die kind beseer of vermoor kan word deeglik oorweeg word.³³² Ander bepalings onder hierdie hoofstuk sluit in dat daar bystand aan buitelandse mensehandelsslagers verleen moet word asook die repatriasie van Suid-Afrikaanse mensehandelsslagers asook hul terugkeer na die Republiek.³³³ Die laaste aspek wat gereguleer word in hierdie hoofstuk met betrekking tot kinderhandelsslagers is die begeleiding van sulke kinders indien die kind se ouer, voog of ander persoon wat ouerlike verantwoordelikhede en regte het in terme van die kind nie die finansiële vermoë het om na die plek waar die kind is te reis om daardie kind terug na die land van herkoms te begelei nie.³³⁴

Hoofstuk 8 reguleer die algemene beginsels met betrekking tot mensehandel.³³⁵ Een van die bepalings reguleer die gevalle waar 'n ouer, voog of ander persoon wat ouerlike verantwoordelikhede en regte het met betrekking tot die kind kinderhandel pleeg.³³⁶ Hieronder word daar bepaal dat indien 'n Kinderhof rede het om te glo dat die kind op so 'n wyse mee gehandel word, kan die ouers se regte gestaak word en

329 Hoofstuk 6 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bestaan uit art 29 tot 30.

330 Art 29(1)(a) van die *Trafficking Act*. Daar word bepaal dat hierdie vergoeding redelike uitgawes wat verwag is om aangegaan te word insluit.

331 Hoofstuk 7 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bestaan uit art 31 tot 35.

332 Art 31 (1) van die *Trafficking Act*.

333 Art 32, 33 en 34 van die *Trafficking Act*.

334 Art 35 van die *Trafficking Act*. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 473. Hierdie bepalings is in lyn met daardie soos vervat in die *Kinderwet* wat daarna poog om maksimum beskerming en hulp aan kinderslagoffers te bied.

335 Hoofstuk 8 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstuk bestaan uit art 36 tot 39.

336 Art 36 van die *Trafficking Act*. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 119.

die kind in tydelike veilige sorg geplaas word hangende 'n ondersoek deur die Kinderhof.³³⁷ Internasionale samewerking is ook belangrik in mensehandelgevalle aangesien dit dikwels die onderskeie state se samewerking verg om mensehandeloortreders te vervolg. Die *Trafficking Act* bepaal dat wanneer 'n staat nie 'n party is tot die Palermo Protokol nie, moet daar met daardie staat 'n ooreenkoms aangegaan word met betrekking tot enige aspek rakende mensehandel om sodoende samewerking tussen die state te bewerkstellig.³³⁸

Hoofstuk 9 en 10 reguleer onder andere die administratiewe aspekte van die *Trafficking Act* asook ander diverse aangeleenthede.³³⁹ Hierdie hoofstukke verg nie verdere uiteensetting in terme van die doelwit van hierdie studie nie.

Met inagneming van die bogenoemde kan daar bevind word dat die *Trafficking Act* ook tekortkominge het. Die *Trafficking Act* verskaf nie redes waarom mensehandel plaasvind nie, sit nie maatreëls uiteen vir die voorkoming van werwing van persone vir mensehandelaktiwiteite nie en bepaal ook nie bydraende faktore tot die kwesbaarheid van slagoffers nie.³⁴⁰ Daar word dus van state vereis om inisiatief te neem om wetgewende en ander maatreëls daar te stel ten einde die aanvraag wat alle vorme van eksploitasie aanvuur te ontmoedig.³⁴¹ Die nalate deur die wetgewer om die oorsake van die aanvraag met betrekking tot eksploitasie aan te spreek is problematies aangesien die bestryding en voorkoming van mensehandel moeilik is as die oorsaak daarvan onbekend is.

337 Art 36(1) van die *Trafficking Act*. Dit sluit in dat die ouers of ander persone genoem self met die kind gehandel het of waar die ouer of ander persone genoem veroorsaak het dat daar met die kind gehandel word.

338 Art 37 van die *Trafficking Act*.

339 Hoofstuk 9 en 10 van die *Trafficking Act*. Hierdie hoofstukke bestaan uit onderskeidelik art 40 tot 47 en 48 tot 50. Aspekte hieronder is byvoorbeeld die kort titel en aanhef van die *Trafficking Act*, die implementering van regulasies asook die wette wat herroep of gewysig word deur die *Trafficking Act*.

340 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 478. Kyk ook Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 44.

341 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 478. Kyk ook Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 44. Die aanvraag na vroue en kinders vir mensehandeldoeleindes moet veral verhoed word. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 122.

Alhoewel die *Trafficking Act* gesien kan word as 'n beweging in die regte rigting vir Suid-Afrika, is daar egter drie aspekte van die *Trafficking Act* wat verdere ontwikkeling deur die wetgewer benodig en dit sal vervolgens bespreek word.

a) Voorkoming

Die eerste aspek het betrekking op die voorkoming van mensehandel. Die inisiëring en handhawing van beginsels met betrekking tot voorkoming van mensehandel word hoofsaaklik oorgelaat aan die Minister van Sosiale Ontwikkeling.³⁴² Dit sal dus ook hierdie Minister se plig wees om verbeteringe voor te stel aan gebreke wat mag voorkom in die wetgewing wat mensehandel aanspreek. Die *Trafficking Act* spreek onder andere nie die oorsake van mensehandel aan wat, soos hierbo genoem, noodsaaklik is vir die voorkoming daarvan nie.³⁴³ Kreston³⁴⁴ bevind ook deur inligting oor die probleem te openbaar en mense bewus te maak van die misdryf sal nie alleen lei tot die voorkoming daarvan nie, as gevolg van die sterk dryfkrag agter die misdryf, finansiële gewin. Slagoffers moet dus gewaarsku word oor die gevare van mensehandel asook oorred word dat hul lewens verbeter kan word sonder om betrokke te raak by mensehandelaktiwiteite.³⁴⁵ Dit sal veral van toepassing wees waar kinders betrokke raak by kinderhandel met die doel om organe te verwyder aangesien die dryfkrag agter hierdie aktiwiteite dikwels die belofte van betaling aan die slagoffers is. Die aspek met betrekking tot voorkoming van mensehandel loop hand aan hand met die vervolging daarvan. Indien daar voldoende vervolging en straf teen die oortreders uitgeoefen word, sal afskrikking as vorm van voorkoming

342 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 480. Hoewel dit wel die geval is, is dit belangrik dat ander ministers ook betrokke raak in die mensehandel voorkomingsproses om sodoende effektiwiteit op alle vlakke te verseker. 'n Voorbeeld hiervan is die Minister van Gesondheid wat wyses oor hoe om gesondheidsdienste aan slagoffers te voorsien kan aanspreek.

343 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 46. Meer spesifiek word die oorsake van kinderhandel ook nie aangespreek nie. Die skrywer voer aan dat hierdie nalate om voorsiening te maak hiervoor, lei daartoe dat daar geen plan vir uitwissing van die probleem is nie. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 123-124. Die skrywer bevind dat armoede, geslagsdiskriminasie en werkloosheid van die moontlike oorsake van mensehandel kan wees.

344 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 46. Die skrywer bevind dat die hoë vlak van armoede, werkloosheid, gierigheid, geslagsdiskriminasie, kindermishandeling en -misbruik lei daartoe dat slagoffers 'n vergelyking maak met betrekking tot die koste en die voordeel betrokke by mensehandel en dus dikwels die mensehandel as finansiële uitweg sien.

345 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 46. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 125.

van die misdryf aangespreek word asook vervolging teen die vraag en aanbod in terme van mensehandelaktiwiteit.³⁴⁶

Mollema voer aan dat daar ook verskeie organisasies is wat die vervolging van mensehandel aanspreek. Sommige van hierdie organisasies word kortliks bespreek. Die Suid-Afrikaanse regering het in 2003 die *National Intersectoral Trafficking in Persons Task Team* gestig.³⁴⁷ Verder het die *Sexual Offences and Community Affairs* (SOCA) Kantoor 'n Tsireledzani-program geïmplementeer om te help met die nasionale nakoming van die beginsels soos vervat in die Palermo Protokol.³⁴⁸ Die SAPS het ook 'n *Human Trafficking Desk* binne die Georganiseerde Misdaadeenheid, maar min inligting in verband met die ondersoek van mensehandel gevalle deur hierdie organisasie is beskikbaar.³⁴⁹ Die verskeie Suid-Afrikaanse organisasies en nie-regeringsorganisasies word bygestaan deur verskeie internasionale en regionale belanghebbendes byvoorbeeld die ILO, IOM, UNODC, UNICEF, UNIFEM, AU, SADC en SANTAC.³⁵⁰ Alhoewel Suid-Afrika verskeie stelsels en organisasies in plek het om mensehandel te voorkom, is meeste van die hierdie nooit evalueer om te bepaal of dit wel effektief in die bekamping van mensehandel is nie.³⁵¹ Dit is dus moontlik dat die stigting van 'n enkele effektiewe organisasie beter voorkoming van mensehandel kan bewerkstellig aangesien verskeie reeds bestaande organisasies se effektiwiteit onbekend en moeilik bepaalbaar is.

346 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 46. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 125. Hierin bevind die skrywer dat: "perpetrators must be promptly prosecuted and severely punished, to eradicate simultaneously both supply and demand."

347 ECPAT International 2013 http://www.ecpat.net/sites/default/files/a4a_v2_af_s.africa_0.pdf. Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 480.

348 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 480. Hierdie program is daargestel om die kapasiteit te verhoog om sodoende mensehandelprobleme aan te spreek en die netwerk van organisasies wat mensehandel beveg te verbeter.

349 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 480.

350 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 481.

351 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 484. Die gebruik van rapporteringstelsel aan die betrokke ministers kan moontlik gebruik word om te bepaal watter huidige stelsels help in die voorkoming van mensehandel.

b) Vervolging

Die tweede aspek is die vervolging van oortreders. Die *Trafficking Act* spreek nie gespesialiseerde opleiding van persone wat spesifiek die slagoffers van mensehandel help en gespesialiseerde vervolging van oortreders aan nie.³⁵² Dit is belangrik dat state gespesialiseerde persone het wat spesifiek mensehandel vervolgingsaspekte hanteer veral omdat dit eers onlangs as misdryf deur wetgewing in Suid-Afrika erken is. Sodoende kan die unieke aard van die misdryf ten volle verstaan word en kan daar op gepaste wyses daarmee omgegaan word.³⁵³ Gespesialiseerde eenhede kan moontlik geskep word wat spesifiek die slagoffers van kinderhandel behulpsaam is in die rehabiliterings- en repatriasieprosesse.

Nog 'n aspek met betrekking tot die vervolging van mensehandeloortreders wat vreemd is, is die verskil in straftydperke tussen die persoon wat die slagoffer aanbied vir mensehandel in terme van artikel 9 en daardie persone wat die dienste van 'n slagoffer gebruik in terme van artikel 7 van die *Trafficking Act*.³⁵⁴ Alhoewel beide betrokke is by die mensehandelmisdryf deur die aanvraag en aanbod van die slagoffer te bewerkstellig, word die beginsel van gelyke behandeling van die persone betrokke by dieselfde misdryf nie toegepas deur hierdie strafopleggingsbeginsel nie.³⁵⁵ Dit is belangrik dat beide vraag en aanbod uitgeroei word, met die erkenning van die erns van beide aspekte en gelyke vervolging van alle persone daarby betrokke.

352 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 479. Die skrywer bevind dat die vervolgingsgesag opleiding moet kry in terme van mensehandel om sodoende te verseker dat daar geen probleme in terme van die bewysstukke en toelating van laasgenoemde is nie asook die doeltreffende vervolging van die oortreders. Kyk ook Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 45 - 46. Hierin word aangevoer dat daar ook nie aandag gegee is aan die stigting van eenhede wat spesifiek mensehandel hanteer nie. Die waarde van gespesialiseerde personeel lan nie oorbeklemtoon word in mensehandel misdrywe nie. Sien ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 125.

353 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 46. Gespesialiseerde persone spesifiek aangestel met betrekking tot die misdryf sal lei tot beter ondersoek en vervolging van oortreders en minder trauma vir die slagoffers.

354 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 48. Die gebruik van die dienste van 'n slagoffer itv art 7 kan 'n oortreder tot 15 jaar tronkstraf kry waar die persoon wat daardie slagoffer aangebied het vir mensehandelaktiwiteit 'n maksimum van vyf jaar tronkstraf opgelê kan word.

355 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 48. Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 128.

c) **Beskerming**

Die laaste aspek met betrekking tot die *Trafficking Act* is die mate van beskerming wat dit aan kinderhandelslagoffers bied. Die Verenigde Nasies het sewe maatreëls uiteengesit met betrekking tot beskerming van kinderhandelslagoffers.³⁵⁶ Eerstens moet slagoffers vinnig geïdentifiseer word om te voorkom dat hulle vervolgt word en maatreëls moet ook daargestel word om die kinderhandelslagoffers se belange en regte te beskerm gedurende elke fase van die kriminele en siviele verrigtinge.³⁵⁷ Daarna moet daar ook aandag gegee word aan die privaatheid en identiteit van die kinderhandelslagoffers om te verseker dat hul identiteit nie bekend gemaak word nie asook die fasilitering van die opsporing van die kind se familieledede in die gevalle waar die kind nie begelei is nie.³⁵⁸ Verder moet die kinderhandelslagoffers se sorg ook in ag geneem word wanneer dit nie moontlik is dat die kind terugkeer na die land van herkoms nie en hierdie sorg moet gespesialiseerd wees met die toepaslike ondersteuning asook gespesialiseerde personeel wat hierdie sorg en ondersteuning fasiliteer.³⁵⁹

In terme van die bogenoemde beginsels blyk dit dat die *Trafficking Act* aan sommige van hierdie maatreëls voldoen en sommige daarvan nie. In terme van die eerste aspek maak die *Trafficking Act* voorsiening vir die identifisering van kinderhandelslagoffers asook die stappe wat in hierdie gevalle geneem moet word, maar daar word nie voorsiening gemaak vir die nie-vervolging van sulke slagoffers nie.³⁶⁰ Die identiteit van die slagoffer word ook nie beskerm spesifiek deur die *Trafficking Act* nie en bevat ook geen bepalinge vir gespesialiseerde sorg of

356 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 48 – 49. Kyk ook United Nations High Commissioner for Human Rights (2002) *Recommended Principles and Guidelines and Human Trafficking. Addendum to the Report of the UN High Commissioner for Human Rights to the Economic and Social Council*, UN document E/2002/68/Add.1, 20 May 2002

357 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 48.

358 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 48.

359 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 48 – 49. Hierdie toepaslike sorg sluit onder andere fisiese, sielkundige, regs-, opvoedkundige en huishoudelike ondersteuning in. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 130. Kyk ook Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 485. Hierdie skrywer bevind dat trauma-berading noodsaaklik is vir mensehandelslagoffers. Die nodige dienste aan slagoffers word nie deur Suid-Afrika aangebied nie wat ook gesien kan word as 'n probleem in die beskerming met betrekking tot mensehandel.

360 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 49. Kyk ook art 18 van die *Trafficking Act*. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 128.

gespesialiseerde personeel nie.³⁶¹ Daar kan ook aangevoer word dat bepalings met betrekking tot die aanstelling van 'n tydelike voog en regsverteenvoerding moontlik nodig sal wees vir kinderhandelslagoffers en selfs hierdie aspek nie deur die *Trafficking Act* reguleer word nie.³⁶² Wat wel deur die *Trafficking Act* aangespreek word is die repatriasie van die kind indien daar ondersoek na die kind se veiligheid gedoen is gedurende die repatriasieproses, wat dus voldoen aan die beskerming van die kind se belange volgens die bogenoemde beginsel. Daar word egter geen voorsiening gemaak vir die oorgang van die kind in Suid-Afrika of die oorgang van 'n Suid-Afrikaanse kinderhandelslagoffer terug in Suid-Afrika nie.³⁶³ Die *Trafficking Act* maak verder voorsiening daarvoor dat mensehandelslagoffers 'n besoekersvisum kan kry in terme van die *Immigrasie Wet* tydens die herstellings- en besinningsperiode waarin daar in hierdie tydperk ook ondersoeke in terme van die misdryf, met of sonder die hulp van die slagoffer, gedoen word.³⁶⁴

Mollema³⁶⁵ bevind dat Suid-Afrika 'n wetstoepassing-gesentreerde benadering met betrekking tot mensehandel volg en alhoewel hierdie benadering effektief is om misdade te bekamp indien dit geskoei is op die aanname dat die strawwe as 'n afskrikkingsmeganisme dien, sal daar beperkte afskrikking wees indien daar slegs op hierdie benadering staatgemaak word.³⁶⁶ Dit is dus belangrik dat daar nie slegs op een van die bogenoemde aspekte gefokus word nie maar dat wetgewing rakende mensehandel spesifiek die voorkoming en vervolging van mensehandeloortreders insluit asook die toepaslike beskerming van mensehandelslagoffers.

361 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 130. Daar word egter voorsiening in die *Trafficking Act* gemaak vir gesondheidsorgdienste aan kinderhandelslagoffers. Kyk ook art 21 van die *Trafficking Act*.

362 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 49. Die skrywer voer aan dat sonder die nodige regsverteenvoerding die regte hierin moeilik sal wees vir kinders om af te dwing. Kyk ook Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 129.

363 Horn *South Africa's legal compliance with its International obligations in respect of child Trafficking* 129-130. Daar word egter voorsiening gemaak dat aan die kind bystand verleen word om aansoek te doen vir asiel.

364 Art 15 van die *Trafficking Act*.

365 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 492. Deur slegs 'n afskrikkingsdoel na te streef sal ook geensins bydra tot die voorkoming en vervolging van oortreders nie.

366 Mollema *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* 492. Deur slegs 'n afskrikkingsdoel na te streef sal ook geensins bydra tot die voorkoming en vervolging van oortreders nie.

In terme van die bogenoemde bespreking van die *Trafficking Act* kan daar gesê word dat hierdie wet uiteengesit is met die regte oogmerke as uitgangspunt veral in die nakoming van Suid-Afrika se internasionale en regionale verpligtinge. Die *Trafficking Act* het egter sommige areas van kommer en aspekte wat nie ten volle uiteengesit is in die wet nie, soos byvoorbeeld die uitsluiting van die oorsake van mensehandel wat daartoe lei ly dat dit slegs as 'n ekonomiese misdryf gesien word.³⁶⁷ Daar word verder voorsiening gemaak daarvoor dat die oortreder tronkstraf kan vermy deur vergoeding aan die slagoffer en staat te betaal wat die erns van mensehandel onderskat.³⁶⁸ Die geleentheid om oortreders te straf vir die betrokkenheid by elke faset van die misdryf word ook nie bevredig deur die *Trafficking Act* nie aangesien daar nie dieselfde straf vir oortreders is wat die kinderhandel aanvra en daardie een wat dit voorsien nie.³⁶⁹ Hierdie aspekte kan aangespreek word deur 'n twee-gaffel benadering van die regering te vereis, wat behels dat die oortreders verantwoordelik gehou word vir die misdade wat hulle pleeg in terme van strawwe wat die gruwelike aard van die misdrywe weerspieël en ook gelyktydig die unieke behoeftes van die slagoffers aanspreek.³⁷⁰

4 Gevolgtrekking

Suid-Afrika huisves tans 'n hoë aanvraag na en skrale aanbod van organe aan persone wat orgaanbehoefstig is. Die laasgenoemde lei daartoe dat daar 'n groot tekort is aan organe wat aan sulke behoefstige persone verskaf kan word. Dit het weer op sy beurt daartoe gelei dat onwettige wyses opgeneem is om aan die hoë aanvraag te voldoen wat ondermeer mensehandelaktiwiteite insluit. Hierdie aktiwiteite is nie slegs deur individue onderneem nie maar het selfs so ontwikkel dat georganiseerde groepe gevorm is om mensehandelaktiwiteite te ontwikkel in 'n wêreldwye industrie.

Weens kinders se posisie van kwesbaarheid, word kinders dikwels geteiken in die proses van orgaanvoorsiening aan behoefstige persone. Daar word gevolglik gereeld met kinders gehandel vir doeleindes om hul organe te verwyder. Hierdie aktiwiteite

367 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 50.

368 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 50.

369 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 50.

370 Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa* 50.

veroorzaak die eksploitasie en misbruik van kinders vir finansiële gewin. Soos hierbo bespreek is die ekonomiese aspek nie die enigste dryfkrag agter die misdryf nie maar kinderhandel vir die doel om organe te verwyder is meestal 'n ekonomiese misdryf. Hierdie misdryf word dikwels op 'n georganiseerde wyse uitgevoer met verkeie rolspelers wat verseker dat die proses met betrekking tot werwing en vervoer van die slagoffer asook verskaffing van die slagoffer om organe te verwyder vlot verloop van die begin tot die einde van die proses.

In terme van die verskeie internasionale en regionale instrumente, word Suid-Afrika deur die ratifisering van hierdie instrumente verplig om die probleem met betrekking tot mensehandel en sodoende ook kinderhandel op 'n nasionale vlak aan te spreek deur wetgewing te implementeer wat ook probleme uniek tot die land aanspreek byvoorbeeld gedwonge huwelike. Alhoewel Suid-Afrika reeds verskillende tipes wetgewing het wat elkeen deels die regulering van mensehandel aangespreek het byvoorbeeld die *Kinderwet, Nasionale Gesondheidswet en Wet op Gesinsgeweld* was daar steeds 'n plig op Suid-Afrika om wetgewing te implementeer wat spesifiek die probleme met betrekking tot mensehandel aanspreek.

Die *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* is vervolgens deur Suid-Afrika geïmplementeer in 2013. Die uiteindelijke oorhoofse doel agter die wetgewing, is om die misdryf as geheel te bestry. In die bogenoemde studie is die *Trafficking Act* kortliks uiteengesit en geanaliseer in terme van Suid-Afrika se internasionale en regionale verpligtinge asook in kontras met die nasionale raamwerk wat bestaan het voor die implementering van die *Trafficking Act*.

Die *Trafficking Act* kriminaliseer ondermeer mensehandel en in die studie is die definisie daarvan asook die definisie van eksploitasie ondersoek met inagneming van die Palermo Protokol. Verskeie ander handeling wat dikwels gelyktydig plaasvind saam met die misdryf is ook aangespreek en word ook deur die *Trafficking Act* gekriminaliseer. Verdere bepalings rakende die voorkoming van mensehandel, vervolging van die oortreders en beskerming van die slagoffers is ook uiteengesit in hierdie wet om te voldoen aan die holistiese benadering van die *Trafficking Act* naamlik die voldoening aan die benadering met betrekking tot die drie "p's" (*prevention, prosecution en protection*).

Alhoewel die implementering van probleem-spesifieke wetgewing ongetwyfeld 'n stap in die regte rigting was vir Suid-Afrika, is die *Trafficking Act* nie bo kritiek verhewe nie. Aangesien die *Trafficking Act* die eerste wetgewing van sy soort in Suid-Afrika is, asook die tekort aan ander ooreenstemmende nasionale wetgewing, spreek dit nie alle toepaslike aspekte met betrekking tot mensehandel en veral kinderhandel aan nie. Daar is verskeie skrywers se kommentaar uiteengesit in hierdie studie wat onder andere aandui dat, alhoewel daar aan die internasionale en regionale verpligtinge voldoen is, is die wetgewing gebrekkig daarin dat dit nie die nodige voorkomings-, vervolgings- en beskermingsaspekte aanspreek nie. Daar word aangevoer dat die verskeie tekortkominge van die *Trafficking Act* aangespreek moet word deur regulasies tot die *Trafficking Act* en dat ontwikkelende regspraak ook die beskerming van kinderhandelsslaggoffers, voorkoming van kinderhandel asook vervolging van kinderhandelaars sal aanspreek. Daar moet egter ook in ag geneem word dat die kriminalisering van mensehandel nie die probleem gaan oplos nie, aangesien die oorsake nie aangespreek word nie. Dit is dus nodig dat aspekte soos armoede ook aangespreek moet word wat gelyktydig moet plaasvind met die toepassing van die *Trafficking Act*. In terme van hierdie studie moet die probleem in terme van orgaantekorte ook aangespreek word aangesien dit die dryfveer agter die kinderhandelaktiwiteite vir die doel om organe te verwyder is. Dus moet die aanvraag na sowel as die aanbod van organe aangespreek word.

Een van die tekortkominge van die *Trafficking Act* soos hierbo genoem was die behoefte aan gespesialiseerde sorg asook voorsorgmaatreëls in terme van kinderslagoffers wat veral kwesbaar is vir mishandeling en eksploitasie. Hierdie gespesialiseerde sorg sluit byvoorbeeld die stigting van gespesialiseerde eenhede in wat bystand verleen in die identifisering, rehabilitering en uitlewering van kinderhandelsslaggoffers. In hierdie studie is Suid-Afrika se ekstra-territorialiteit ook aangespreek asook die moontlikheid dat die mensehandelaktiwiteite vervolg kan word selfs al word dit nie oor grense heen gepleeg nie en slegs binne die grense van Suid-Afrika. So ook word die draers wat slagoffers vervoer en verskaf deur die *Trafficking Act* aangespreek en kan sulke persone ook aanspreeklik gehou word en 'n boete of tronkstraf opgelê word vir daardie persone se betrokkenheid by die misdaad. Hierdie kan gesien word as 'n verbetering van die beginsels soos vervat in die Palermo Protokol.

Verder is die beskerming wat daar aan slagoffers gebied word ook bespreek in hierdie studie en sluit onder andere die beskerming van slagoffers se identiteit, die ondersoek na her-viktimisering van slagoffers indien uitlewering plaasvind asook die voorsiening vir skadevergoedingseise aan die slagoffers betaalbaar deur die oortreders. Die summiere deportasie van slagoffers verseker ook dat die slagoffers nie bloot teruggeplaas word in die situasie waarvandaan die slagoffer in die eerste plek geneem is vir mensehandelingsaktiwiteite nie. Die samewerking van slagoffers in terme van die vervolgingsproses is ook uiteengesit hierbo en kan behulpsaam wees vir die slagoffer in terme van die aansoek vir tydelike of permanente verblyf in Suid-Afrika.

Moontlike oplossings met betrekking tot mensehandel sluit in dat daar 'n nasionale organisasie geskep word wat onderworpe aan jaarlikse verslae aan die betrokke regeringsentiteit en ondersoek na die effektiwiteit van die organisasie behels. Hierdie organisasie behoort bestuur te word deur gespesialiseerde personeel wat opleiding ontvang het met betrekking tot voorkomingsmeganismes, vervolging van oortreders tesame met byvoorbeeld die SAPD asook die beskerming van slagoffers in die vervolgingsproses asook daarna.

Die doel van hierdie studie was om die raamwerk te bepaal waarbinne die onwettige handel in kinderorgane in Suid-Afrika gereguleer word en te bepaal tot watter mate dit voldoende beskerming aan kinders bied. Ten einde te bepaal of wetgewing voldoende beskerming bied aan die aangewese persone, moet beide die voordele van daardie wetgewing en die kritiek daarteen bestudeer word. Kruger bevind soos volg met betrekking tot Suid-Afrika se regsraamwerk met betrekking tot mensehandel:³⁷¹

A strong national legal framework around trafficking is widely recognized as the founding and scaffolding of an adequate and appropriate criminal justice response.

Dit is dus van belang dat die *Trafficking Act* verder ontwikkel, verander en verfyn word om sodoende die bogenoemde tekortkominge aan te spreek om doeltreffende en effektiewe bekamping van mensehandel te verseker.

371 Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective* 590.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

Behrens 2013 *Acta Criminologica: South African Journal of Criminology*

Behrens C “Challenges in investigating and preventing “muti”-related offences in South Africa” 2013 *Acta Criminologica: South African Journal of Criminology* 1-17

Burchell *Principles of Criminal Law*

Burchell J *Principles of Criminal Law* 3rd ed (Juta Kaapstad 2005)

Goredema (ed) *Organised Crime in South Africa* (Institute for Security Studies Pretoria 2001)

Goredema C (ed) *Organised Crime in South Africa: Assessing Legislation* (Institute for Security Studies Pretoria 2001)

Horn *South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* 43

Horn W *South Africa’s legal compliance with its International obligations in respect of child trafficking* (LLM-dissertation North-West University, Potchefstroom Campus 2009)

Howard, Cornell en Cochran 2012 *Progress in Transplantation*

Howard RJ, Cornell DL en Cochran L “History of deceased organ donation, transplantation, and organ procurement organizations” *Progress in Transplantation* 6-16

Leong 2004 *Journal of Money Laundering Control*

Leong AVM "Definitional Analysis: The War on Terror and Organised Crime"
2004 *Journal of Money Laundering Control* 19-36.

Kreston 2007 *Child Abuse in South Africa*

Kreston SS "Trafficking in Children in South Africa: An analysis of pending
legislation" 2007 *Child Abuse in South Africa* 35-50.

Kruger *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective*

Kruger HB *Combating Human Trafficking: A South African Legal Perspective*
(LLD-Thesis University of the Free State 2010)

Kruger en Oosthuizen 2012 *PER*

Kruger HB en Oosthuizen H " South Africa – Safe haven for human
traffickers? Employing the arsenal of existing law to combat human trafficking"
2012 *PER* 283-343.

Kruger en Oosthuizen 2011 *Child Abuse Research: A South African Journal*

Kruger en Oosthuizen "Looking behind the mask of confusion: Towards a
better understanding of human trafficking" 2011 *Child Abuse Research: A
South African Journal* 45-65.

McQuoid-Mason 2012 *SAMJ*

McQuoid-Mason D 2012 "Human tissue and organ transplant provisions:
Chapter 8 of the National Health Act and its Regulations, in effect from March
2012 – what doctors must know" *South African Medical Journal* 733-735.

Mollema *Combating human trafficking in South Africa: a comparative legal study*

Mollema N *Combating human trafficking in South Africa: A comparative legal study* (LLD-Thesis University of South Africa 2013)

Mnguni en Muller 2009 *Law, Democracy & Development*

Mnguni L en Muller J “The principle of legality in constitutional matters with reference to *Masiya v Director of Public Prosecutions and Others* 2007 (5) SA 30 (CC)” 2009 *Law, Democracy & Development* 112 - 117

Nicolaides en Smith 2012 *Medical Technology South Africa*

Nicolaides A en Smith A 2012 “The problem of medical tourism and organ trafficking” *Medical Technology South Africa* 33-38

Pepper 2012 *SAMJ*

Pepper MS “Partial relief from the regulatory vacuum involving human tissues through enactment of chapter 8 of the National Health Act and regulations thereto” *South African Medical Journal* 736-737

Slabbert 2008 *Koers*

Slabbert M “Combat organ trafficking - Reward the donor or regulate sales” 2008 *Koers* 75-99

Slabbert, Mnyoungani en Goolam 2011 *Koers*

Slabbert M, Mnyoungani FD en Goolam N “Law, religion and organ transplant” 2011 *Koers* 261 - 282

Slabbert en Oosthuizen 2011 *Obiter*

Slabbert M en Oosthuizen H “ The payment for an organ and the admission of guilt by a South African hospital” 2011 *Obiter* 740-746

Stein 2013 *PER*

Stein T “Constitutional Socio-Economic Rights and International Law: You are not alone” 2013 *PER* 13-30

UNICEF *Combating Child Trafficking*

UNICEF *Combating Child Trafficking: Handbook for Parliamentarians* (Inter-Parliamentary Union and UNICEF 2005)

Watson *Organised Crime of Organ Trafficking*

Watson C *Organised Crime of Organ Trafficking* (LLM-dissertation University of Free State 2006)

Regspraak

Fletcher v Fletcher 1948 1 SA 130 (A)

Government of South Africa v Grootboom 2001 1 SA 46 (KH)

National Director of Public Prosecutions v Mohamed NO 2003 (4) SA 1 (CC)

S v Makwanyane 1995 3 SA 391 (KH)

State v Netcare Kwa-Zulu Natal (Pty) Ltd saaknommer 41/1804/2010 (KZN)
(ongerapporteerde beslissing)

State v Samuel Ziegler saaknommer 41/1816/2010 (KZN) (ongerapporteerde beslissing)

Wetgewing en regeringspublikasies

Children's Act 38 van 2005

Child Care Act 74 van 1983

Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996

Identification Act 68 van 1997

Immigrasie Wet 13 van 2002

Nasionale Gesondheidswet 61 van 2003

Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

The Prevention and Combatting of Corrupt Activities Act 12 van 2004

The Prevention and Combating of Trafficking in Persons Bill 7 van 2010

The Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013

Wet op Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000

Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998

Wet op Getuiebeskerming 112 van 1998

Wet op Internasionale Samewerking in Strafregtelike Aangeleenthede 75 van 1996

Wet op Intimidasie 72 van 1982

Wet op Menslike Weefsel 65 van 1983

Wet op Oproerige Byeenkomste 17 van 1956

Wet op Uitlewering 67 van 1962

Wet op Vluchteling 130 van 1998

Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998

Gen Not 61 in GG 32906 of 29 January 2010

Gen Not 431 in GG 32222 of 8 May 2009

Gen Not 545 in GG 36715 of 29 July 2013

Prok R12 in GG 33076 van 1 April 2010

Internasionale Instrumente

International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (1966)

International Covenant on Civil and Political Rights (1966)

Optional Protocol to the Convention on the Rights of the Child on the Sale of Children, Child Prostitution and Child Pornography (2000)

Rome Statute of the International Criminal Court (1998)

United Nations Convention on the Rights of the Child (1989)

United Nations Convention against Transnational Organised Crime (2000)

Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, especially Woman and Children, Supplementing the United National Convention against Transnational Organised Crime (2000)

United Nations High Commissioner for Human Rights (2002) *Recommended Principles and Guidelines and Human Trafficking. Addendum to the Report of the UN High Commissioner for Human Rights to the Economic and Social Council*, UN document E/2002/68/Add.1, 20 May 2002

Regionale Instrumente

African Charter on the Rights and Welfare of the Child (1990)

African Charter on Human and Peoples' Rights (1981)

Internetbronne

African Union 2013 *List of Contries which have Signed, Ratified/Acceded to the African Charter on Human and Peoples' Rights*
<http://www.au.int/en/sites/default/files/African%20Charter%20on%20Human%20and%20Peoples'%20Rights.pdf> [Datum van gebruik: 16 Augustus 2014]

Cape Gateway 2010 *Chris Barnard Performs World's First Heart Transplant*
<http://www.westerncape.gov.za/general-publication/chris-barnard-performs-worlds-first-heart-transplant> [Datum van gebruik: 20 September 2013]

Durst A 1997 *An overview on organ transplantation*
<https://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Judaism/OrganOverview.pdf> [Datum van gebruik: 20 September 2013]

ECPAT International 2013 *Global Monitoring status of action against commercial sexual exploitation of children*
http://www.ecpat.net/sites/default/files/a4a_v2_af_s.africa_0.pdf [Datum van gebruik: 25 October 2014]

Hamman M 2011 *A Tangled Web: Human Trafficking, Child Protection and the Media* http://www.mediamonitoringafrica.org/index.php/resources/entry/a_tangled_web_human_trafficking_child_protection_the_media/ [Datum van Gebruik: 8 Oktober 2013]

Mangena I (for SAHRC) 2012 *SAHRC welcomes cabinet's decision to allow for the ratification of the International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (ICESCR)* <http://www.sahrc.org.za/home/index.php?ipkArticleID=141> [Datum van gebruik 13 Oktober 2013]

Motala AC 2006 Celebrating Two Decades of the African Charter on Human and Peoples' Rights <http://www.csvr.org.za/index.php/media-articles/latest-csvr-in-the-media/2210-celebrating-two-decades-of-the-african-charter-on-human-and-peoples-rights.html> [Datum van gebruik: 16 Augustus 2014]

Musculoskeletal Transplant Foundation Datum Onbekend *History of Organ and Tissue Transplant* http://www.mtf.org/news_history_of_transplantation.html [Datum van gebruik: 20 September 2013]

Nations Treaty Collection Datum onbekend *Rome Statute of the International Criminal Court* http://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=XVIII-10&chapter=18&lang=en [Datum van gebruik: 22 Oktober 2013]

Nelson Mandela Metropolitan University Datum onbekend *Organ Donation: The gift of life* <http://campushealth.nmmu.ac.za/Health-information/Organ-donation> [Datum van gebruik: 20 September 2013]

Organ Donor Foundation 2013 *Organ donor statistics* <http://www.odf.org.za/2013-06-11-09-17-45/statistics.html> [Datum van gebruik: 20 September 2013]

Organ Donor Foundation 2013 *Frequently asked questions* <http://www.odf.org.za/2013-06-11-09-17-45/faq.html> [Datum van gebruik: 8 Oktober 2013]

Organ Donor Foundation 2013 *Transplant Statistics* <https://www.odf.org.za/2013-06-11-09-17-45/statistics.html> [Datum van gebruik 13 Oktober 2013]

Public Broadcasting Service Datum Onbekend *People and Discoveries: First successful kidney transplant performed*
<http://www.pbs.org/wgbh/aso/databank/entries/dm54ki.html> [Datum van gebruik: 20 September 2013]

The Presidency 2013 *President Jacob Zuma signs into law the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Bill*
<http://www.info.gov.za/speech/DynamicAction?pageid=461&sid=38366&tid=114758>
[Datum van gebruik: 12 Oktober 2013]

Simpson MA 2012 *A history of transplants*
<http://m.news24.com/health24/Medical/Heart/Heart-transplants/A-history-of-transplants-20120721> [Datum van gebruik: 20 September 2013]

UNICEF 2012 *Child protection from violence, exploitation and abuse: child trafficking*
http://www.unicef.org/protection/57929_58005.html [datum van gebruik: 6 Junie 2013]

UNGIFT Datum onbekend *Trafficking for organ trade*
<http://www.ungift.org/knowledgehub/en/about/trafficking-for-organ-trade.html> [Datum van gebruik: 17 Mei 2013]

United Nations General Assembly 2010 *The Rome Statute of the International Criminal Court* <http://www.refworld.org/docid/3ae6b3a84.html> [Datum van gebruik: 22 Oktober 2013]

World Health Organization 2003 *Report Madrid, Spain on Ethics, access and safety in tissue and organ transplantation: Issues of global concern*
http://www.who.int/transplantation/en/Madrid_Report.pdf [Datum van gebruik: 4 Julie 2013]

South Africa Law Reform Discussion Papers

SALRC project 131 in Discussion Paper 111 “Trafficking in Persons” van 30 Junie 2006

Verklaring

**Hiermee verklaar ek, Louisemarié Combrink
taalversorger en vertaler**

dat ek verantwoordelik is vir die taalversorging van die skripsie deur

**Anchané Botha
met die titel**

**'n Analise van die regsraamwerk vir die regulering van onwettige handel in
kinderorgane in Suid-Afrika**

12 November 2014